# Vrye Weekblad

30 AUGUSTUS - 5 SEPTEMBER 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)




*Die lewe agter tralies*

# EETSTAKERS: OP DIE RAND VAN DIE DOOD

**Durf dokters eetstakers laat sterf? ● Genieë is dalk die kluts kwyt ● Só onverdraagsaam is SA ● Daar's 'n virus in jou slapskyf ● Die NP se grondwet-plan is op die tafel ● Litaue, Estland, Sloewenië, Boerestaat...**

# INHOUD


**4** Eetstaking: Britse Boer dalk die eerste martelaar
Piet 'Skiet' Rudolph vertel hoe kwyn mens weg
Die sielkunde agter honger-protes
**5** Eetstaking: Moet dokters ingryp?
Laat hulle vry, sê Mandela
**7** Vier 'polisie-agente' sê hulle het 23 vermoor
Polisie reageer op berig oor ver-regses
**8** Samelewing: 'Bevry ons tog van Farao'
**9** Mense: Is genieë met die maan gepla?
**10** Politiek: Ons onverdraagsame Suid-Afrika
**12** Tegnologie: Wat skuil daar in jou slapskyf?
**14** NP se grondwetvoorstelle:
G'n verskuilde agenda, sê Stoffel
ANC is agterdogtig
**15** NP se grondwetvoorstelle: Verwelkom dit, sê Wiechers
NP-riglyne sal aanvaar moet word, sê Slabbert
**16** Sowjetunie: Keerpunt van die eeu?
**19** Prison gangs: A different order
**20** Tronkbendes: Jy hou jou by jou werk
**22** Dié week se TV-programme
**23** Elmari Rautenbach se TV-rubriek
**24** Sport: Tinus Horn se sportrubriek
**25** Sport: 'n Swart vuis vir geregtigheid
**26** Boeke: Die macho malaise van Suid-Amerika
**27** Menings: Geloofspraatjies deur Gerrie Lubbe
Greentalk by Mike Kantey
**28** Opera: 'n Spel tussen lig en donker
**29** Films: Die ewige kringloop tussen fiksie en werklikheid
**30** Kleinadvertensies
**31** Rubrieke: Lanse en Drake deur Tim en Matt Sandham
Lospraatjies deur Fanie Olivier
**32** Lucille Gillwald: 'n Blêrrie brandende braambos
**34** Peiling oor verkragting en seksuele aggressie
**38** Beplan jou naweek saam met die kenners
**39** Nettie Pikeur skryf oor piekniek in die reën



VWB

DIE NUUSTYDSKRIF


Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
**Politieke korrespondent:** Hennie Serfontein
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Audrey Brown, Pearlie Joubert, Laetitia Pople (Kuns), Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
**Sportredakteur:** Tinus Horn
**Fotograawe:** Rodger Bosch, Kate Thornycroft
**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Cathy Fennessy
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu.
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R1,95 plus 25 sent AVB. Dit kos R110 (AVB en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter by (011) 836 2151.


# VRYDAGOGGEND

## Litaue, Slowenië, Eritrea - so wat van 'n Boerestaat?


max du preez

PRAAT politiek met enige regse deesdae en hy/sy sal êrens in die gesprek praat van die Baltiese state wat van die Sowjetunie wil afskei, of van Slowenië en Kroasië wat onafhanklik van Joego-Slawië wil wees. Nou hoe kan die regering en die ANC dan nou wil hê ons Boere moet in 'n Nuwe Suid-Afrika in 'n eenheidstaat gedwing word saam met ander etniese groepe en volke terwyl die hele internasionale tendensie na die ander kant toe loop?

En dan gaan hy/sy nog uit die VVO-Handves aanhaal dat "die beginsel van selfbeskikking" van volke of nasies gerespekteer moet word.

Ons moet ophou om vir regses te lag as hulle dié argument gebruik. Dit is nie heeltemal so absurd nie. Ons moet die meriete daarvan begin aanspreek.

In Mei vanjaar het die noordelike provinsie van Ethiopië, Eritrea, afgestig en hulself outonoom verklaar. Alle aanduidings is dat die internasionale gemeenskap binnekort die soewereiniteit van Eritrea as 'n onafhanklike staat gaan aanvaar - Amerika se amptelike standpunt is dat hulle Eritrea sal erken as die meeste inwoners dit wil hê.

Die laaste week het 'n hele aantal state die onafhanklikheidsverklaring van Litaue, Estland en Letland erken en nóg gaan waarskynlik volg.

Toe die Kroasiërs en die Slowene gesê het hulle wil wegbreek, het die Weste half sku daarop gereageer. Toe die bomme begin val en die bloed begin vloei, toe verander die Weste se deuntjie en nou begin dit lyk asof die afskeidingsaksies tog gekondoneer gaan word.

En dan is daar natuurlik die Koerde in Iran, Irak en Turkye, die Tamils in Sri Lanka, die Baske in Spanje, die Quebecois van Kanada en ander groepe.

Watter maatstawwe gebruik die internasionale gemeenskap wanneer hulle besluit om 'n afskeidingsaksie van 'n stam of 'n etniese of taalgroep goed of af te keur?

Partykeer, so lyk dit, is die kriterium dat dit 'n "volk" of 'n "nasie" moet wees. Maar wat beteken dit presies? Is dit taal, herkoms, kultuur of grondgebied, of 'n kombinasie van dié faktore? En wat dan van byvoorbeeld die nie-Kroate in Kroasië en die nie-Slowene in Slowenië? Eritrea self het nege etniese groepe, nege verskillende tale en die land is verdeel tussen Moslems en Christene.

As dit 'n gemeenskaplike taal, herkoms en kultuur is, dan het die Spaanssprekende meerderheid van Miami seker ook 'n reg om te kan afskei?

As dit "volk" is wat gebruik word, dan moet die regse Afrikaners sekerlik 'n sterk argument hê.

As dit geskiedkundige aansprake is, dan het die afstammelinge van die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat ook sterk argumente. Maar as historiese argumente goed genoeg is, sal byna elke grens in die wêreld oorgetrek moet word.

Ekonomiese selfstandigheid, grootte van grondgebied of getalle kan ook nie regtig gebruik word as maatstawwe nie, want dan van arm lande soos Burkina Faso, piepklein state soos Luxemburg en getal arme state soos Namibia?

As ons kyk na die reaksie van die internasionale gemeenskap op onlangse gebeure soos in Eritrea, Joego-Slawië en die Sowjetunie, dan wil dit al lyk asof 'n vermoë om oorlog te maak en baie bloed te stort 'n sterk invloed het op wat ook al die oorwegings is vir wanneer 'n afskeidingsaksie erken moet word al dan nie.

# BRIEWE

### DIT LYK OF VAN ECK REG WAS

**Vusi Ngwenya van Kaapstad skryf:**
Wes-Kaapland moes die afgelope twee maande toekyk hoe twee taxi-verenigings oorlog maak en die gemeenskappe van Guguletu, Langa, Nyanga en Khayelitsha daarby betrek. Sestien mense is al in die konflik dood, waaronder twee voorste gemeenskapsleiers.

'n Mens was eers geneig om die oorsaak van die konflik af te maak as gierigheid of geldsug. Maar twee faktore dui op iets anders.

Eerstens: die sluipmoordaanvalle op Pro Jack en Michael Mapangwana het selfs gewone ongepolitiseerde mense in die Kaap geskok. Die manier waarop hulle afgemaai is - gesiglose moordenaars met balaclavas - het kenmerke gehad van die soort moorde op politieke aktiviste wat sedert die tagtigerjare gereeld in Transvaal en Natal voorkom.

Tweedens: daar was geen groot verbasing toe Inkatha namens een van die partye begin praat het nie. Op 16 Junie lees ek in 'n Kaapse oggendblad dat George Shuttlewath, Inkatha-woordvoerder gesê het die konflik het "die elemente van 'n botsing tussen Inkatha en die ANC". Dat mnr SJ Langalitsele, 'n ere-voorsitter van WECBTA - die organisasie wat grotendeels vir die geweld geblameer word - nou in Durban skuil, en 'n voormalige Inkatha-organiseerder was. Dit laat 'n mens sekere ooglopende gevolgtrekkings maak.

Onlangs moes ek in VWB lees hoe Jan van Eck (DP-LP, Claremont) waarsku dat die politieke geweld van Natal en die Rand Kaap toe sal verskuif. Dit blyk waar te word.

### THE CREATION OF POSITIVES

**Debby Abrahams of Bez Valley writes:**
The inherent richness of South Africa makes for the creation of a great new civilization in this part of the world.

While the bastions of suppression and oppression are being hauled down as the months go by, the potential future looks brighter and brighter. But the elimination of the negatives must be replaced by the creation of positives. The realities of tomorrow start with the dreams of today.

This is the place for the artist. Have any artists taken on this role of emissary of the new culture? Are writers, actors and others seizing the opportunity to paint a future South Africa of which we can all be proud? I do not think so, at least not to the degree that they should be doing so. During the years of the struggle, there was always the Market Theatre and other fringe theatre in the vanguard on demanding reform.

The artist's essential role was well summarised by author, humanitarian and artist, L Ron Hubbard, who said: "A Culture is only as great as it's dreams are dreamed by artists ... if the industry and commerce and material projects of a nation are carried on the backs of a few able, desperate men, then the honour and the glory of that society is carried and enhanced by the artist."

The stage is set and the artists of South Africa must now take their cue.

### 'N DOSIS SELFONDERSOEK

**LJ du Plessis van Pietermaritzburg skryf:**
As Afrikaner wat aan my eie dosis selfondersoek onderwerpe is, vra ek myself heel dikwels die vraag of TerreBlanche, Treurnicht, Hartzenberg et al werklik hul beleid baseer op haat teenoor ander en of hul maar net 'n verwronge (vanuit die gematigde oogpunt beskou) sin van nasionalisme openbaar.

Volgens dr Treurnicht is daar 'n wesenlike verskil tussen die "haatdraende gesindheid van 'n onbekeerde mens, en weerstand teen 'n saamdwing

Dit bring 'n mens weer by die regse Boere uit.
Sekerlik het dié lot nou bewys dat hulle 'n potensiaal het om geweld en terreur te saai en die nie-rassige, vreedsame ideale van 'n nuwe, verenigde Suid-Afrika ernstig te ondermyn? (Is dit nie ironies nie dat ná jare se dramatiese eetstakings van aktiviste en revolusionêre dit regse wittes is wat die eerste keer bereid is om tot die dood toe te weier om te eet?)
Dit help nie veel om te sê dat dit immoreel is om met geweldpleging afgedreig te word nie. Daar is vele kontemporêre voorbeelde wat uitspel dat dit die realiteit in die praktiese politiek vandag is.
Ek dink dit moet nou al duidelik wees dat daar genoeg rede is om minstens die voorstel van 'n volkstaat, Boerestaat of wit tuisland op die onderhandelingstafel te sit wanneer die toekoms van Suid-Afrika bepaal word.
Dit beteken in die eerste plek dat die Konserwatiewe Party, die AWB en ander ver-regses hul voorstelle soos beskaafde mense sal moet formuleer en met die ANC, die PAC, Inkatha en die Nasionale Party in gesprek sal moet tree. Van die meer ernstige ver-regse groepies het reeds met die ANC gesels, maar dit is die demagoë soos Treurnicht, Hartzenberg en TerreBlanche wat nog met die hand op die Bybel sweer hulle sal nooit met die ANC praat nie.
Nie dat ek dink die voorstel sal deur 'n grondwetskrywende vergadering of 'n veelpartykonferensie aanvaar word nie. Maar ek is seker die blote feit dat daaroor onderhandel word, sal 'n groter begrip vir regse vrese en aspirasies by die swart onderhandelgenote bring, en natuurlik vice versa.
En 'n mens sal natuurlik nie seker weet of 'n voorstel aanvaarbaar is al dan nie as 'n mens dit nie op die tafel lê nie.
Een van die belangrikste redes waarom die swart onderhandelaars uiters traag sal wees om 'n voorstel van 'n wit tuisland te aanvaar, is die naakte rassisme van die KP, die AWB en ander. As dié partye 'n saak kon bou as 'n groep met 'n sterk eie identiteit wat bloot sterk voel daaroor dat hulle op hul eie wil woon en hulself wil regeer eerder as dat hulle eenkant wil wees omdat hulle nie van kaffers hou nie, dan sou hul saak veel sterker gewees het.
Aan die ander kant is rassisme en etniese vooroordeel 'n werklikheid regoor die wêreld en selfs in die huidige Baltiese state en Joego-Slawië is dit sterk motiverings vir afskeiding.
'n Ander voorwaarde vir enige moontlike sukses van 'n voorstel vir 'n wit tuisland is natuurlik dat dit nie te ambisieus moet wees nie. 'n Herstel van die ou Boererepublieke, byvoorbeeld, is kinderagtige pypdrome. Ek dink enigiets meer ambisieus as Carel Boshoff se planne vir 'n staat in die Noord-Kaap sal bloot uitgelag word. En dáár is natuurlik 'n uiters netelige probleem van ou, gevestigde bruin grondregte in Namakwaland en die Richtersveld wat bitter moeilik ongedaan gemaak kan word.
Myns insiens sal so 'n wit tuisland se belangrikste waarde 'n sielkundige een wees, want alle regses sal tog nie daar kan gaan bly nie. Aartskonserwatiewes, regsgesindes en etniese fundamentaliste sal kan voel dat daar 'n uitkomkans is; dat hulle êrens het om heen te vlug as die Nuwe Suid-Afrika met sy oorwegend swart regering vir hulle te veel word - al kan hulle net 'n Wit Kersfees gaan hou elke jaar.
Dit kan dalk net daarin slaag om die ergste regse wit aggressie te ontlont.

---

van mense, rassegroepe en volke wat in hul ongelyksoortigheid nie saamgedwing wil wees nie."
Dit wil vir my al voorkom asof teologie, soos in die verlede met die Afrikaner, steeds 'n sentrale rol speel by die beleidsbepaling van regse groeperinge, nieteenstaande dr Treurnicht se versekering "daar is nie 'n teologie of ideologie van apartheid nie. Maar daar is 'n geldige beroep op wat die Skrif openbaar as 'n verordening van God, naamlik die verdeling van die mense in volke in bepaalde gebiede."
Dit kom dus vir my voor dat, ondanks die feit dat ek nie met hulle saamstem nie, die regses wel dít wat hulle as beleid beoefen, baseer op dít wat hulle as die "verordening van God" beskou, en derhalwe oor 'n geldige (maar debatteerbare) redenasie beskik.
As Afrikaner wat grootgeword het tydens die Verwoerd/Vorster/Botha-era en homself onderworpe gevind het aan die Christelik-Nasionale Onderwysstelsel, verstaan ek waarom daar mense is wat glo soos wat dr Treurnicht glo. Ek het self die pad geloop van indoktrinasie onder hierdie onderwysstelsel. Ek het ook geglo dat die Afrikaner die "nuwe Israel" is en dat ons hier aan die suidpunt van Afrika geplaas is met die eerbare doel om "fakkeldraers vir God" te wees.
Dit is die taak van elkeen in hierdie land vir wie vreedsame naasbestaan 'n saak van erns is, om hierdie probleem aan te spreek. Ons kan nie bekostig dat 'n hele sektor van ons land se mense verlore gaan as gevolg van 'n anachronistiese denkpatroon nie. Juis omdat dit verkeerd is, is dit ons taak om te sorg dat bona fide politieke partye wat hulself skuldig maak aan ongeldige rassepolitiek deur middel van logiese debat tot nuwe insigte gebring word. Deur oorlog te verklaar op dr Treurnicht sal op 'n ronde nul uitloop. Deur hom aan te vat op die wyse waarop hy en sy ondersteuners hul politieke oogmerke wil bereik, sal, myns insiens, 'n groter mate van sukses verseker.
Daar is egter ander groepe wat met wortel en tak uit ons samelewing verwyder moet word: die AWB, die Boerestaatparty en die Boere Weerstandsbeweging, en hul tientalle splintergroepe.
My taal, tradisies en kultuur is besig om deur die AWB gekaap te word ten einde TerreBlanche se veragtelike oogmerke van Nasionaal-Sosialisme te verseker.
Die KP veral moet lig loop. Hulle heul met 'n organisasie wat die potensiaal besit om die Afrikaner as volk ernstige skade aan te doen. Dit help nie dat Treurnicht aanhou hamer op FW de Klerk se "oorgawe aan die ANC/SAKP alliansie" nie, want soos almal weet, is Marxisme 'n ideologie van die verlede. Die SAKP met sy (hoogstens) vyftig duisend oortuigde aanhangers sal 'n natuurlike einde tegemoetgaan met die eerste demokratiese verkiesing. Die AWB daarteenoor moet soos 'n bloedvint uitgedruk word.
Die AWB is, myns insiens, 'n spul uitgevrete kinders wat vasgevat behoort te word. Die gevaar lê egter nie by die gepeupel wat onder TerreBlanche se invloed is nie, maar by die "leier" self. As die kop van die adder afgesny word sal die adder hopelik sterf. Deur TerreBlanche te ontmasker as die gevaarlike fanatikus wat hy is, sal hopelik van sy volgelinge se oë laat oopgaan.

*(Brief ingrypend verkort - red.)*

---

*Vrye Weekblad* plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:

**VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.**




# SO SÊ HULLE

"Dit is bitter swaar. Ons weet ons mag nie huil nie - nie voor hulle nie."
*Heather van Schalkwyk en Karin Maritz, oor die verslegtende toestande van hul mans wat op eetstaking is.*

"I am a citizen of South Africa but confused. I do not understand the media and have given up trying to understand politicians a long time ago."
*'Black Boer' of Lebowakgomo.*

"As politiekery nie Suid-Afrika se hertoelating tot die Mej Wêreldwedstryd verongeluk nie, dan kan ons sommer vanjaar al ons derde Mej Wêreld oplewer."
*Anneline Kriel-Tucker.*

"I've always believed in unity for unity's sake."
*Mick Winn, President of the SA Road Running Association after the lifting of the international moratorium on this sport.*

"Gaan die regering net vir 18 maande werkgeleenthede verskaf? Wat gebeur daarna?"
*Adele van Dobsonville oor die regering se plan om R1 miljard rand aan sosiale en ekonomiese opheffing te bestee.*

"Things can't be too bad if I can still direct-dial the States."
An American tourist in Russia during the putsch.


"'n Soort losskrum het onstaan, met my drie vriende onder."
*John Diboll, oor 'n geveg wat in 'n kroeg uitgebreek het tussen sy vriende, WP-ondersteuners, en Transvaal rugby-spelers.*

"First you get cold feet, then your backbone dissolves."
*Comedian Yakov Smirnov on the symptoms of 'Russian flu' - a new kind of malady that infected the leaders of the putsch.*

"Die enigste plek waar dit vir regeringsleiers veilig is om in die openbaar te verskyn, is in die buiteland. In Suid-Afrika kan NP-leiers dit nie met veiligheid doen nie."
*Andries Beyers, sekretaris van die Konserwatiewe Party.*

"What is it about August, anyway?"
*Amerikaanse president Goerge Bush, oor die talle onderbrekings in sy vakansie weens wêreldkrisisse.*

# 'Britse Boer' dalk die eerste regse martelaar




**Dit lyk of Henry Martin, 'n Britse burger, die eerste martelaar kan word wat sterf vir die regse saak. Hy en twee ander regses is in kritieke toestand ná 'n weke lange eetstaking. Maar wie ís die mense en wat sê hul vriende en vroue oor dié eetstaking-tot-die-dood? PEARLIE JOUBERT het gaan vra**

KAREN MARITZ, Adrian Maritz se Engelse vrou, staan in haar jeans, swart trui en met 'n groot donkerbril voor die HF Verwoerd-hospitaal. Sy toon geen emosie nie en skop teen die motorwiel waarteen sy leun.

"Polities ondersteun ek nie my man nie," sê sy beslis en loer onder haar sonbril na die regses wat rondstaan in hul kakie-uniforms met boerestaat-vlae.

Vandag (Vrydag) is Martin, die "Britse Boer", reeds op die 54e dag van sy eetstaking, Maritz op sy 46e dag en dr Lood van Schalkwyk op sy 39e dag.

Martin kan nie meer praat nie, hy skei baie bloed af en sy liggaam kan nie meer vloeistof hou nie. Van Schalkwyk is aan 'n drup gekoppel wat sy hart stabiliseer, maar geen voedingstowwe bevat nie. Maar dié drie het weke gelede 'n eed tot die dood gesluit dat hulle met die eetstaking sal volhard totdat hulle politieke vrywaring ontvang.

Die Staatspresident, FW de Klerk het Woensdag, ná beraadslaging met die kabinet, besluit om nié politieke vrywaring aan die eetstakers te gee nie omdat hul oortredings buite die riglyne van 'n polities gemotiveerde misdaad val. 'n Aanklag van moord is teen hulle ingebring weens 'n bomontploffing by 'n rekenaarmaatskappy in Durban, asook 12 aanklagte van poging tot moord ná 'n bomontploffing by 'n taxi-staanplek in Pretoria.

Van Schalkwyk, wat reeds drie hartaanvalle tydens die eetstaking gehad het, se toestand is ernstig. Maritz is oënskynlik nog die sterkste van die drie.

"My man lyk sleg en ek stel nie in politiek belang nie," sê Karen. Sy sê haar man is op 'n eetstaking want hy wil "dieselfde behandeling as die ANC hê - dis al. Hulle wil soos ANC-lede behandel word," sê sy.

En omdat hulle 'n onafhanklike Boerestaat wil hê? "Dit sal jy vir hom self moet vra. Ek weet nie. Ek stem polities nie met hom saam nie en hy weet dit, maar as 'n individu ondersteun ek hom. Ek is mos getroud met hom," benadruk sy. "Ek is nie werklik verras oor hy sy lewe in gevaar stel nie. Hy is so..."

Dis egter duidelik Karen weet nie veel van die politiek wat haar man motiveer nie. "Ek het geen begrip vir dié goed nie," sê sy.

En sal jy, indien jou man in 'n koma ingaan, opdrag gee vir mediese behandeling en binne-aarse voeding?

"Ek kan dit nie voorsien nie. Hy het 'n brief geskryf waarin hy duidelik sê dat indien hulle nie politieke vrywarring ontvang nie, hulle onder geen omstandighede aan die lewe gehou wil word nie. That's it..."

Maar hoekom weier jou man en die ander regses om mediese behandeling te ontvang?


"My man en die ander regses het nie mediese behandeling geweier tot op 17 Augustus nie. Op daardie tydstip het hulle uitgevind die toetse wat op hulle gedoen word, is vervals - van toe af het hulle behandeling geweier," lees Karen van 'n stukkie papier af.

Volgens die prokureur-generaal (PG) was daar teen Woensdag nog geen amptelike borgaansoek tot die hof gerig nie en sou die PG bereid wees om enige borgaansoek te ondersteun op streng voorwaardes wat behoorlike regspleging verseker.

"Die moontlike verkryging van borgtog is dus nou in die hande van die beskuldigdes self," lui die PG se verklaring. Volgens die drie se prokureur, Wim Cornelius, weier sy kliënte om vir borgtog aansoek te doen omdat hul misdade polities van aard was. Hy het ook gesê dat sy kliënte nou tot die dood met hul eetstaking sal voortgaan.

Heather van Schalkwyk, die vrou van dr Lood van Schalkwyk, het Woensdag gesê dit gaan "baie sleg" met haar man. "Maar ek wil niks sê nie. Hulle kan beswaarlik nog praat. As hulle vrygelaat word, sal alles vertel word."

Karen Maritz was teen Woensdagmiddag die eerste keer merkbaar ontsteld oor haar man se toestand. "Ek wil hom nie verlaat nie. Dit gaan baie sleg."



## 'Jy voel soos 'n pap battery'

"DAE het langsaam verbygesleep. Stadig maar seker het die hongergreep gebreek. Traagsaam gekwyn toe vryheidsdrang ten hemel skryn."

Piet "Skiet" Rudolph, stigterslid van die Orde Boerevolk en AWB-leier wat self vroeër dertig dae lank op 'n eetstaking was, het dié gediggie geskryf op die vyftiende dag van sy eetstaking.

"Die eerste agt dae is hel. Mens dink aan kos en jou liggaam werk met alle mag teen jou intellektuele besluit om nié te eet nie. Maar na die agtste dag het ek my eetlus verloor, het die naarheid, duisligheid en krampe ook minder geraak en het die gees die oorhand geneem. Van daardie oomblik af word mens net sterker en jou oortuiging word belangriker as jou liggaam se eise," vertel Rudolph gister in 'n onderhoud.

"Die eerste paar dae gaan ook die stadigste verby. Jou dae bestaan uit die sonsopkoms en -ondergang, uit die drie etes wat jy elke dag nie eet nie. Dit is hel. Alles pyn - jou kop, jou maag, jou ledemate. Maar dan hou dit op of mens voel dit net nie meer nie."

Volgens Rudolph het hy in die tweede week van die eetstaking baie helder terugflitse na sy verlede begin ervaar. "In die twintigste dag het ek ongelooflik onvergenoegd en verlate begin voel. Jy beweeg stadig, kan nie konsentreer op wat mense vir jou sê nie, hoor slegter en jou oë raak dof.

"Dit is seker soos 'n pap battery wat 'n rukkie in die son lê. Soms is daar bietjie krag en mens kan sien en beweeg, maar dit hou nie lank nie."

Rudolph sê sy verstand was wonderlik helder. "Ek het allerhande dinge duidelik in perspektief gesien. My kop was net vol van die saak waarvoor ek op 'n eetstaking was. Dié ideale word meer en meer suiwer en reg."

Volgens hom gaan mense op 'n eetstaking omdat mens so magteloos binne die sel voel. "Jy sit daar en al wat jy kan doen, is om jou liggaam as 'n wapen te gebruik omdat jy rebels raak." Hy sê dokters begin in die eerste week toetse doen en probeer hul mense afraai om met die eetstaking voort te gaan. "Maar dan is jy alreeds skoon bedonnerd omdat die stryd allesomvattend is."

Rudolph, wat in een stadium tot 31 kilogram van sy oorspronklike gewig verloor het, sê gedagtes aan die naderende dood neem al hoe meer toe en mens ervaar net gelate alles wat gebeur - "selfs die dood". "Maar een ding bly suiwer - jou ideaal en motivering."

Rudolph sê egter ook dat mens vanaf die twintigste dag baie moeilik van besluit kan verander "omdat dit al is wat deur jou kop gaan. Martelaarskap speel op die ou einde nie 'n baie belangrik rol nie. Daar is iets in die volharding by 'n eetstaker om vir mense te wys dat jy kán, dat jy werklik sterk voel oor iets - 'n gevoel van: kyk julle donners, nou sal julle sien wie ek is, maar later verdwyn dit." Volgens hom hou die drang om te lewe egter nooit op nie, hoewel hy nie so lank soos Henry Martin of Adriaan Maritz op 'n eetstaking was nie.

## Die sielkunde van eetstakings

WAT motiveer mense om rasioneel besluite te neem wat hul dood kan beteken? Sielkundiges en psigiaters verskil oor die motiverings van die drie regse eetstakers. Hulle stem saam 'n bepaalde persoonlikheid is tot dié soort selfvernietinging geneig. Mense wat besluit om op 'n eetstaking tot die dood toe te gaan, het 'n blindelingse geloof in hul saak. Daar is egter verskillende redes waarom mense hul lewens in eie hande neem.

'n Johannesburgse sielkundige sê persoonlike gewin, " 'n wil om 'n held te wees en onthou te word in die geskiedenis", kan 'n baie belangrike motivering wees.

"Dit kan ook wees dat 'n mens wat tot sulke uiterstes gaan eintlik in homself twyfel. 'n Eetstaking tot die dood toe kompenseer dan vir iets wat ontbreek.

"Eetstakers is idealistiese mense. Hul ideale raak 'n obsessie en oorskadu alles," sê 'n senior Durbanse psigiater. "Dit is juis die obsessiewe aard van hul persoonlikhede wat hulle in die finale oomblikke laat aanhou met die aanvanklike besluit."

Groepsdruk speel ook 'n belangrike rol. "Indien net 'n enkele mens in 'n saak glo en niemand stem daarmee saam nie, sal só 'n mens baie selde radikale besluite oor hul eie lewe neem," sê die Johannesburgse sielkundige.

"Die wil om te behoort tot en aanvaar te word deur 'n groep, is baie belangrik vir sekere mense. Ek dink dié eetstakers is op 'n sekere tydstip as helde deur 'n groep regses voorgehou. Dit het druk op hulle geplaas om aan te hou en selfs 'n verpligting aan hulle opgelê om voort te gaan met hul aksies."

Volgens dié sielkundige meen die mense dat hulle hul makkers in die steek sal laat as hulle afsien van die eetstaking. Dit wil hulle tot elke prys vermy.

Bepaalde politieke en sosiale omstandighede speel ook 'n belangrike rol: "In 'n oop en vry gemeenskap sal mense nie so maklik op 'n eetstaking-tot-die-dood gaan nie. Reaksionêre en radikale sosiale en politieke omstandighede maak eetstakings, wat abnormale menslike gedrag en 'n radikale besluit is, baie makliker as normale omstandighede." Volgens die sielkundige word martelaarskap en heldedom in so 'n konteks belangrik.


'n Ervare kliniese sielkundige van Kaapstad meen mense se motivering om oorlog te maak stem ooreen met die motivering om op 'n eetstaking te gaan. "In 'n oorlogsituasie kan jy sterf - en so ook met 'n lang eetstaking. Die laasgenoemde mense is gewoonlik veel meer emosioneel."

*'As die regering lyke wil hê, sal ons vir hulle lyke gee'*

# Moet dokters ingryp by 'n **eetstaking?**

Durf 'n dokter toekyk hoe sy pasiënt sy eie lewe neem? Het 'n mens die reg om rasioneel te besluit dat jy wil doodgaan vir 'n politieke ideaal? Kan iemand wat al meer as 50 dae nie eet nie, nog rasionele besluite neem? Dit is die vrae wat rondom die huidige regse eetstaking ontstaan.

**PEARLIE JOUBERT** doen verslag



Henry Martin, die Engelse Boer wat met die langste eetstaking in Suid-Afrika se geskiedenis besig is. (Foto: Saturday Star.)

SOMMIGE regsgeleerdes meen dat dokters in die moeilikheid kan beland indien hulle besluit om iemand teen sy wil mediese behandeling te gee. Ander sê weer dit is geen regsvraagstuk nie, eerder 'n medies-etiese een: hoe kan 'n dokter aangekla word as hy iemand se lewe wou red?

Medici weer sit met 'n morele krisis. Aan die een kant is daar die Eed van Hippokrates wat hulle verplig om te alle tye menselewens te probeer red. Aan die ander kant is daar die Tokyo-verklaring, wat al in 1975 opgestel is deur die Verenigde Nasies en deur Suid-Afrika onderskryf word, waarvolgens 'n dokter die wense van iemand moet respekteer wat 'n rasionele besluit geneem het om geen kos te eet nie.

Indien 'n gevangene vrywillig weier om te eet én 'n dokter meen die gevangene was voor die eetstaking in staat om 'n rasionele besluit te neem oor die gevolge van só 'n besluit, mag hy of sy nie kunsmatig gevoed word nie, lui dié verklaring. Die besluit oor die gevangene se vermoë om dié besluit te neem, moet bevestig word deur minstens een ander mediese dokter en die dokter moet die mediese gevolge van die weiering om te eet aan die gevangene verduidelik.

Volgens die Suid-Afrikaanse gemenereg is selfmoord egter 'n misdaad. 'n Suid-Afrikaanse dokter sê die Tokyo-verklaring verlig geensins die morele probleme wat die pasiënte se dokter in die gesig staar nie. Is die eetstakers besig om selfmoord te pleeg of nie? Indien wel, sou die dokters wat in opdrag weier om hulle medies te behandel, medepligtig kan wees aan selfmoord? En sou die regses se ondersteuners, wat hulle aanmoedig om met die eetstaking aan te hou, as medepligtiges gesien kan word? En is elke mens wat niks doen om dié mense se lewe te probeer bewaar nie, medepligtig aan selfmoord? Is daar nie 'n analogie met 'n dokter wat versuim om iemand te keer wat by 'n gebou probeer afspring nie?

"Indien 'n individu in 'n rasionele oomblik 'n besluit neem om sy lewe en gesondheid in sy eie hande te neem, het die dokter geen reg om teen sy pasiënt se wens in op te tree nie," sê 'n Kaapse dokter.

Volgens dié dokter het 'n pasiënt die volste reg om 'n dokter krimineel weens aanranding aan te kla, indien hy teen sy wens aan die lewe gehou word deur die dokter se ingryping. "Ten spyte van die eed van Hippokrates is dit steeds problematies. Indien ek moes sê dat individue nie self 'n besluit oor hul lewens kon neem nie, sou ek ook moes sê dat mense nie oorlog kon maak nie omdat die kanse dat dié mense doodgeskiet sal word, baie goed is," sê die dokter.

Volgens hom is die probleem by die eetstakers veel groter omdat hul aksies polities gemotiveer is. "Wat 'n dokter ook al doen of nié doen nie, kan gesien word as 'n polities onvriendelike daad. Ek persoonlik sou egter nie teen die laaste wens van my pasiënt optree nie. As 'n kanker-pasiënt besluit om nie medikasie te ontvang nie of 'n eetstaker besluit om nie aan die lewe gehou te word indien nie aan sy eise voldoen word nie, en die pasiënt gaan in 'n koma, het ek geen reg om teen dié wens in te gaan nie."

Alle dokters stem egter nie saam nie. 'n Dokter van Johannesburg sê as 'n mens besluit om tot die dood toe niks te eet nie en dié mens gaan in 'n koma en is nie meer in staat om die besluit te heroorweeg nie, het 'n dokter die plig om in te gryp en die mens aan die lewe te hou. "Die Eed van Hippokrates vereis dit van my," sê dié dokter.

Die Johannesburgse menseregte-prokureur Nicholas Haysom meen die probleme met dié kwessie ontstaan wanneer 'n mens nie meer in staat is om sy of haar besluite te heroorweeg en rasionele keuses te doen nie. Volgens hom kan 'n mens se besluit "dalk" net tot niet gemaak word wanneer dié mens nie meer rasionele besluite kan neem nie, en 'n eggenoot ingryp.

"Oor die algemeen is ek simpatiek teenoor die Verklaring van Tokyo. Ek sê dit egter nie met baie oortuiging nie. As 'n mens se bedoeling van die begin af was om voort te gaan met iets wat sy lewe kan kos, moet dit gerespekteer word. Maar die morele probleem van die dokter bly steeds onduidelik," sê Haysom.

Allan Dobson, 'n menseregte-prokureur van Kaapstad, sê 'n dokter se versuim om op te tree wanneer iemand besig is om dood te gaan, kan lei tot die kriminele vervolging van dié dokter. Of 'n dokter egter vervolg kan word indien hy teen sy pasiënt se wil mediese behandeling verskaf, is nie duidelik nie.

"'n Pasiënt wat nié behandel wil word nie, sou kon argumenteer dat die dokter hom aangerand het deur hom in te spuit - maar 'n dokter sou beslis 'n verweer teen só 'n klag hê," sê Dobson.

"Aanranding is die onregmatige toepassing van dwang sonder dié mens se toestemming. Om te sê 'n inspuiting is dwang of onwettig, sou wees om die wet te rek tot sy uiterste, maar dit sou seker moontlik wees."

Volgens hom sou die dokter se verweer wees om te argumenteer dat hy genoodsaak was om op te tree. Dobson sê die Eed van Hippokrates is eerder 'n etiese dilemma as 'n regsvraagstuk vir 'n dokter - "en dit plaas die dokter onder geweldige druk".

## Laat hulle vry, sê Mandela

Die president van die ANC, Nelson Mandela, sê dié organisasie is teleurgesteld omdat Staatspresident FW de Klerk geweier het om die drie ver-regse eetstakers van vervolging te vrywaar en hul sodoende van die dood te red.


"Hierdie saak moet op só manier besleg word dat dit kan bydra tot 'n beter verstandhouding tussen alle Suid-Afrikaners. Bloot om menslike redes behoort die drie mans onmiddellik vrygelaat te word," het Mandela gesê.

Die ANC-leier sê dat die regering se reaksie op die eetstaking onwillkeurig die vraag laat ontstaan of die regering die optrede van sy veiligheidsmagte ten alle koste wil onderdruk.

Mandela het daarop gewys dat die drie mans gesê het dat hulle vir beide Militêre Inligting en die Nasionale Intelligensiediens gewerk het. De Klerk het tydens sy perskonferensie oor Inkhatagate 'n persoonlike onderneming gegee om mense wat met inligting oor die betrokkenheid van die veiligheidsmagte by geweld na vore kom, te beskerm.

"Dit is daarom noodsaaklik dat De Klerk sy belofte gestand moet doen, die persoonlike veiligheid van die mans moet verseker en hulle vrywaring van vervolging moet verleen.

"Die ANC het herhaaldelik gevra dat diegene wat betrokke was by geheime optredes van die veiligheidsmagte of kennis daarvan het, vrywaring van vervolging verleen moet word indien hulle bereid is om daarmee na vore te kom," sê Mandela.




**AS JY 'N ONDERNEMING BESIT, EN NOG KOPKRAP OOR BTW:**

**KNIP DIE GESUKKEL KORT.**

Hulp is byderhand. In die vorm van GRATIS BTW-SEMINARE.
As jy dus advies benodig, knip hierdie advertensie uit en skakel jou plaaslike Ontvanger van Inkomste. Bespreek jou plek vir lesings wat die volgende vrae sal beantwoord:

**LESING 1: 'N ALGEMENE OORSIG EN DIE IMPLIKASIES VIR KLEIN ONDERNEMINGS.**
Wat is BTW? Hoe werk dit? Waarom? Wie word daardeur geraak? Hoe?

**LESING 2: REGISTRASIEPROSEDURE.**
Wie moet registreer? Kan klein ondernemings vrywillig registreer? Wanneer moet daar geregistreer word? Hoe word die aansoekvorm (BTW101) ingevul? Wat is die registrasieprosedure? Hoe word die koderingslys geïnterpreteer?

**LESING 3: HEFFING VAN BTW.**
Wat is 'n voorsiening? Wat is goedere en dienste? Wat is die waarde van 'n voorsiening? Wat is die tyd van 'n voorsiening? Wat is die belastingtydperk? Op watter rekeningkundige grondslag word BTW bereken? (Faktuur/betalingsgrondslag.)

**LESING 4: HOE OM DIE BTW-OPGAWE IN TE VUL.**
Die BTW 201. Hoe verskil dit van ander opgawes? Hoe word uitsetbelasting bereken? Hoe word insetbelasting bereken? Wanneer geskied jou terugbetaling vir die hoeveelheid insetbelasting wat jou uitsetbelasting oorskry?

**LESING 5: BTW BOEKHOUVEREISTES EN ADMINISTRASIEPROSEDURE.**
Hoe hou jy boek van BTW transaksies? Hoe lyk 'n belastingfaktuur? Wanneer word dit uitgereik? Hoe lyk 'n debiet- en kredietnota? Wanneer word dit uitgereik? Watter veranderings moet jy in jou boekhoustelsel aanbring ten opsigte van debiteur- en krediteurstelsels? Wanneer moet die verkoper die Ontvanger van Inkomste in kennis stel?

**LESING 6: OMSKAKELING EN AKSIESTAPPE.**
Hoe word voorraad gehanteer? Hoe word huurkontrakte deur BTW beïnvloed? Hoe word dienste gehanteer? Hoe word verkoopbelastingaanpassings gehanteer? Hoe word ongeregistreerde verkopers deur BTW beïnvloed?

Onthou, BTW tree op 30 September in werking – maak dus nou werk daarvan.

*B*TW. 'N BETER BELASTING VIR 'N BETER SUID-AFRIKA.

HUNT LASCARIS TBWA 108043

# Vier 'polisie-agente' sê hulle het 23 vermoor

**VWB het verlede week berig dat die groep vermeende staatsagente wat twee weke gelede uit ANC-kampe na Suid-Afrika teruggekeer het, die moordenaars van Victoria Mxenge, Cassius Make en Joe Gqabi ingesluit het. JACQUES PAUW kyk na wat se inligting die ANC se intelligensieleêrs oor vier van die terugkerendes bevat**

VIER vermeende Suid-Afrikaanse agente wat deur die ANC uit sy aanhoudingskampe na Suid-Afrika teruggekeer het, het in verklarings aan die ANC erken dat hul as polisie-agente altesame 23 anti-apartheidsaktiviste vermoor het.

Een van die aktiviste, Raymond Bongani Malinga, het gesê dat hy sy bekentenis onder marteling gemaak, maar nie ontken dat hy 'n Suid-Afrikaanse agent was nie. Die ANC ontken dat enige van die vier agente se bekentenisse onder druk gemaak is.

Malinga, 'n Natalse tegnikus en gewese lid van Inkatha, sê in sy handgeskrewe verklaring aan die ANC dat hy in Maart 1985 deur kaptein Craig Swanepoel van die veiligheidspolisie in Durban as agent gewerf is en daarna in intelligensie-insameling en veiligheidswerk opgelei is.

In Augustus 1985, sê Malinga, was hy een van die moordenaars wat die menseregteprokureur Victoria Mxenge by haar huis in Durban vermoor het. "Ek was die persoon wat haar kop met die byl oopgekap het," sê hy in sy verklaring. Hy was daarna een van 'n groep mans wat op die roubeklaers by die begrafnis geskiet het.

Malinga erken verder dat hy ses ander mense in Natal vermoor het. Van sy slagoffers het hy geskiet en doodgesteek, terwyl een met 'n kar omgery is.

Vir die moorde wat hy gepleeg het, sê Malinga, is hy R27 500 betaal.

Malinga is deur die ANC in Botswana gevang nadat Swanepoel hom gestuur het om dié organisasie te infiltreer. Hy is onder meer opdrag gegee om guerrillas se kos in ANC-kampe in Angola en Tanzanië te vergiftig.

Malinga was een van die terugkerendes wat 'n "ooreenkoms" tussen die vermeende agente en die ANC verbreek het in onderhoude vertel het van sy marteling deur die ANC. Hy het gesê hy is ná sy inhegtenisneming in die kampe met ysterstawe, fietskettings en doringdraad geslaan en gedwing om sekere bekentenisse te maak.

Een van Malinga se beweerde mede-agente, Alpheus Kheswa, het beweer dat hy ook wreed deur die ANC aangerand en gedwing is om 'n bekentenis te maak. In sy bekentenis sê Kheswa dat hy in Februarie 1986 deur 'n kaptein Brooks van die veiligheidspolisie gewerf is en twee maande opleiding ontvang het.

Hy erken dat hy twee mense vergiftig het en drie aktiviste tydens 'n busstaking in Tibali in Natal vermoor het. Hy is in Mei 1987 deur die ANC in hegtenis geneem terwyl hy dié organisasie in die buiteland probeer infiltreer het.

Samuel Mpho Motjoadi sê in sy verklaring aan die ANC dat hy in Julie 1985 verantwoordelik was vir die dood van drie aktiviste in Duduza aan die Oos-Rand toe 'n "booby-trapped" handgranaat in hul hande ontplof het. Motjoadi het hom as 'n ANC-guerilla voorgedoen.

Motjoadi, wat die MK-naam "Boapane" gebruik het, is in Januarie 1984 deur luit John Stone van die veiligheidspolisie gewerf en het onder meer op die South African Students' Organisation en die UDF gespioeneer. Hy het onder meer anti-UDF-pamflette versprei terwyl hy Azapo-kleure gedra het. Hy het ook ANC-gesinde organisasies in Lesotho geïnfiltreer. In dié tyd is sowat 30 ANC-ondersteuners in Lesotho dood.

Motjoadi is ook gevang toe hy die ANC probeer infiltreer het en is in Dakawa in Tanzanië aangehou. Hy het ook erken dat hy naas die jeugdiges by Duduza, verskeie ander mense vermoor het, onder andere Mpumelelo Mpendu, oom van die bekende Oos-Kaapse aktivis Mkuseli Jack. Dié moord is gepleeg uit onder meer weerwraak omdat Jack hom uit Pebco geskors het.

Hy sê in sy verklaring dat hy ook verantwoordelik was vir brandstigting by huise van verskeie aktiviste, onder meer die huis van die joernalis Mono Badela.

Motjoadi het sy bekentenis gemaak aan 'n veiligheidsoffisier van die ANC, Jackie Mabuza, wat in 1989 in 'n hospitaal in Harare dood is nadat hy vergiftig is. VWB verneem dat die Suid-Afrikaanse agent wat erken het dat hy Mabuza vermoor het, tans by die Verenigde Volke se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge in Lusaka skuil.

Patrick Dlongwana is in 1977 vir die eerste keer in hegtenis geneem terwyl hy teen die dood van die swart bewussynsleier Steve Biko betoog het. Hy is in 1980 vir die tweede keer in hegtenis geneem weens ANC-bedrywighede, is oorreed om staatsgetuie te word en het kort daarna vir die veiligheidspolisie begin werk.

Hy het in opdrag van 'n kolonel Van Rooyen van die veiligheidspolisie in 1981 'n organisasie met die naam Roots in die Oos-Kaap gestig wat die ANC beveg het. Hy ook die ANC in Lesotho geïnfiltreer waar hy foto's van deurgangshuise moes neem.

Dlongwana het in Desember 1982 deelgeneem aan Suid-Afrika se militêre inval in Lesotho waartydens 42 mense dood is. Sy polisie-toelaag is hierna van R150 tot R200 per maand verhoog.

Hy is in 1983 deur sy polisie-hanteerders na Lesotho gestuur om hom by die ANC aan te sluit en inligting oor dié organisasie aan sy hanteerders terug te stuur. Hy het ná drie maande na Suid-Afrika teruggekeer waar hy op Ladybrand deur 'n kaptein Du Plessis van die veiligheidspolisie op Port Elizabeth ingewag is. Hy was hierna by verskeie voorvalle van brandstigting en moord betrokke.

Dlongwana is in Oktober 1986 na Botswana gestuur waar hy kort daarna deur die ANC in hegtenis geneem is.

Dlongwana het op sy beurt gesê dat hy met 'n ysterstaaf geslaan is, warm water of tee op hom uitgegooi is, hy in 'n nat sel moes slaap en rooimiere op sy kop uitgegooi is. Hy het ook beweer dat lede van die ANC se veiligheidsdepartement probeer het om hom te vermoor. Hy is gedreig dat hy kan kies om óf 'n bekentenis te maak óf te sterf.

Die polisie het reeds in sy kommentaar gesê dat dit nie sy beleid is om informante te identifiseer nie, maar dat hy kennis geneem het van die persone wat genoem word en dat daar in die loop van 'n ondersoek met hulle in verbinding getree sal word.

Intussen het die ANC oor die naweek weer met die terugkerendes samesprekings gevoer om verskille tussen die twee groepe te besleg. Die terugkerendes se woordvoerder, Joachim Ribeiro de Sousa, het ná die tyd gesê dat 'n groep van sestien besluit het om nie met die media te praat nie, maar dat Malinga, Motjoadi, Kheswa en Dlongwana geweier het om hulle by die ooreenkoms te hou.

De Sousa het gesê dat die groep terugkerendes nou vir hul lewens vrees en het 'n beroep op die ANC gedoen om hul uit te los en hulle nie te probeer vermoor nie.

Motjuadi het gesê hy is nie bereid om deur die ANC stilgemaak te word nie. "Ek is bereid om te sterf as dit moet. Die ANC het ons vernietig en ons gaan nie daaroor stilbly nie," het hy gesê.

## Polisie reageer op berig oor ver-regses

Die SA Polisie het vandeesweek gereageer op verlede week se berig in Vrye Weekblad dat die veiligheidspolisie by minstens een van die terreur-aanslae van die Orde-Boerevolk betrokke was waarin een mens dood is. Die drie ver-regses wat tans op moord teregstaan, is op 'n eetstaking.

**Die polisie sê:** "Die bewering dat die Veiligheidstak by ver-regse terreur betrokke was, is van alle waarheid ontbloot. Die bewering dat 'n bom wat in Oktober 1990 na Durban versend is, in opdrag van die Veiligheidstak vervaardig is, is eweneens ongegrond.

"Die lid van die Mag wat na bewering by die voorval betrokke is, is 'n leerling-speurderkonstabel, verbonde aan die Misdaadondersoekdiens, die voormalige Speurtak. Die lid is intussen geskors en sal as staatsgetuie aangewend word.

"Verdere optrede teen die lid sal eers na afloop van die strafsaak oorweeg kan word.

"Die bewering oor die betrokkenheid van 'n polisie-agent is ook sonder enige substansie.

"Die SA Polisie teken ernstige beswaar aan teen die sensasionele wyse waarop ongesubstansieerde bewerings in die betrokke koerant aangebied is. Die polisie word hier op onbillike wyse benadeel en valslik by kriminele optrede betrek op grond van die beweerde betrokkenheid van 'n enkele lid van die Mag.

"Dit moet in gedagte gehou word dat die saak sub-judice is en dat die polisie aan hierdie reël gebonde is ten opsigte van sy verklarings aan die media."

**Vrye Weekblad antwoord:** Ons het 'n verklaring van die drie ver-regses aangehaal waarin hulle beweer het dat die veiligheidspolisie by die aanslag betrokke was en dat hulle jare lank as agente vir Militêre Inligting en die Nasionale Intelligensiediens gewerk het.

Tydens ons ondersoek het dit verder aan die lig gekom dat 'n polisieman inderdaad by die een ontploffing betrokke was en 'n lid was van die Orde Boerevolk-sel wat die terreur beplan het.

Die polisie het dan ook erken dat klagtes teen 'n polisieman ondersoek is.

Die SAP het verlede week per faks aan VWB bevestig dat die polisieman wat na bewering by die terreur betrokke was, aan die Veiligheidstak verbonde was. Laat Donderdagmiddag, na VWB se saktyd, het 'n polisie-woordvoerder per telefoon laat weet dat hulle 'n "fout" gemaak het en dat die polisieman aan die Misdaadondersoekdiens betrokke was.


Ons vind dit steeds vreemd dat dit eers met VWB se ondersoek was dat die polisie erken het dat klagtes teen 'n polisieman ondersoek word vir sy beweerde betrokkenheid by die voorval. In die voorafgaande maande is geen woord oor die polisieman se betrokkenheid gerep nie. Hoekom nie? Is dit omdat sy pa 'n senior polisie-offisier is?

Feit bly staan: Daar is sterk getuienis dat die Orde Boerevolk-sel sterk bande met die veiligheidsmagte gehad het. Die bom wat die tegnikus in Durban gedood het, was 'n uiters gesofistikeerde toestel wat 'n groot mate van kundigheid vereis het - nie die soort van kundigheid wat mens verwag by óf 'n groep rekenaardeskundiges óf 'n gewone lid van die speurdiens nie.

# 'Bevry ons tog van Farao'

**Vandeesweek is 'n groep oud-Elandsklowers ter elfder ure twee maande uitstel verleen van 'n uitsettingsbevel waarvolgens hulle moet trek van die plaas Allendale, waar hulle al 30 jaar "tydelik" woon. Maar hulle is nog niks nader aan hul hartsbegeerte nie - om terug te keer na Elandskloof, die tuiste wat hullle 30 jaar gelede moes verlaat.**

**CHRISTELLE TERREBLANCHE** doen verslag




Jan Januarie, 75, gemeenskapsleier van Elandskloof, wys hoe loop die pad na die tuiste waarheen hy nie kan terugkeer nie.

ELANDSKLOOF se storie is "die storie van Suid-Afrika", het dr Alan Boesak vandeesmaand op 'n monstervergadering op Citrusdal gesê. Die afstammelinge van vrygekoopte slawe, vandag sowat 140 gesinne, beskou hulself steeds as 'n "gemeenskap" met 'n grondaanspraak - ingevolge die Britse koloniale sendingbeleid - en vervreemd deur apartheid.

Sewentig gesinne is in 1962 van hul kommunale kerkgrond in die Koue Bokkeveld afgegooi nadat die NG Kerk die plaas, Elandskloof, sonder hul medewete aan privaat eienaars verkoop het. Hulle beweer daar is wederregtelik met die titelvoorwaarde van die oorspronklike grondbrief gepeuter, deurdat die klousule - "vir sendingdoeleindes" - op hoogste staatsvlak verwyder is.

"Sedert 1962 is ons soos die Israeliete in Egipte onder die mag van koning Farao," het Jan Januarie, "grootvader" en leier van die gemeenskap op die vergadering gesê. "Ons is swerwelinge, maar ons glo dat ons gebede om hulp verhoor sal word en ons na die beloofde land gelei sal word."

Sowat die helfte van die gesinne is destyds te midde van regerings- en kerk voorwaardes oor 'n ander heenkome tydelik op 'n goedhartige boer se plaas, Allendale, naby Elandskloof huisvesting gebied. Dié "tydelike reëling" sleep nou al byna 30 jaar voort. Nadat die gemeenskap verlede jaar met die politieke klimaatsverandering, veral ná die Rustenburg-belydenis van die NG Kerk, opnuut gemobiliseer het om hul



Sael en Aletta Titus is op Elandskloof gebore en getroud. Hulle wil doodgaan op die plek waar hulle hul kinders grootgemaak het. Dié huis op Allendale is nou al jare lank hul "tydelike" tuiste.

grondeis deur te voer, het die eienaar begin kleinkoppie trek. Hy het hul 'n paar maande gegee om 'n ander heenkome te soek en kragtens die bevel moes hulle môre (Saterdag) die grond ontruim. Danksy bemiddelling deur die Kerk, wat tot dusver niks met die verplaastes te doen wou hê nie, is uitstel nou verleen.

Nou meen die mense die Kerk kom weer nie sy beloftes na nie. Januarie sê die Kerk het twee weke gelede in sy eerste werklike onderhandelings met die gemeenskap, toe 'n gesamentlike kommissie gevorm is, belowe hy sal toesien dat die mense op Allendale mag aanbly totdat 'n langtermynoplossing vir hul dilemma gevind is.

"Die Kerk het ons tyd gemors," sê Booisie Williams, van die Weskus Raad van Kerke (WKRR), wat as beskermheer van die gemeenskap optree. "Die uitstel van twee maande kom neer op 'n ultimatum - want wat kan ons in dié tyd doen om Elandskloof terug te wen nadat ons al 30 jaar sukkel?"

'n Lid van die gesamentlike kommissie, ds Ernst Lombard, verduidelik versigtig dat die kommissie nie gevorm is omdat die Kerk verantwoordelikheid vir die mense aanvaar nie. "Ons het met die mense vergader om vir eers te kyk of ons hulle uitsetting kan keer en op 'n ander vlak om alle moontlikhede te ondersoek om hulle as gemeenskap hervestig te kry. Elandskloof word nie uitgesluit nie."

Maar die gemeenskap hou die kerk verantwoordelik en het al selfs 'n hofsaak teen die NG Kerk oorweeg om hul grond, kerk en skoolgebou terug te kry - "vir ons nageslagte". Boere in die omgewing en inwoners van Citrusdal, die naaste dorp, het intussen 'n groter bewustheid van die kwessie begin opbou en meen dat 'n algehele oplossing die dorp kan baat. Hoewel daar nog meningsverskil bestaan, meen heelparty dat die aangewese oplossing tog 'n soort "terugkoop" van die plaas sal wees.

Die NG Kerk hou vol dat die mense geen werklike aanspraak het nie, dat die plaas sy eiendom was, dat hy dit destyds weens geldelike nood moes verkoop en om die beurt aan die NG Sendingkerk en die Departement van Kleurlingsake te koop aangebied het. Dit is weens "die hoë koste" van die hand gewys.

Volgens 'n regsgeleerde is die aanspraak wel gegrond, maar sal dit uiters moeilik wees om aan die hof te verduidelik waarom 30 jaar gewag is met 'n regsgeding, die politieke omstandighede ten spyt. "Die mense se aanspraak op Elandskloof word gerugsteun deur die bedenklike manier waarop titelvoorwaardes uit die grondbrief verwyder is," sê hy.

Die geskiedenis van Elandskloof - "waar die elande eens wild geloop en die wabome ruig gestaan het" - is eweneens 'n spieëlbeeld van grondbesit die laaste anderhalf eeu in Suid-Afrika.

Volgens dokumente en oorlewering het die NG Kerk die grond in 1861 aangekoop vir die gemeenskap, wat hulle met eiehandig geboude kerk en skool selfversorgend sou maak. In die vroeë negentigerjare van die 19e eeu is koningin Victoria om bykomende grond gevra en nog 2 826 morg omliggende grond is toegestaan, op voorwaarde dat dit net vir sendingdoeleindes aangewend word en dat die mense self die koste van die landmeting betaal. Volgens 'n dossier by die WKRR het die gemeenskap selfversorgend geboer, hoewel sommige op plase gewerk het om hul inkomste aan te vul. Almal was NG Kerklede. (Baie het intussen na ander kerke oorgestap - "omdat die Kerk ons verraai het".)

Toe, in die vyftigerjare, te midde van klagtes deur wit boere in die omgewing, het die kerk besluit om die grond te verkoop. Dokumente van die Citrusdal Boerevereniging dui op kommer dat die Elandsklowers die arbeidsmark in die gebied beïnvloed deur hoër lone as die semi-feodale arbeiders te eis. Daar is ook na die "swart kol" verwys. Die Kerk self het toe aangevoer dat die plaas "onekonomies, onwetenskaplik en ondoeltreffend" bedryf word.

In 1960 is die inwoners drie maande kennis gegee en elkeen R200 vir hervestiging aangebied. Die plaas is aan Piet en Johan Smit verkoop nadat die grondbrief gewysig is.

Volgens die gemeenskap is "geen genade betoon nie". Hulle is uit hul kerk en skool uitgesluit, hul landerye is afgebrand en hul huisdiere vergiftig. Hul vee is eers geskut en daarna aan boere verkoop en uiteindelik is hulle van die grond afgegooi en aanklagte van betreding teen hulle ingedien.

'n Opmars te voet na Kaapstad is aangepak om die Kerk en die regering om genade te smeek, maar die gemeenskap is halfpad voorgekeer, en sommige is "tydelike verblyf" op Allendale aangebied. Die res moes regdeur die Weskaap spaander. Te midde van heftige beswaar in die Engelse pers, het PW Botha op 'n vergadering op George gesê hy sal hom nie "laat voorskryf deur mense wat marsjeer nie".

Klaargepraat. Die Kerk het geen woord gerep nie en daarnee moes die gemeenskap 'n nuwe lewe en heenkome probeer vind binne die poel van grondlose arbeiders. Die mense weier om te vergeet. Hulle eis steeds hul "geboortegrond" van die kerk. Op 11 November verlede jaar het die gemeenskap na Kaapstad gereis waar 'n brief aan die kerk oorhandig is. Daarin is die NG Moderatuur gevra "om reg te maak wat hy verbrou het" deur die plaas aan die gemeenskap terug te gee.


"As gevolg van onkunde het ons voorvaders hulle beskermhere [die Sendingkommissie] vertrou, maar hulle het ons beroof," het die mense gesê. Op grond daarvan asook 'n optog op Citrusdal in Junie het die kerk nou wel ingestem om te medieer.

Intussen trotseer die gemeenskap nog 'n Kaapse winter in hul plakkershuisies halfpad tussen Citrusdal en Elandskloof, en praat van die "donker wolk" wat steeds oor hul koppe hang. Binne twee maande kan hul lot voltrek wees en sal hulle uiteindelik die pad moet vat om finaal 'n ander heenkome te soek.

"Ons kyk nou wat maak die kerk," sê Januarie.

Is daar 'n verband tussen genialiteit en waansin? Die eeu-oue bewering dat kreatiwiteit verwant is aan psigopatologie, word verder ondersoek deur dr Rhona Ochse van die departement van Sielkunde aan Unisa, in die boek Before the Gates of Excellence. **INA VAN DER LINDE** bespreek 'n artikel wat so pas in die departement se vaktydskrif, *Psychologia*, verskyn het, en vra:

# Is genieë met die maan gepla?



Is genieë van hul lotjie getik - of maak die samelewing se gebrek aan begrip hulle soms mal? Dié satiriese plakkaat met die titel 'Scientists to the aid of agriculture' deur die Russiese kunstenaar Mikhail Parshikov beeld die onsensitiwiweit uit waarmee begaafde mense in die Sowjetunie dikwels vir ontoepaslike take ingespan is. Dit verskyn in die boek The Posters of Glastnost and Perestroika saamgestel deur Victor Litvinov, Penguin, 1989.

ARISTOTELES het gesê groot genialiteit gaan altyd gepaard met 'n sekere mate van kranksinnigheid, veral 'n neiging tot melankolie. Verskeie antieke skrywers het gemeen dis veral digters en filosowe wat met die maan gepla is. Hulle het kreatiwiteit en waansin toegeskryf aan dieselfde onderliggende faktor: die oorname van die menslike bewussyn deur magte van buite.

So het die gedagte van goddelike ingryping by mense met buitengewone vermoëns ontstaan. Hoewel die gedagte verouderd geraak het, is deur die eeue heen by herhaling gesê dat genialiteit en waansin dikwels by dieselfde individue voorkom.

Die Romantiese kunstenaars en digters het geglo 'n toestand van maniese depressie is noodsaaklik vir genialiteit, omdat dit temperamentele emosies na vore bring wat kreatiwiteit besiel.

'n Verskeidenheid van metodes is gebruik (alkohol, verdowingsmiddels en hongerstakings inkluis) om depressie te verlig, maar ook om die rede en moraliteit te smoor - en om geestelike disoriëntasie aan te wakker, 'n toestand wat bestempel is as vrugbaar vir inspirasie.

In die negentiende eeu het Esquirol sy skeptisisme uitgespreek oor die teorie dat waansin tot genialiteit lei. Dis eerder andersom, het hy geglo. Genialiteit lei tot waansin weens die lewenstyl wat sulke mense handhaaf. Uitstekende skilders, digters en musikante word gedryf deur 'n behoefte aan stimulasie en gevoel, en word gedryf tot 'n buitensporige lewenstyl.

In 1857 het Morel die gedagte van "degenerasie" geformuleer, waarvolgens 'n ongesonde lewenstyl, infeksie en 'n gebrek aan moraliteit, nie net individue skade aandoen nie, maar ook so 'n mens se nageslag beïnvloed. Die konsep van "genetiese degenerasie" het 'n kragtige invloed gehad op negentiende-eeuse standpunte oor die ontstaan van abnormaliteite.

Moreau de Tours het 'n evolusionêre boom geteken, wat takke met verskillende geestelike afwykings voorstel, soos waandenkbeelde, buierigheid, siektes wat die gevolg is van brein- en rugmurg-infeksies, alkoholisme, en buitengewone intelligensie in die wetenskap, musiek en kunste. Later is senuwee-toestande, epilepsie, steriliteit, fisieke misvormdheid, psigoses en genialiteit bygevoeg.

Nisbet het genialiteit aan nie minder nie as 40 morele en fisiese teisteringe toegeskryf - ydelheid en jig inkluis!

Die teorie van degenerasie is tot laat in die twintigste eeu in Europa en die VSA onderskryf, hoewel daar beter begrip was vir die wette van evolusie en genetiese oordraging.

Sigmund Freud (rondom 1908 tot 1917) het gefokusseer op die uitwerking van die instinktuele behoefte op die kreatiewe verbeelding en gesê kreatiewe mense het die vermoë om fantasieë wat diep in die onbewuste ontstaan, na die oppervlak te bring en om dit betekenisvol te kan kommunikeer.

Hy het gewaarsku dat om die instinktiewe spanninge deur fantasie te bevry, nie sonder gevaar is nie. Want die "kunstenaar keer homself weg van die werklikheid en verplaas al sy belangstellings, en ook sy libido, op die denkbeeldige konstruksie van sy lewe van fantasie, waarvan die pad na neurose kan lei".

Vandag is daar drie denkskole oor genialiteit en psigopatologie: die een skool meen daar is 'n positiewe verband; 'n ander skool glo daar bestaan 'n negatiewe verband; en 'n derde skool ontken enige verband tussen die verskynsels.

Hier volg kortliks 'n beskrywings van die drie skole:

• Die standpunt oor 'n positiewe verhouding sê daar is min twyfel dat baie hoogs kreatiewe mense simptome van waansin (psigopatologie) toon. Biografieë van geniale mans en vroue wemel van voorbeelde van geestelike angs en bisarre gedrag. 'n Hoeveelheid sistematiese studies van groot groepe kreatiewe mense het gelei tot die gevolgtrekking dat die voorkoms van geestesversteurdheid in dié groepe hoër is as in die algemene bevolking.

• Die psigoloë wat meen dat kreatiwiteit 'n negatiewe eerder as 'n positiewe verband het met geestesversteurdheid, sê kreatiwiteit is 'n natuurlike neiging tot selfverwesenliking en geestelike welsyn wat net tot uitdrukking kom wanneer 'n mens liefde, onvoorwaardelike aanvaarding en die bevrediging van die basiese behoeftes beleef. Ooreenkomste is "anekdoties", sê dié skool en teorieë en navorsing wat ooreenkomste toon, is nie gegrond op mense wat "produktief kreatief" is nie, maar op kinders en studente.

• Die derde skool sê hoewel genialiteit en waansin verwant is, is dit 'n kunsmatige verhouding. Onder meer word gesê kreatiewe mense word net as waansinnig beskou omdat hulle geestelike ervarings het wat die gewone mens nie kan verstaan nie. Hulle word as mal beskou omdat hulle die algemene waardes versteur. Voorts word gesê die gedrag van uitsonderlik begaafde mense verskil nie van ander nie, maar word net belig en daarom aan groter kritiek blootgestel.

Dit is onmoontlik om akkurate vergelykings tussen buitengewone mense en ander te maak, aangesien daar nie met sekerheid gesê kan word hoeveel van die algemene bevolking geestesversteurd is nie. Sommige doen hulle voor as versteurd. En: die voorstanders van die malgenie hipotese kon doelbewus duidelik versteurde persoonlikhede as die onderwerp van hulle ondersoeke gebruik het.

Ochse sê: "Natuurlik is elke kreatiewe genie nie kranksinnig nie, en dit kan waar wees dat (minstens sommige) genieë nie so abnormaal is as wat hulle voorkom of hulle voordoen om te wees nie.

"Nogtans is daar 'n aantal skrywers wat die relevante literatuur krities en uitvoerig bestudeer het... en tot die gevolgtrekking kom dat daar inderdaad rede is om te glo dat daar 'n hoër graad van psigopatologie onder uitsonderlik kreatiewe mense voorkom as in die algemene bevolking. Dit wil dus lyk asof die eeu-oue gedagtes dat genialiteit verband hou met waansin nie heeltemal ongegrond is nie."

Oor die vraag of kreatiwiteit tot psigopatologie lei, en/of andersom, sê Ochse deesdae word geglo dat psigopatologie die motivering verskaf wat tot kreatiwiteit lei. Maar dit is ook duidelik dat niemand 'n genie kan word omdat hy/sy eenvoudig deur angstigheid of geestelike versteurdheid gedryf word nie. Die natuurlike vermoëns sowel as die motivering is nodig om produktief kreatief te wees.

Ander faktore is dus ook van belang om te bepaal of psigopatologie, kreatiwiteit, of albei, in 'n persoon na vore kom.

Sy sê uit biografiese data blyk dit dat angs (distress) die gemene deler is by die voorkoms van psigopatologie en kreatiwiteit. Uitstaande kreatiewe mense het dikwels op 'n jong ouderdom 'n angstoestand beleef. Soos die dood van 'n ouer, 'n egskeiding, psigopatologie by een van die ouers, brutaliteit, verwerping, oorbesitlikheid, of anders finansiële onsekerheid, isolasie, eensaamheid, fisieke gebreke of seksuele probleme. Ocshe sê voortdurende angs kan tot swak intellektuele funksionering lei. Maar wanneer angs in samewerking met intellektuele waardes en ooreenkomstige vermoëns voorkom, kan dit lei tot 'n behoefte om deur intellektuele aktiwiteite beheer uit te oefen oor jou omgewing.

Sowel Aristoteles en Albert Einstein het hulle uitgespreek oor die bevrediging wat afgesonderde intellektuele aktiwiteite meebring. Onafhanklike aktiwiteit bevorder die ontwikkeling van unieke kennis en vermoëns en lei op intellektuele gebied tot onbekende paaie wat nog nie bewandel is nie.

KEURVAKATURES

DOCTOR
TO RUN PAARL BASED
WORKERS CLINIC

The Food Workers Medical Benefit Fund is a joint Worker/ Management Fund providing health care for food workers in the Western Cape.
As part of its service to its members, the Fund has run a General Practice clinic since 1981. The Clinic is situated at the Food and Allied Workers' Union Offices in Paarl. The Fund is looking for a doctor to run the clinic.

The doctor is required to:-

1) Run a general practice/primary health care clinic.
2) Run factory based clinics for chronic illness patients.
3) Run occupational illness screenings and educational programmes.
*(Possibilities for relevant research also exist)*

SALARY - NEGOTIABLE
Car and travel allowance included.

Please contact Ian Mackenzie
(021) 6378789 o/h
7892805 a/h
(or write to P O Box 234, Salt River 7925)

DIRECTOR :
TATHAM ART GALLERY

THE JOB:
Reporting directly to the City Administrator (City Services) the incumbent of this unique and challenging post will be responsible for the management, administration and financial control of the Gallery, including the functions of purchasing for the permanent collection; co-ordination of documentation, research and conservation; planning and arranging of temporary exhibitions and fund-raising campaigns; as well as dealing with public enquiries on art matters.

THE PERSON:
As a result you will possess a post-graduate qualification in the history of art and will have a specialist knowledge of British/ French/South African art (including African Art). A sound fine art background and a working knowledge of at least one foreign language are requirements. Preference will be given to applicants who have had professional art museum experience in a senior capacity.

THE PACKAGE:
The package includes a competitive salary commensurate with experience, and attractive benefits including generous leave conditions, annual bonus, housing subsidy (subject to certain conditions), and relocation assistance where applicable.

*Please apply in writing, submitting a comprehensive CV before 13 September 1991 to the Human Resources Manager, P O Box 321, Pietermaritzburg 3200.*

*Canvassing of Councillors will disqualify.*


# Ons onverdraagsame Suid-Afrika

**Onverdraagsaamheid lê aan die wortel van geweld. Dit blyk duidelik uit die bloedige wit-op-wit konflik by geleenthede soos Ventersdorp, en swart-op-swart konflik soos die geweld in die townships die laaste tyd. DR AMANDA GOUWS van die Departement van Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch het onlangs 'n meningspeiling in drie streke van die land onderneem om te bepaal hoe onverdraagsaam ons samelewing is. Hier is haar ontstellende ontledings**



VERDRAAGSAAMHEID is mense se bereidwilligheid om dinge te aanvaar waarmee hulle verskil. In 'n politieke sin is dit die bereidwilligheid om die oortuigings van opposisiegroepe te aanvaar en om hulle bepaalde burgerregte (civil liberties) te gun.

Dit impliseer 'n verbintenis tot die reëls van die spel en 'n bereidheid om dit eweredig toe te pas. In demokratiese samelewings beteken dit die aanvaarding dat jou opposisie onder meer die reg het tot vryheid van spraak, assosiasie, vergadering en die pers.

Die behoefte aan verdraagsaamheid is groter in diep verdeelde samelewings soos Suid-Afrika omdat so 'n samelewing soveel diversiteit behels en daar daarom soveel meer groepe en ideologieë is om te verdra. In der waarheid word verdraagsaamheid 'n voorwaarde vir demokrasie.

In Suid-Afrika word verdraagsaamheid as 'n voorwaarde vir demokrasie tot spesiale belang verhef om twee redes: as 'n middel tot 'n doel - om die onderhandelingsproses van die grond af te kry; en as 'n doel op sigself - om demokrasie te laat voortbestaan omdat demokratisering nie die verdwyning beteken van eienskappe wat verdeeldheid veroorsaak nie, maar slegs meer regverdige verteenwoordiging van groepe en 'n meer gelyke verdeling van skaars bronne.

Die proses van demokratisering in diep verdeelde samelewings vereis die aanvaarding en implementering van 'n bepaalde demokratiese model. Sekere modelle vereis egter meer verdraagsaamheid as ander omdat sekere modelle meer in staat is om konflik met strukturele aspekte te beperk as ander. Meerderheids-demokrasieë in eenheidstate vereis byvoorbeeld baie meer verdraagsaamheid as konsosiatiewe demokrasieë wat minderheidsgroepe met behulp van 'n minderheidveto beskerm, of as federale demokrasieë wat punte van toegang tot instellings dupliseer en dit só vir opposisiegroepe moontlik maak om verskuiwende koalisies te vorm en hul griewe te skik deur toegang tot politieke leiers en onafhanklike regbanke.

Verdraagsaamheid is egter geen natuurlike verskynsel by mense nie. Selfs in hoogs ontwikkelde demokrasieë soos die VSA het empiriese studies gewys dat onverdraagsaamheid taamlik hoog is teenoor groepe soos die Ku Klux Klan, die Nazi's, die Black Panthers en die John Birch Society.

Maar daar is bepaalde redes waarom die demokrasie in die VSA hoë vlakke van onverdraagsaamheid oorleef.

Vir eers stem die leiers van die meeste groepe saam oor die reëls van die spel - hulle stem saam dat daar sekere demokratiese reëls is wat gehandhaaf moet word, soos die beskerming van die regte van minderhede en die eweredige toepassing van dié regte op alle groepe. Politieke leiers tree dus op as 'n skans teen die onverdraagsame houding van die algemene bevolking. Ten tweede word instellings in die VSA as legitiem beskou. Besluite wat byvoorbeeld deur die howe geneem word om verskille tussen groepe te skik, word aanvaar.

In 1978 wou die Nazi's 'n optog hou in Skokie, 'n grootliks Joodse gemeenskap in Chicago. Die Jode se eerste reaksie was grootliks een van onverdraagsaamheid. Die Joodse leiers het dadelik plaaslike regeringsleiers betrek by die geskil, wat later na die plaaslike hof verwys is. Die hof se uitspraak was ten gunste van die Nazi-optog. Die Joodse gemeenskap het die uitspraak van die hof aanvaar - al het hulle steeds onverdraagsaam teenoor die Nazi's gevoel - en die Nazi-optog het sonder voorval verloop.

Ten derde is die groepe wat in die VSA verdra moet word, almal marginale groepe wat min uitwerking op die politieke stelsel in die VSA het. Groepe soos die Ku Klux Klan, die Nazi's en die Black Panthers het min steun en word beskou as meer van 'n steurnis as iets anders.

In Suid-Afrika is al dié omstandighede egter afwesig. Politieke leiers verskil oor die reëls van die spel en spesifiek watter demokratiese waardes beskerm moet word. Voorts word politieke instellings nie as legitiem beskou deur die meerderheid van die bevolking nie.

Groepe wat verdra moet word, is nie marginale groepe nie, maar belangrike spelers in die politieke proses. As een groep nie verdra word nie beteken dit dat mense onverdraagsaam is teenoor 'n groot deel van die bevolking. Waar die institusionele beperkings op onverdraagsame houdings nie bestaan nie is die uiteindelike gevolg geweld.

In Suid-Afrika is duisende mense in die laaste paar jaar dood as gevolg van onverdraagsame houdings wat uiting gevind het in gewelddadige optrede. Die gevegte tussen lede van die ANC en Inkatha, en nou pas tussen die NP en die AWB en ander regse groepe in Ventersdorp, illustreer dié punt baie goed.

'n Meningspeiling wat ek tussen April en Junie 1990 gedoen is, wys hoe diep dié onverdraagsaamheid lê. Die proefgroep was regionaal gestratifieer met 90 wit en 90 swart respondente in die kleiner Kaapse metropolitaanse gebied, dieselfde aantal wit en swart respondente in die kleiner Durbanse metropolitaanse gebied en dieselfde aantal in Pietersburg en omgewing.

Respondente is eers gevra van watter groepe hulle die minste hou en daarna is hulle gevra of hulle sekere burgerregte aan hulle sal toestaan. Die resultate lyk soos volg:

| ONGEWILDSTE GROEP | WIT | N=257 | SWART | N=267 |
|---|---|---|---|---|
| | % | N | % | N |
| NP | 3.1 | 8 | 6.3 | 17 |
| UDF | 1.9 | 5 | 3.7 | 10 |
| KP | 5.8 | 15 | 16.3 | 44 |
| COSATU | 3.1 | 8 | .7 | 2 |
| HNP | 2.3 | 6 | 4.4 | 12 |
| INKATHA | .4 | 1 | 30.7 | 83 |
| AWB | 25.7 | 66 | 24.4 | 66 |
| DP | .8 | 2 | .7 | 2 |
| ANC | 38.1 | 98 | 1.9 | 5 |
| AZAPO | 0 | 0 | 2.2 | 6 |
| SAKP | 12.8 | 33 | 0 | 0 |
| PAC | 5.4 | 14 | 1.5 | 4 |
| NACTU | 0 | 0 | .4 | 1 |
| Geen groep | .4 | 1 | 6.7 | 18 |



**Burgerregte toelaat: vlakke van verdraagsaamheid. (X = ongewildste groep)**

Wit N=257

| Aksie | Def'toelaat % | Miskien % | Nie % | Def nie % |
|---|---|---|---|---|
| Lede van X om openbare optog in jou dorp te hou | 21.8 | 20.6 | 7.8 | 49.4 |
| 'n Lid van X om 'n toespraak krities van die regering te hou | 19.8 | 14.0 | 8.9 | 56.4 |
| 'n Lid van X om 'n toespraak krities van jou oortuigings in jou woonbuurt te hou | 24.5 | 19.5 | 7.0 | 47.9 |
| 'n Lid van X om 'n petisie krities van ander politieke groepe in jou woonbuurt te versprei | 28.0 | 17.9 | 6.2 | 46.7 |
| Lede van X om 'n optog te hou as dit geweld sal veroorsaak | 1.9 | 2.3 | 3.9 | 90.7 |
| Lede van X om aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit klas te gee | 19.1 | 19.8 | 12.5 | 45.9 |
| My vriende om te assosieer met lede van X | 20.1 | 11.1 | 8.0 | 13.6 |
| Koerante om artikels te skryf oor die beleid van X | 59.5 | 22.2 | 4.7 | 11.7 |
| Die X om verban te word | 35.0 | 12.1 | 12.8 | 36.2 |

1 Def = definitief
2 Response in die kategorie weet nie is uitgelaat

Swart N=267

| Aksie | Def toelaat % | Miskien % | Nie % | Def nie % |
|---|---|---|---|---|
| Lede van X om 'n openbare optog in jou dorp te hou | 4.1 | 15.2 | 22.6 | 49.3 |
| 'n Lid van X om 'n toespraak krities van die regering te hou | 4.4 | 13.0 | 23.7 | 50.4 |
| 'n Lid van X om 'n toespraak krities van jou oortuigings in jou woonbuurt te hou | 7 | 9.3 | 29.3 | 52.2 |
| 'n Lid van X om 'n petisie krities van ander politieke groepe in jou woonbuurt te versprei | 1.1 | 5.2 | 24.4 | 59.6 |
| Lede van X om 'n optog te hou as dit geweld sal veroorsaak | .1 | 5.6 | 24.8 | 60.4 |
| Lede van X om aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit klas te gee | 3.0 | 11.5 | 25.2 | 49.6 |
| My vriende om te assosieer met lede van X | 1.9 | 17.8 | 20.4 | 50.4 |
| Koerante om artikels te skryf oor die beleid van X | 8.5 | 21.9 | 19.6 | 40.0 |
| Die X om verban te word. | 48.1 | 14.1 | 13.0 | 13.7 |

"Suid-Afrikaners toon min begrip vir die betekenis van burgerregte in 'n demokratiese samelewing en baie min bereidwilligheid om opposisie te aanvaar."






Wat dié bevindinge aandui, is hoë vlakke van onverdraagsaamheid, maar ook van intense onverdraagsaamheid omdat die meeste response in die kategorie "definitief nie toelaat nie" val. Suid-Afrikaners in dié streke toon dus min begrip vir die betekenis van burgerregte in 'n demokratiese samelewing en baie min bereidwilligheid om opposisie te aanvaar.

Dié bevindinge versterk die argument dat Suid-Afrika 'n afdwingbare handves van menseregte nodig het om burgerregte soos die vryheid van spraak, die pers, assosiasie en byeenkoms te beskerm. Die vredesinisiatief wat vandeesmaand deur van die belangrikste politieke groepe in Suid-Afrika begin is, is 'n welkome poging om die onverdraagsaamheid onder beheer te bring.

Egte verdraagsaamheid is egter iets in die hearts and minds van mense en om daardie verdraagsaamheid te kweek sal 'n demokratiese kultuur in Suid-Afrika gevestig moet word - 'n langsame proses. Intussen moet emstig besin word of 'n federale politieke stelsel vir Suid-Afrika nie 'n meer gepaste stelsel sal wees vir die toekomstige Suid-Afrika nie, gegee die hoë vlakke van onverdraagsaamheid wat hier heers.



# Wat skuil daar in jou *slapskyf*?


Lyk jou rekenaar eensklaps 'n bietjie **groen om die kiewe?** Maak hy vreemde geluide? Is al die letters op jou skerm besig om soos 'n waterval na onder te stort? Pas op! Skakel af! Dalk is dit al klaar te laat - want jou rekenaar het sekerlik 'n virus, **skryf INA VAN DER LINDE**

MAANDE lank verskyn dié boodskap sporadies op die skerm van my persoonlike rekenaar sodra ek dit aanskakel en 'n program in die A-aandrywer laai: "Your PC is now stoned!" Dan *pieeep*! die rekenaar irreterend - en gaan dan doodgewoon voort om die program op die slapskyf te laai.

Dit my omgekrap, maar verder nie veel gepla nie. Maar toe leen ek die program eendag aan my man - en daar saai dit eensklaps groot verwoesting op sy harde skyf.

Die vreemde boodskap het begin net nadat my kinders die wonder van rekenaarspeletjies ontdek - en hulle vir 'n vale begin kopieer en uitruil het. Kort-kort was daar probleme met die speletjies, veral dié wat meer as een slapskyf vul. Tot op 'n dag dat my seun tuis kom en jubelend verklaar: "Ons rekenaar het die Stoned-virus!"

As oningewyde moes ek toe ontdek: ek is deur 'n skadelike virus getref. Nie die soort wat waterpokkies, pampoentjies of die Hongkong-griep veroorsaak nie, maar 'n spesiale soort virus wat die programmatuur van rekenaars besmet. Dit is 'n klein, maar dodelike program wat in 'n rekenaarprogram se donkerste hoekies skuil, en net vir die regte geleentheid wag om sy verskyning te maak - dikwels met skrikwekkende gevolge vir die niksvermoedende gebruiker.



Welkom by die skare slagoffers, het vriend en vyand my "getroos". Want die virus-plaag teister rekenaargebruikers al sedert 1987 - en het soos 'n veldbrand wêreldwyd versprei. En steeds word nuwe virusse "ontwerp" en anti-virusse ontwikkel.

Wat is 'n rekenaarvirus nou eintlik - en hoe kry dié kalant dit reg om so slu as ongenooide gas van rekenaar tot rekenaar te reis? Paul Ducklin van die WNNR se Virusnavorsingslaboratorium verduidelik: "Rekenaar-virusse steek hulleself baie goed weg. Ons praat van Stealth-meganismes, genoem na die Stealth-bomwerper."

Die Stoned-virus is 'n mikro-program wat eers in die ongebruikte sektor van 'n slapskyf wegkruip en hom dan skelmpies vanself op enige ander skyf van die rekenaar kopieer. Op 'n skyf waarvan al die sektore volledig volgeskryf is, kan dit dus 'n klein gedeelte van die data vernietig. Wanneer so 'n besmette program egter in die harde skyf gelaai word, word 'n warboel gemors bo-oor 'n deel van die indeks van die eerste hardeskyf geskryf.

Sê die virus-dokter: "Dis 'n gevaarlike aanname om te praat van skadelose virusse. Die mens wat dit geskryf het, het ten doel gehad dat die program niks anders doen as homself kopieer nie. 'n Program wat homself nie reproduseer nie, is nie 'n virus nie.

"Dis soos die Trojaanse perd - op die oog áf lyk dit soos 'n geskenk, maar binne-in skuil soldate wat die stad van binne aanval".

Die virusse is meestal gekoppel aan die rekenaar se tydhou-meganisme en kruip weg tot die datum waarop hy geprogrammeer is om toe te slaan.

Soos die gevaarlike "Israeli"-virus. Op "goeie dae" vertraag dit net die rekenaar - maar op "slegte dae" (Vrydag die 13e) wis dit alle programme uit wat ingevoer word. Die virus het in Haifa in Israel ontstaan.

Daar is twee soorte virusse. Die een soort kruip weg in programme waarmee die rekenaar gelaai word, en die ander soort "haak vas" aan lêers op slap- en harde skywe.

Die bekendste "boot-sector" virusse in Suid-Afrika is die Stoned-virus, die Ogre, en die Bouncing Ball. Die Bouncing Ball kom uit Italië en hoewel dit nie skade aanrig nie, vries die PC-skerm terwyl die bonsende bal sy prettige pingpong-reis deur jou teks voortsit. Tot die probleem opgelos is, kan jy g'n steek verder werk nie.

Die Ogre het 'n boosaardige streep en veroorsaak 'n lae vlak van skade aan die data. Dit slaan toe nadat 'n rekenaar 48 uur lank aan was sonder om herlaai te word. Enige skyf wat dan in die 49e uur gelaai word, laat die virus ontwaak. Dan kyk die gebruiker magteloos toe hoedat die hele harde skyf stelselmatig oorgeskryf word totdat geen oorspronklike data oorbly nie.

Onder die virusse wat aan program-lêers vaskleef, is daar 'n nare spulletjie. Die een met die mees dramatiese uitwerking, sê Ducklin, is die Plastique-virus, wat uit Taiwan kom. Dit draf harde skywe, die slapskywe, en selfs die rekenaar se ingeboude geheue kaf.

Die Israeli-virus het ook Suid-Afrikaanse variasies met 'n soortgelyke vernietigende uitwerkings. Die sogenaamde Durban-virus - so genoem omdat dit vir die eerste keer in Durban raakgesien is - slaan op 'n Saterdag die 14e toe. Dis met geslepe vernuf ontwerp om dié mense uit te vang wat hul rekenaar se ingeboude tydhou-meganisme een dag vorentoe skuif om die Israeli-virus op Vrydag die 13e te ontkom! Tree die Durban-virus in aksie, skryf dit 'n klomp twak oor die eerste 100 seksies van die A-, B-, C- en D-aandrywer.

Die Pretoria-virus se tydbom is gestel vir 16 Junie (Soweto-dag). Op dié dag word alle lêers in die wortelgids (root-directory) van die aandrywer waarin gewerk word, na ZAPPED! hernoem. Die res van die jaar word alle .COM-lêers se werking vertraag.

Nog 'n skouspelagtige lêer-virus is die Cascade. Dit val alle .COM-lêers op dieselfde wyse aan as die Israeli-virus maar is meer wispelturig en kom sommer enige tyd na vore. Dit laat die letters op die skerm verkrummel en geleidelik van hulle plekke op die skerm begin tuimel, totdat hulle in 'n betekenislose hoop op die bodem van die skerm lê.

Wat doen mens as 'n virus jou tref? Stap nommer een: bel 'n rekenaar-fundi. Die een wat ek eerste geraadpleeg het, het my vaagweg beduie dit sal my tussen R500 en R800 kos - afhangende van die gehalte van die program. Verder was hy nie baie behulpsaam nie.

Die volgende ou het my verwys na IBM, wat die duur Dr Solomons Anti-Virus Tool Kit aanbeveel vir maatskappye met groot rekenaar-netwerke met 'n hoërisiko-gebied. Dit behoort R425 te kos.

Uiteindelik het ek by die WNNR beland. Die Virus-Navorsingslaboratorium se programmatuur behandel net virusse wat reeds volledig nagevors is. Die program wat hulle ontwikkel het, bied genoeg beskerming vir die doeleindes van rekenaar-gebruikers en selfs rekenaar-netwerke. En boonop is dit aansienlik goedkoper - R180.

Die WNNR se Virus-program is 'n "reaktiewe program", terwyl verskeie ander programme in die mark "pro-aktief" met virusse werk deur te probeer voorspel hoe virusse gaan optree. Daar kom byna maandeliks nuwe virusse "in die mark", elkeen slimmer en meer verfynd as die vorige.

Ducklin se span probeer eerder so vinnig moontlik byhou by nuwe ontwikkelings, al beteken dit dat hulle gedurig 'n paar treë agter die virus-ontwerpers bly.

Hoe keer 'n mens dat jy 'n virus opdoen? Reël nommer een: Moenie programme steel nie. Koop dit by verspreiders met 'n goeie naam. Siende dat jy dié reël in elk geval gaan oortree, reël nommer twee: Sodra jy bewus word van 'n virus, stel vas by wie jy dit kon opgedoen het - en laat weet die verskaffer onmiddellik. Wees so gaaf en stel die ouens aan wie jy op jou beurt 'n program gegee het, ook dadelik in kennis.

Of die versigtigste voorsorgmaatreëls ooit die verspreiding van virusse gaan keer, is te betwyfel. Maar rekenaargebruikers kan wel help om die plaag in toom te hou.



## Die Brein se wraak ken geen perke

HOEWEL rekenaar-fundi's al sedert die sestigerjare eksperimenteer met rekenaarprogramme wat hulself kopieer en boonop opdragte uitvoer, het die eerste rekenaarvirus wat wêreldwyd verwoesting gesaai het, gekom van 'n rekenaarwinkel in Lahore, Pakistan, met die naam van Brain Computer Services.

Toeriste wat tussen 1986 en 1987 daar verbygeloop het, kon hul oë nie glo nie: rekenaarprogramme met bekende handelsname soos Lotus 1-2-3 en WordStar - wat gewoonlik honderde dollars kos - was spotgoedkoop te kry teen 1,50 dollar elk.

Maar die winskopie-jagters het veel méér gekry as waarvoor hulle betaal het. Diep in elke skyf het 'n ekstra program weggekruip: 'n verfynde rekenaarkode wat hom vanself kopieer elke keer dat 'n gebruiker 'n nuwe program uitleen, elke keer dat die skyf gekopieer word, elke keer dat die skyf gebruik word in 'n rekenaar wat ook deur ander gebruik word.

Mettertyd het die Brein miljoene skywe besmet - en onbeskaamd 'n boodskap gelaat vir die rekenaar-fundi's wat slim genoeg was om dit te vind. Die boodskap lui: "Welcome to the dungeon. Contact us for vaccination." Geteken: Basit (19) en Amjad (26) Farooq Alvi.

Dié twee broers, wat hulself leer programmeer het, het rekenaargebruikers wêreldwyd op hol gehad. Amjad - 'n briljante programmeerder - was die eienaar van die Brain Computer Shop. Toe hy eendag ontdek dat van sy programme sonder toestemming gekopieer word, het hy briesend besluit om wraak te neem.

Hy kom toe vorendag met die idee om 'n virus te skep, 'n self-kopiërende program wat 'n ongemagtigde gebruiker se rekenaar besmet - en dan ewe kontant 'n boodskap laat wat hom dwing om die Brein te bel om dit te kom regmaak.

Die twee broers het dit nie daar gelaat nie: hulle het besluit om sommer namens hul Amerikaanse kollegas ook wraak te neem. Bekende Amerikaanse programme is met die virus besmet en goedkoop verkoop.

Die Lahore/Pakistan/Brain-virus besmet 'n gedeelte van die die programskyf en verander volume-name sodat dit lees: "(c) Brain". Dit vertraag toegang tot die slapskyf-aandrywer en veroorsaak eindelose frustrasie.

Wie ontwerp virusse en waarom? Dis moeilik om te begryp, want die ontwerper kry geen erkenning of geld daarvoor nie. Dié gesiglose skelm kan gewoonlik nie eens die genot smaak om die virus se uitwerking te aanskou nie.

Inteendeel, sê Paul Ducklin van die WNNR, as so 'n virus-ontwerper uitgeken word, is sy of haar loopbaan daarmee heen. Geen gerespekteerde rekenaar-maatskappy sal ooit so iemand aanstel nie.

Ian Melamed van die Hulplyn van die Business System Solutions sê virus-ontwerpers is leergierige mense met 'n aanleg vir die skryf van programme. Hulle beskou dit as 'n intellektuele uitdaging om 'n virus te ontwerp en te bewys dat dit werk.

Duucklin beaam dié stelling: "Virusse kom dikwels van universiteite, waar studente met hulle kennis eksperimenteer. Moontlik bedoel hulle dit as 'n grap. Maar veral diegene wat die sogenaamde kwaadaardige virusse versprei, is sonder veel etiek, sonder moraliteit."

Hy voorsien geen einde aan die aantal programmeerders wat met nuwe, al hoe slimmer - en moontlik gevaarliker - virusse gaan eksperimenteer nie. Dié gesiglose bedryf het vir hom 'n konstante nuwe werkgebied besorg: dié van die anti-virusdokter wat die werk van virus-ontwerpers ongedaan moet maak.

## SA se Virus-Treffersparade

SO lyk die "Virus-Trefferparade" by *Business Systems Solutions* se hulplyn in Johannesburg - die maatskappy wat onder meer die WNNR se anti-virus-programmatuur bemark:

1. Die Stoned-virus - wat sowat 50 persent van alle aangemelde virusprobleme in Suid-Afrika veroorsaak.
2. Die Israeli-virus, ook genoem "Jerusalem". Dit word op Vrydag die 13e geaktiveer.
3. Die Bouncing Ball.
4. Die vernietigende Plastique-virus, ook genoem die Plastic Bomb - wat as "temalied" 'n Taiwannese volkswysie speel.
5. Die Anti-Cad-virus, soortgelyk aan Plastique, met Blue Danube as "temalied".

Ian Melamed van BSS se hulplyn sê dié hulplyn is in Junie 1989 ingestel as 'n akademiese navorsingseenheid om die beweging van virusse in die hele Suidelike Afrika dop te hou. Hulle het verwag om sowat vyf tot ses oproepe per week te kry. Deesdae kry hulle vyf tot ses oproepe per uur.

Die oproepe kom meestal van programmatuur-tegnici wat ondersteunende dienste aan verspreiders bied. Dié soort oproepe begin gewoonlik met: "Ek gee nou moed op. Ek weet nie wat verkeerd is nie. Dis seker 'n blêrrie virus."

Soms jaag die klaers net spoke op en word die probleme veroorsaak deur die onversoenbaarheid van programmatuur en rekenaars.

Meer dikwels is dit die ware Jakob. In die laaste tyd, sê Melamed, val dit hom op hoeveel maatskappye met rekenaarnetwerke of sentrale rekenaarstelsels gekoppel aan terminale, deur virusse gepla word.

Intussen maak nuwe virusse weekliks hul verskyning. In Desember was 142 virusse al gediagnoseer. Op die oomblik is daar sowat 700 wêreldwyd. Hiervan het 377 al in Suid-Afrika aangeland.

En hulle versprei in 'n vinnige tempo. Ter illustrasie: die sogenaamde No-Int-virus wat aan die indeks (dir) van floppies peuter, is ses weke gelede vir die eerste keer in die VSA raakgesien. Vier weke gelede is die virus in Swede gevind - en die laaste week is 'n paar gevalle in Suid-Afrika aangemeld.

Wees dus op jou hoede!

# 'Ons is nie van plan om mag te abdikeer nie, maar wil deel uitmaak

# G'n verskuilde apartheid, sê Stoffel

**Stoffel van der Merwe,** die nuut aangestelde sekretaris-generaal van die NP, verwerp kategories die beskuldigings deur die ANC dat die nuwe grondwetlike voorstelle van sy party "verskuilde apartheid" behels. **HENNIE SERFONTEIN** het die onderhoud gevoer



"HULLE móét mos sê dit lyk na voortgesette apartheid," sê Van der Merwe. "Die ANC kan mos nie juig en hande klap vir ons planne nie. Dis tog logies. Daar is in elk geval niks verskuil in ons planne nie. Dit is alles openlik op die tafel," sê hy in 'n onderhoud dié week met VWB.

Die kern van die NP se voorstelle, beklemtoon Van der Merwe, "is die oorhoofse beginsel om 'n ware demokrasie te skep waar die wil van die meerderheid tot uiting kom, maar nie ten koste van die minderheid nie. Ons moet 'n demokrasie hê met minderheidsbeskerming. Enige demokrasie ter wêreld wat werk, werk op twee bene.

"Waar dit nie werk nie, is dit omdat die kombinasie van die twee elemente genegeer is."

Die NP se voorstelle, sê Van der Merwe, berus op 'n paar fundamentele beginsels: die deelname - nie van minderhede nie - maar van minderheidspartye op alle vlakke van regering, 'n handves van menseregte, 'n aantal verskanste klousules in die grondwet, 'n onafhanklike regbank, en die vestiging van die grondwet met die grootste moontlike mate van legitimiteit.

Die NP staan nie vas oor al die besonderhede van die voorstelle nie, sê Van der Merwe, hoewel dit verbind bly tot die onderliggende beginsels.

Hoewel die Federale Kongres (FK) aanstaande week nie grondwetlik 'n finale besluit kan neem nie, is dit polities van groot belang, sê Van der Merwe. "Ons sal probeer om by die provinsiale kongresse - wat bindende besluite neem - besluite te kry ons 'n redelike mate van beweeglikheid in die onderhandelinge toelaat."

Een kwessie is die voorgestelde presidensiële kollege van drie tot vyf mense. "Die belangrikheid van dié voorstel is die onderliggende beginsel en nie die detail nie. Jy kan dan dieselfde beginsels op verskeie maniere gestalte gee.

"Hier is dit 'n manifestasie van die beginsel dat een man nie al die mag moet hê nie. Ons het al in ons 1989-verkiesingsmanifes voorgestel dat die huidige magte van die staatspresident aansienlik afgeskaal moet word.

"Die beginsel kan óf deur die voorgestelde praesidium toegepas word, of dit kan selfs net een mens wees."

Eweneens is daar geen finaliteit oor hoe so 'n beoogde kollege van drie gekies moet word nie.

"Daar is verskillende modelle: óf aangewys deur die partye, óf deur die parlement verkies, óf op 'n ander manier. Maar die beginsel bly dat nie te veel mag in een man konsentreer nie.

"Daarmee saam is die ander belangrike beginsel. Alle meerdere partye moet op alle vlakke van die regering inspraak hê en daaraan deelneem."

Van der Merwe sê die Switserse grondwet werk op dié grondslag. In Italië weer het die president slegs die reg om 'n eerste minister aan te stel, maar nie om hom af te dank nie.

Hy sê: "Die probleem is dat die ANC hulle nog nie in 'n ander styl van politiek kan indink nie. Hulle is gewoond aan die Westminster-stelsel waar een leier tot politieke koning verhef word en verstaan nie dat daar nou 'n ander styl van politiek gevoer moet word nie.


"Ons voorstelle is ooreenkomstig Westerse demokratiese norme. Dit mag sekerlik nie geykte praktyk wees nie, maar is beslis ook nie totaal vreemd nie."

Van der Merwe verdedig die voorgestelde reg van die tweede kamer om wetgewing van die eerste kamer te veto of te blokkeer. Ook die samestelling waar streke en politieke party op disproporsionele basis gelyke verteenwoordiging het.

Hy verwys na die ou Suid-Afrikaanse senaat voor 1955 waar die vier provinsies gelyke verteenwoordiging gehad het en ook van die VSA waar elke staat, ryk of arm, gelyke verteenwoordiging in die Senaat het.

"Daar is belangrike beginsels op die spel. Die eerste kamer is 'n weerspieëling van die wil van die meerderheid. Die taak van die tweede kamer is om toe te sien dat minderhede beskerm word.

"Die plaaslike magte van streke is belangrik. Maar ons moet nog finaal die detail uitwerk of dit soortgelyk is aan ons ou provinsies of soos die state van die VSA. Dit het uiteindelik te make met die maksimum devolusie van mag wat nog steeds versoenbaar is met effektiewe regering."

LAND ROVER **DISCOVERY**


**Die nuwe voertuig van Land Rover.**

Onvergelyklike weelde op die pad: ongeëwenaarde prestasie wanneer jy die teerpad verlaat. Met elektroniese beheer reg onder jou vingerpunte. In 'n verskeidenheid opwindende kleure met 'n keuse van 'n diesel of petrol-enjin: 5-deur-gerief en ruim binne.

*Sien dit vandag by*

**Southern Land Rover**
**190 Commissioner St**
**Johannesburg**
**Tel: 011 - 29 -2275**


# ANC is agterdogtig



ANC-leiers het dié week aspekte van die nuwe grondwetlike voorstelle van die NP skerp veroordeel. Dit verskans apartheidspraktyke, die konsensus-beginsel en 'n veto deur die minderheid, sê hulle.

Pallo Jordan, hoof van die ANC se inligtingsdepartement, sê: "Dis vir ons duidelik die NP wil so min as moontlik mag aan die sentrale regering gee. Die federale basis waarop die voorstelle gebaseer is, is nie ver van apartheid af nie.

"Dis 'n berekende plan om die uitslag van 'n een persoon een stem verkiesing ongedaan te maak en die demokratiese verkose sentrale regering magteloos te laat. Dit word gedoen deur 'n veelparty kabinet en die veto mag van die tweede kamer. Daardeur verkry minderhede 'n veto-reg."

Dullah Omar, Kaapse regsgeleerde, lid van die ANC se grondwetkomitee en nou verbonde aan die UWK, maak beswaar teen veral die volgende aspekte: Die beginsel van federalisme wat die mag van die eenheidstaat verswak en ondermyn; die presidensiële kollege met 'n roterende president; die samestelling van die tweede kamer met sy reg om besluite van die eerste kamer te veto; en die skepping van "buurtrade" as onderdeel van geïntegreerde plaaslike rade, met die doel om woonbuurt-integrasie te veto.

Omar gee egter toe dat die NP tog 'n halwe stap vorentoe gegee het deurdat dit die konsep van groep en ras uit die sentrale gesag in die Parlement verwyder het.

"Maar die tegniek hoe om sekere blanke belange groepe te behou, het nou verskuif na die plaaslike en streeksowerhede deurdat die instrumente van mag van die sentrale gesag - die president, die kabinet en die eerste kamer - geweldig beperk word," sê hy.

Sy kritiek is veral gemik teen die konsep van federalisme in die NP se konsep. "Die NP is besig met 'n pynlike poging om wat uiteindelik as etniese regte gesien sal word, te verskans. 'n Federale struktuur met die skepping van nege streeksregerings sal 'n groter burokrasie skep wat effektief die reg van die meerderheidsparty ontneem om te regeer."

Omar sê dat die ANC terdeë bewus is van die gevare van oor-sentralisasie. Maar hy beklemtoon dat 'n sterk sentrale gesag in 'n nuwe grondwet absoluut noodsaaklik is om die bestaande ongelykhede wat deur apartheid veroorsaak is, uit die weg te ruim.

"Die regverdige verspreiding van bronne tussen streke kan slegs in 'n unitêre grondwetlike verdeling plaasvind. Ons benodig ook 'n sterk demokratiese parlementêre struktuur om 'n beleid van nasionale rekonstruksie deur te voer.

"As 'n toegewing het die ANC nou besluit om 'n tweede kamer te aanvaar nadat ons eers gedink het dis 'n vermorsing van geld. Maar die ANC sien dit nou as 'n liggaam vir diegene wat nie behoorlik in die eerste huis verteenwoordig is nie."

Maar hy beklemtoon dat die ANC die idee absoluut verwerp dat die tweede kamer besluite van die eerste kamer kan blokkeer, vertraag of veto.

# Wit referendum kom

DAAR is geen manier waarop die regering kan ontkom aan sy belofte dat die grondwetvoorstelle uiteindelik in 'n referendum van wit kiesers getoets sal word waarvan die stemme afsonderlik getel sal word, sê Stoffel van der Merwe, die nuwe sekretaris-generaal van die NP, in 'n onderhoud met *VWB*.

Dis aan hom gestel dat in politieke kringe sterk bespiegel word dat die regering - uit vrees vir groeiende regse verset - uiteindelik van 'n aparte wit referendum sal afsien en dat alle stemme saam getel sal word.

Van der Merwe sê: "Die legimiteit van 'n nuwe grondwet is van kardinale belang. Ons het openlik gesê daar is 'n blanke referendum. Daar moet 'n geldige toetsing van die wil en die mening van die blankes wees.

"Stemme sal apart getel word, want om die legitimiteit van die grondwet te verseker moet daar ook 'n oortuigende bewys wees dat die grondwet onder alle groepe en minderhede steun geniet. Want as jy nie kan bewys dat 'n meerderheid van blankes dit ondersteun nie, hoe gaan jy huishou met die regtervleuel?"

Van der Merwe beweer dat die NP in die verkiesings van 1987 en 1989 sy mandaat vir onderhandelings verkry het. "Die 1989-manifes het dit duidelik gestel: Ons wil onderhandel vir 'n nuwe grondwet sonder diskriminasie."

Wat sal gebeur as 'n meerderheid witmense die grondwetlike voorstelle verwerp? "Dit beteken ons het 'n punt bereik waar jy nie met die voorstelle kan voortgaan nie. Watter aksie mens dan neem, sal alles afhang van die omstandighede. Die logiese reaksie nou is om te sê dan gaan ons terug na die tekenbord. Uit 'n politieke oogpunt moet mens net sorg dat jy nie nee as 'n antwoord kry nie."

Die onlangse meningspeilings wys dat die KP 42 persent van die wit stemme en die NP-DP-alliansie nog die meerderheid het.

van 'n toekomstige nuwe regering.' - *Staatspresident FW de Klerk*

# Verwelkom dit sonder versuim, *sê Wiechers*

## Die NP se nuwe voorstelle skep die grondslag waaruit 'n eerste koalisie-regering kan ontwikkel, meen **Marinus Wiechers,** professor in staatsreg aan Unisa en deskundige oor grondwetlike konferensies. Hy sien dit as wesenlik 'n samewerkingsmodel eerder as 'n staatkundige model en die streeksbelange wat dit wil verskans, beteken nie blanke oorheersing nie, sê hy aan **HENNIE SERFONTEIN**

"DIE NP se jongste grondwetlike voorstelle moet sonder versuim verwelkom word as die basis van 'n totaal aanvaarbare onderhandelingspakket," sê Wiechers in 'n onderhoud.

Wiechers verwerp die kritiek deur die ANC en andere wat die NP daarvan beskuldig dat dit wesenlik 'n ingeboude beskerming van apartheidsgebruike en wit minderheidsvoorregte bied.

"Die nuwe voorstelle is beslis nie meer 'n apartheidsmodel nie en sluit die aanvaarding van een mens een stem, algemene stemreg en die beskerming van menseregte as uitgangspunt in. Met dit as basis kan mens onderhandel oor die detail van sake soos die kabinet, twee kamers, streeksregerings, ens.

"Daar is niks in die pakket wat die onderhandelings van die begin af verongeluk, of ons op 'n dooie punt afstuur nie, juis omdat dit die genoemde twee uitgangspunte as basis vir die skepping van demokrasie het."

Wiechers glo die voorstelle behels 'n "kompromispatroon" waarop die ANC en die NP tot 'n vergelyk kan kom wat die eerste of tussentydse grondwet betref, want dit skep die grondslag waaruit 'n eerste koalisie-regering kan ontwikkel.

Hy sê die NP se voorstelle is gegrond op die "konsosiasie"-konsep van die Nederlandse grondwetdeskundige Arend Lijphart.

"Maar konsosiasie is nie 'n staatkundige model nie. Dit is wesenlik 'n samewerkingsmodel. Werk dit, kan daaruit 'n formele grondwet groei. Dis dus 'n oorgang tot die skepping van 'n finale demokratiese staatkundige struktuur."

Hy beklemtoon dat die NP-voorstelle 'n heeltemal aanvaarbare onderhandelingsmodel is, en begrippe en beginsels behels wat "internasionaal erken word en nie summier as verskuilde apartheid afgemaak kan word nie. Dit sou 'n fout wees om summier die idee van 'n presidensiële kollege van drie of meer mense af te skiet," sê hy. "Die idee van 'n troika is basies 'n oorgangsmodel wat prakties in 'n oorgangsfase kan werk. Dit is 'n beginsel afkomstig uit die Romeinse tyd om 'n magsbasis tussen leiers en partye te reël."

Hy sê die skepping van 'n nuwe grondwet kan 'n paar jaar duur. So kan 'n sogenaamde eerste grondwet op die breë grondslag van die NP-model aanvaar word, as 'n tussentydse regeringsgrondslag totdat 'n finale grondwet binne vyf jaar aanvaar word.

"So 'n eerste of oorgangsgrondwet kan 'n ingeboude hersieningsmeganisme hê. Daar kan 'n staande hersieningskomitee wees wat jaarliks verslag doen en na byvoorbeeld vyf jaar 'n totale, finale hersiene grondwet aan die partye voorlê."

Wiechers sê dat hy van sowel die ANC as die NP verskil oor die maniere waarop hulle geïntegreerde samewerkingsmodelle op streeks- en plaaslike vlak van bo af kunsmatig wil afdwing.

"Dit sal baie vinniger vorder as plekke soos in groter Pretoria en Johannesburg wit en swart plaaslike rade op daardie vlak 'n integrasiemodel op hul eie uitwerk wat vir almal aanvaarbaar is. Die plaaslike en samewerkingsmodelle kan dan momentum gee en deurwerk na die sentrale onderhandelinge."

Wiechers verwerp die ANC se kritiek teen die beginsel van federalisme vervat in die NP se voorstelle, die instelling van streekregerings is die enigste wyse waarop kulturele aspekte van minderheidsgroepe se regte beskerm kan word.

"So sal KwaZulu polities en andersins altyd 'n nasionale minderheid bly. Hul spesifieke streeks- en ander behoeftes word beter op streeks- as op nasionale vlak geakkommodeer. 'n Mens wil ook nie plaaslike konflik op nasionale vlak uitdra nie."

Hy stem saam dat devolusie van mag na die streke en plaaslike owerhede die beste vorm van demokrasie is.

"Die probleem is dat die meeste ANC-mense nog vasgevang is in die sindroom van beplanning as die antwoord op alles."

Wiechers het begrip vir die ANC se vrese dat apartheidspraktyke kan voortduur, "maar die antwoord is nie 'n hoogs gedesentraliseerde sentrale gesag nie. Jou instrument is die grondwet met sy handves van menseregte, wat 'n beleidsdokument is en wat al sulke praktyke verbied.

"Die onus is op elke streek- en plaaslike owerheid om op te tree. Dit hoef nie vir 'n sentrale regeringsbesluit te wag nie. Trouens, in terme van die menseregte-handves, is versuim om op te tree 'n misdryf en kan so 'n owerheid deur die hof verplig word om op te tree."

Wiechers sê terwyl die NP se voorstelle nie apartheid verskans nie, "bly daar nog die groot vraag hoe die nawerking van apartheid realisties aangespreek kan word.

"Die toets moet wees of dit ekonomies en volgens die regverdedigingsbeginsel gedoen word. Moet mense se eiendomme weggeneem word met min of geen vergoeding nie net omdat hulle wit is, soos wat die ANC se voorstelle suggereer? Of is hulle op realistiese vergoeding geregtig soos internasionaal aanvaar word?

"Ons moet oppas om die nagevolge van apartheid op 'n onregverdige wyse reg te stel en op 'n wyse wat meer konflik skep."

Hoewel Wiechers die beginsel van streeksregerings aanvaar, stem hy nie saam dat dit op die huidige basis van die nege ontwikkelingstreke moet geskied nie. "Die desentralisasie van mag werk nie op die basis van administratiewe eenhede nie. Dit word op lewende, organiese politieke eenhede gebou.

"Daarom behoort ons as deel van die politieke rekonstruksie die vier ou provinsiale owerhede te herstel. Elke provinsie sal dan die reg hê om te verdeel in substreke indien nodig."

Wiechers ondersteun die skepping van 'n tweede kamer met 'n vertragingsmeganisme om wetgewing van die eerste kamer te hersien.

"Maar die ANC is reg as hy beswaar maak teen 'n absolute veto. Die tweede kamer kan nooit finaal die meerderheidsbeginsel frustreer nie."

Die beginsel dat die tweede huis bestaan uit verteenwoordigers van die streke op 'n gelyke basis is internasionaal aanvaarbaar, soos in die VSA waar elke staat, hoe ryk of arm, twee senatore kies.

"Die NP se voorstelle gaan oor streeksbelange en nie om blanke beskerming nie."



Van Zyl Slabbert

## NP-riglyne sal aanvaar moet word, sê Slabbert

"DIE NP se grondwetlike voorstelle bevat beginsels waarteen baie min beswaar ingebring kan word, as mens ernstig is met die skep van 'n demokratiese grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika.

"Mens kan kibbel oor die detail. Maar die basiese riglyne sal aanvaar moet word deur enige party wat aan onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet vir 'n nie-rassige demokrasie wil deelneem."

Dit is die mening van Van Zyl Slabbert, die mededirekteur van IDASA oor die onderhandelingsproses ná die NP se nuwe grondwetlike voorstelle.

"Die KP besef die ou politieke arena van wit politiek se grense is nou finaal afgebreek.

"In die groter arena van die nasionale politiek, het die KP geen kans om mag te bekom of te beïnvloed nie. Daarom is daar nou die krampagtige pogings deur die KP om stemming te skep vir die hou van 'n wit verkiesing.

Slabbert voorspel die NP wil homself so aantreklik moontlik maak vir die grootste aantal swart, bruin, Asiër en wit Suid-Afrikaners om 'n mandaat te kry in 'n oorgangsreferendum wat die huidige grondwet kragteloos sal maak.

Hy sê die regses het slegs twee moontlikhede: óf groter militantheid om die stabiliteit in die onderhandelingspolitiek te ondermyn, óf om te hergroepeer vir onderhandelingspolitiek.

Maar as laasgenoemde moontlikheid werklikheid word "sal dit beteken die regse partye sal die kwessie van partisie of selfbeskikking bedingbaar moet aanbied."

Slabbert sê dieselfde dilemma staar linkser en radikaler partye en elemente binne die ANC in die gesig. "Of hulle gaan vir militantheid, óf berei vir onderhandelinge voor."

Slabbert waarsku 'n toename in militantheid van beide links en regs sal "die momentum-verhouding in die middel versterk en die druk vir prestasie ten einde te demonstreer dat onderhandelinge werk, verskerp.

"Die prestasie sal ten nouste afhang van groei en herstel in die ekonomie."

Maar as die partye wat in die middel bind nie konsensus bereik oor hoe om die oorgang te beheer nie, en ook nie slaag om bevredigend te presteer nie, "sal hulle van links en regs uitgelewer word. En in sulke omstandighede is dit heel moontlik dat 'n nuwe periode van outoritêre beheer kan ontstaan."

Slabbert sê terwyl regse militantheid nie beheer van die regering of die staatstrukture kan verkry nie, "dit tog die vermoë het om die prestasie van die onderhandelende partye te ondermyn."

Slabbert sê saam met die regse militantheid en ontevredenheid is daar ook linkse ontevredenheid wat kan manifesteer in protes en massa-optredes.

Aan regse kant is grootskaalse ideologiese verwarring oor beleid en strategie tussen die KP, AWB, Orde Boerevolk en ander groepe. "Daar is slagspreuke en 'n nostalgiese teruggryp na die verlede, sonder dat die probleem van mag en oorgang werklik die hoof gebied word."

Maar binne die KP is tekens dat ernstiger besin word oor konsepte soos "opofferende partisie en gemeenskapselfbeskikking".

Hoewel hy vrees dat ideologiese verwarring 'n teelaarde is vir verdere regse radikalisme, glo hy "die geskiedenis leer dat sulke radikalisme en leierskap gewoonlik kortstondig is.

"Want die eenvoudige vraag wat elke keer gevra moet word, is of dit hoegenaamd moontlik is om Eugene TerreBlanche van die AWB of Benny Alexander van die PAC ernstig op te neem as 'n moontlike toekomstige president van Suid-Afrika."

# Keerpunt van die eeu?

**Die mense van die Sowjetunie het nog nooit demokrasie geken nie. As hulle nie die knie voor die Mongole of die Turke moes buig nie, was dit voor die tsare of die diktators van die kommunisme. Gaan dit uiteindelik verander? CHARL NAUDÉ het dié oorsig saamgestel**



Twee oues van dae in Moldawië wys hul blydskap ná die president van die republiek aangekondig het dat dié republiek onafhanklik gaan word. (Foto: AP)

Die mense van die Sowjetunie het nog nooit demokrasie geken nie. As hulle nie die knie voor die Mongole of die Turke moes buig nie, was dit voor die tsare of die diktators van die kommunisme. Gaan dit uiteindelik verander? Die vyfjarige Micha het gewys hoe die meeste mense in die Sowjetunie oor die mislukte staatsgreep voel. Hy het in Moskou na die reuse-gebou wat die Kommunisteparty se sentrale komitee gehuisves het, geloop, sy gulp afgetrek en argeloos water afgeslaan.

Die skare het gejuig. 'n Man het die seuntjie op sy skouers getel en gesê: "Hier is die eerste vry man in Rusland!"

Die mislukte staatsgreep in die wêreld se grootste land het skynbaar finaal 'n streep deur die kommunisme getrek. Die Russe was inderdaad nog nooit vry nie. Vóór die kommunisme het die tsare in 'n feodale stelsel die septer geswaai.

In 1939 en in die jare daarna het die Sowjetunie met die Tweede Wêreldoorlog as verskoning, Litaue, Letland, Estland, Pole, Tjeggo-Slowakye, Oos-Duitsland, Roemenië en Finland met 'n mengsel van sluwe diplomasie en militêre mag ingepalm. Die mislukte staatsgreep wou die losser unie van state verhoed wat pres Mikhail Gorbatsjof voorgestel het om die mankolieke Sowjetunie te red - maar het waarskynlik juís die totale vernietiging van die stelsel ingelui.

Die Sowjetunie is, soos Joegoe-Slawië wat tans in 'n burgeroorlog verbrokkel, deels 'n uitvloeisel van die Tweede Wêreldoorlog. Die erfenis van die Tweede Wêreldoorlog, deels veroorsaak deur die inhalige diplomasie van die oorwinnaars ná die Eerste Wêreldoorlog, kom met dié twee konfrontasies skynbaar tot 'n einde. Dié verbrokkeling het in Oos-Europa begin. Is die jongste verwikkelinge die aanloop tot die sluiting van 'n eeu se politiek? Só beskou, het die staatsgreep kardinale dramatiese betekenis.

## Geskiedenis

Slawiese stamme het in die vyfde eeu na Rusland geëmigreer. Die eerste Russiese staat kom in die negende eeu tot stand met Kiev en Novgorod as die setels van Skandinawiese opperhoofde. Ná die Mongole die gebied onderwerp het, word Ivan die Verskriklike die eerste tsaar in 1547, en Peter die Grote stig in 1721 die Russiese Ryk. In 1917 neem die Bolsjewiste die regering oor.

Kan kommunisme hervorm word? Uit die oogpunt van die Sowjet-bevolking nié. Regdeur die Sowjetunie word standbeelde van Marx, Engels en Lenin afgebreek en op dieselfde ashoop as Stalinisme gegooi.

## Die Baltiese republieke

Die staatsgreep was die regstreekse rede waarom Litaue, Estland en Letland hulself onafhanklik verklaar het. Noudat die staatsgreep misluk het, gaan hulle kwalik van deuntjie verander. Saterdag het Oekraine en Maandag Wit-Rusland dieselfde gedoen. Die Baltiese republieke én Moldawië het, soos Rusland, die Kommunisteparty se aktiwiteite verban.

Die Russiese president, Boris Yeltsin, het Estland en Letland se onafhanklikheid in 'n dekreet erken, soos hy in Julie vanjaar reeds teenoor Litaue gedoen het. Maar Rusland is nie die Sowjetunie nie. Die Sowjet-president, Mikhail Gorbatsjof, het al gedreig om te bedank as die republieke volledig afskei. Litaue het egter gesê hy eis minstens 'n verbintenis tot sy onafhanklikheid deur die Sowjetunie.

## Die ander republieke

Oekraine se president Leonid Kravshuk het 'n meer katvoet-benadering teenoor die staatsgreep gevolg: hy het geweier om die staatsgreep-komitee bínne sy republiek te erken, maar nie die staatsgreep in die Sowjetunie ongrondwetlik verklaar nie.

Kasak, óók versigtig, het die staatsgreep versigtig verwerp en duidelik gemaak hy verkies 'n konfederasie bo 'n federasie: volgens hervormers dié sentrale kwessie.

Die republiek Aserbaidjan was té versigtig: sy president het die staatsgreep ondersteun en slaap nou onrustig.

Moldawië, wat van Roemenië afgerokkel is, wil lankal met dié land herenig en die verwagting is dat hy homself binnekort onafhanklik sal verklaar.

Wit-Rusland se ondersteuning was noodsaaklik vir Gorbatsjof se Unie-verdrag en sy onafhanklikheidsverklaring word gesien as 'n ernstige terugslag daarvoor.






Polisie van Estland bewaak die KGB-gebou in Tallinn om provokasie te voorkom. (Foto: AP)

## Wêreldreaksie

Die volgende lande het die Baltiese republieke se onafhanklikheid erken: Nieu-Seeland, Argentinië, Denemarke, Ysland, Noorweë en Tjeggo-Slowakye.

Dié lande smee diplomatieke bande met hulle: Roemenië, Frankryk, Duitsland, Kanada. Dié lande gaan hulle erken: Japan, Amerika, Brittanje en Switserland. Frankryk en Duitsland gaan die Europese Gemeenskap vra om ekonomiese bande met die Baltiese republieke te smee. Indië gaan met hulle nie-amptelike betrekkinge aangaan.

Amerika weerhou amptelike erkenning - hoewel hy die republieke ten volle ondersteun - totdat die netelige verhouding tussen die republieke en die Sowjetunie duideliker blyk. Pres George Bush is ten gunste van die behoud van 'n sentrale gesag in die verbrokkelende Sowjetunie, 'n situasie wat volgens hom "aansienlike probleme vir Amerika se buitelandse beleid inhou."

## Probleme op pad na erkenning

Die rol van minderhede in die Baltiese republieke en grensvraagstukke is groot struikelblokke. 'n Voorste hervormer het vandeesweek gewaarsku strukture van verdrukking kan hulself onder die dekmantel van nasionalisme herorganiseer as hulle nie vóór onafhanklikheid - wat dus nie te vinnig moet plaasvind nie - tot niet gemaak word nie.

Die Sowjet-republieke is ekonomies afhanklik van mekaar en dis sekerlik een van die Sowjetunie se voorstaanders se oorwegings. Meer as een van die wegbreekrepublieke het in die laaste dae te kenne gegee hulle beoog minstens 'n soort ekonomiese eenheid.

Die grootste probleem vir die Weste is wat van die Sowjetunie se kernwapens gaan word. Die meeste, maar nie al die kernwapens nie, is egter op Russiese grondgebied.

## Joego-Slawië


Die weermag van Joego-Slawië, 'n federasie waarin Serwiërs oorheersend was, word deur Kroasië daarvan beskuldig dat hy Serwiese nasionaliste in Kroasië steun om teen dié republiek te veg. Kroasië het laat weet as Serwiese nasionaliste nie teen 31 Augustus ontwapen word en troepe nie voor dié datum na hul barakke terugkeer nie, hy op 'n algemene grondslag sal mobiliseer.

Op 7 Augustus vanjaar is 'n staakvuur afgekondig, maar 70 mense is sedertdien in geweldpleging dood. Joego-Slawië, wie se enigste ware eenheid 'n kommunistiese stelsel was, het vinnig verbrokkel nádat die kommunisme in Oos-Europa in duie gestort het.

"Die leër neem die voortou in Serwië se oorlog teen Kroasië," sê 'n Kroatiese woordvoerder. - AFP.

**Statistiek oor die Sowjetunie (290 miljoen inwoners):**

| | |
|---|---|
| Russiese Federasie: | 146 miljoen |
| Oekraine: | 51 337 000 |
| Oesbek: | 19 569 000 |
| Kasak: | 16 470 000 |
| Wit-Rusland: | 10 140 000 |
| Aserbaidjan: | 6 921 000 |
| Georgië: | 5 297 000 |
| Tadsik: | 4 969 000 |
| Moldawië: | 4 224 000 |
| Kirgisië: | 4 238 000 |
| Litaue: | 3 682 000 |
| Armenië: | 3 459 000 |
| Turkoman: | 3 455 000 |
| Letland: | 2 673 000 |
| Estland: | 1 571 000 |





# A different order

## Two ex-prisoners, Prince Morare and another who prefers to remain anonymous, talk about prison gangs, and how - and why - they stayed out of them. They told AUDREY BROWN what they saw and experienced

WHEN the prison door clangs shut behind you, shutting off the outside world, a new one opens up in front of you. It is the world of "phakama" and "shaff kop", the world of "gandalela". This is the world of prison gangs.

Here, a different order prevails - where you appear before the "world court", where a "stuka" or a "tjap" denotes your status, and in some instances, determines whether you live or die.

It is a choice that faces every prisoner, a very difficult choice to make, considering the centripetal forces acting on them.

D, the anonymous informant, describes the pressures that influence prisoners in making that choice: "When you arrive in prison, the older prisoners will approach you, telling you that it is safer to belong to a gang because then you will live soft. Some of what they say is true, because it is difficult to survive under any conditions. They tell you that prison is a concrete jungle and that you will never survive on your own. As jy miskien vol raak van wat hulle sê, dan sal jy hulle join. [If you are convinced by them, you will join them]".

Prince Morare tells how he resisted joining a gang: "While I was still on trial, one of my co-accused gave me tips on how to survive in prison. He told me not to join a gang, but rather to make friends with the 'generals' of all the gangs. I did this by buying them cigarettes, by reading newspapers to them. They have a lot of respect for people who can read, so they left me alone."

Both resisted and survived. For D it was a matter of pride: "I thought these people were not of my class. If you join a gang, you are committing yourself to life in prison, you stop thinking of life outside. And I was not interested in living in prison forever. But the people who belong to gangs tend to stay there for a long time. You will find that someone was sentenced to 18 months - ten years ago. They will explain it by saying that they cannot argue with the boss, so if the boss wants you stay inside, you have to do something to get a further sentence."

Both informants say that force was not used against them, but say that there are instances where force was used against other people who refused to join.

Morare says: "They will invite you to share food with you, and talk you into taking the 'tjap' (tattoo), which is the gang's 'stuka' (emblem). They do not force you to join as such. They will just tell you what could happen to you if you don't join."

According to Morare and D, the following gangs existed in the prisons where they were incarcerated: The Big 5, the Air Force, the 26s, 27s and the 28s. And according to D, they do different "work".

"By the twelve points (twaalf punte) of the gangs, they each have different reasons for existing. The Big 5 are there to spy on the activities of the other gangs. They say 'hulle werk met die 9 (the authorities). If for example, the 26s are planning a phakama (uprising), and the Big 5s finds out, they will inform the prison authorities. The 26s 'kyk kroon', they work with money. So anything to do with money in prison, the 26s are involved. They can even kill you for money. And if they find you, a non-member, involved in making money in prison, they can kill you. If you are a new prisoner, they will try to trick you out of your money.

"The 27s are 'wyfies' [catamites] of the 28s - they say ladies first - which means that they are the wives of the 28s. Sometimes they are referred to as their children. They do the household duties of the 28s but in return they get favours. The 28s look after them by giving them nice things to eat. For example, they'll take prison porridge and make a delicious dish out of it. They'll put Cool-Aid in it, and turn it into a dessert. Or else they will smuggle with things from the kitchen for the 27s to eat."

According to Morare, all the gangs are involved in homosexual activity, and therefore this is not the private domain of the 28s. However, it is their primary activity.

Another gang, called the Air Force, exist solely to effect escapes from prison. D says: "The Air Force gang don't want to live in prison. They say that prison life is for animals, and that no white man can keep a black man in prison. So they will make any effort to escape. And they have everything to help them escape because they are the richest gang. They are the ones that carry out the bank robberies.

"If they are planning an operation, they will come into the cell to fetch maybe someone from the Big 5 that they want to use as a sacrificial lamb. Then all of those in the cell must "shaff kop" (hide your head under the blankets.) They will say, 'siyazebenza madoda, shaff kop. Sipikelela ngaphandle egatini,' which means we are going forward with our freedom."

All the gangs have similar hierarchies, the general being the highest authority. They also have judges, who hear "cases" before the "world court", generals who plan battles, lieutenants, mp's (members who have no rank), 'kleintonge' - new recruits, and wyfies.

Of necessity, the gangs have different ways of addressing each other and dressing and use different tattoos to identify themselves.

D describes the different codes: "The Big 5 tjap a swastika and a B and a 5 on their right hand side. Their wyfies have a small swastika which is called a skirt, tattooed on their left wrist. The 28s tattoo a naked woman, which shows that they are involved in homosexual activities, while the Air Force have the letters RAF tjapped on their arms. The stuka of the 26s is the letters 2 and 6 on the arm. They also wear their clothes differently. The Big 5 wear shoes with thick soles, they call them the 'drums of Berlin', and they use those shoes to 'gandalela' (trample) people to death. The 28s wear wide bottomed pants - they call them 100 bottom. The Big 5 like to wear crepe bandage on their wrists, but the 26s wear there clothes 'prison issue', which means that they don't change anything."

Violence, and often killing, forms a large part of the activities of the gangs, and here too, different methods and rituals are used.

According to Morare, the 28 kill by using spoons. "They would use maybe the spoons that we eat with. They sharpen them on the walls, then they roll it in a towel, keeping the sharp edge out, and they kill with that. They do it at sunset, (shona malanga) while the 26 kill at sunrise. (puma langa). The Big 5 'gandalela' people to death - they trample you."


D says: "When the Big 5 kill, they say 'laat hy zenda' - let him die. It means nothing to them. But life in jail is like that."

And for those who do not belong to the gang, he has to "staan op sy pos" - be on the look out. Otherwise, says Morare, if you get caught in the crossfire of a phakama, "they say ushayiswe istimela - you were knocked down by a train."

# Jy hou jou by jou werk

"Jy het jou ma en jou pa vir die boek van **26** verkoop, nou vandag wys die boek jou dat jy nie weer 'n ma en 'n pa het nie. Want die boek van **26** wat jy kyk, is jou ma en jou pa salute. Jy is gebore uit die nommer van **27** salute. Ngilekejana is jou ware pa en jou boek wat jy kyk, is jou ma salute." - *'n Rympie van die 26s*





DIE oorsprong van tronkbendes in Suid-Afrika lê geskrewe in die stof van die Johannesburg van ouds, en in die mites en legendes van hedendaagse gevangenes wat tot dié bendes behoort.

Volgens legendes saamgevat in 'n studie deur JM Lötter en WJ Schurink vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1984, het die tronkbendes hul oorsprong in ene Nongoloza en die Ninevite-bende wat in die begin van die eeu in die heuwels suid van Johannesburg kamp opgeslaan het en mense beroof het. Toe hulle later gevang is, het hulle hul bendebestaan in die tronk voortgesit.

Sewe of 27 mans het glo van Nongoloza se bende weggebreek en die 27-bende geword, terwyl die oorblywende 28 die hedendaagse bende met dié naam geword het. Die redes vir die tweespalt was blykbaar Nongoloza se besluit om homoseksualiteit onder sy manne toe te laat. Dié wat beswaar gemaak het hierteen het weggebreek onder Ngelejane, Nongoloza se voormalige regterhand. Daarna, lui die legende, het nog 'n groep, die 26s, weggebreek - omdat hulle "kroon wou kyk" (met geld wou werk).

Die huidige bendes met dié name doen die verskillende "werke" wat volgens die legendes die oorspronklike breuk veroorsaak het. Die storie loop dat die bendeleiers mekaar in 'n gevangenis in Durban ontmoet en 'n verdrag gesluit het dat die verskillende bendes nie mekaar se "werk" sou doen nie, dat daar "dissipline in die nommer sou wees," dat daar solidariteit onder lede sou wees, en dat geveg sou word vir voorregte in die gevangenisse waar die bende aangehou word. Daar is ook ooreengekom dat net dié drie bendes toegelaat sou word om te opereer, en dat hulle kragte sou saamspan om enige ander bendes uit te roei.

Ondanks die verdrag het ander bendes wel ontstaan. Van die sterkstes is die Air Force-bende, en die Big 5.

Die bendes gebruik steeds die bloudruk van Nongoloza se oorspronklike groep, en organiseer hulself volgens militêre rangorde. Behalwe vir die Big 5, weier hulle om met die owerheid saam te werk.

Die oorsprong van die Big 5 en die Air Force-bende is onseker, maar dis bekend dat hulle al in die vyftigerjare bestaan het. Lötter sê in 'n artikel in 1988 in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie dat tronkbendes "amper uitsluitlik in instellings vir swart en bruin mans voorkom. Aangesien swart en bruin mans die oorgrote meerderheid van ons gevangenisbevolking uitmaak, kom tronkbendes in 'n groot deel van die gevangenis-stelsel voor."

Daar is baie min getuienis van bendebedrywighede onder wit of vroulike gevangenes.

Die legendariese bendes - die Big Five, die Air Force, en die 26s, 27s en die 28s, die "nommerbendes" - leef voort onder swart en bruin gevangenes in Suid-Afrika. Die redes vir die bestaan van dié bendes, volgens Heather Regenass van die Nasionale Instituut vir Misdaad-bekamping en die Rehabilitasie van Oortreders (Nimro), is die "behoefte wat by gevangenes bestaan vir sekuriteit, identiteit en emosionele oorlewing in die gevangenis."

Sy sê die redes waarom mense hulle by bendes aansluit, is dieselfde binne gevangenisse en buite in die gemeenskap. "Bendes neem die plek in van die gesinslewe. Maar hulle bestaan ook om baie bepaalde redes - byvoorbeeld om seks te verkry, of om geld te maak. Ek dink ook dat dit 'n manier is waarop mense hulself seggenskap kan gee. Dit is baie moeilik vir die individu om die stelsel te bestry, maar in 'n groep met sy eie reëls, sy eie magstrukture, is dit baie makliker. Dit gee 'n stem aan mense wat nie 'n stem het nie."

Die RGN-verslag gee dié redes aan vir die bestaan van bendes:

"Bendes voorsien in heelwat van die sielkundige, sosiale en fisieke behoeftes van hul lede. Hulle verskaf kameraadskap, status, beskerming teen 'n groot
verskeidenheid gevare en, waar dit toelaatbaar is, seks."

**Dié uitsonderlike foto's van die lewe in die tronk is in die Pollsmoor-gevangenis geneem deur die Kaapse fotograaf Guy Tillim met spesiale vergunning van die Departement van Korrektiewe Dienste.**

## Die lewe en die dood gaan voort

Die Departement van Korrektiewe Dienste se Jaarverslag van 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990 bevat dié statistieke oor gevangenes. Dié syfers sluit nie die tuislande in nie

| | |
|---|---|
| **Sterftes van gevonniste gevangenes** | |
| Natuurlike oorsake: | 14 |
| Selfmoord: | 18 |
| Vervoerongelukke: | 2 |
| Aanranding van medegevangenes: | 14 |
| Ander: | 3 |
| **Sterftes van ongevonniste gevangenes:** | |
| **Oorsaak:** | |
| Natuurlike oorsake: | 14 |
| Selfmoord: | 2 |
| Aanranding deur medegevangenes: | 1 |
| Oorsake nog onbekend: | 2 |
| **Onvlugtings:** | |
| Uit die gevangenis: | 115 |
| Buite die gevangenis: (vanuit werkspanne: | 501 |
| Buite die gevangenis (uit hospitaal, geleides) | 47 |
| Kinders (suigelinge) opgeneem in gevangenisse: | 1 588 |
| Babas gebore tydens moeders se gevangesetting: | 81 |

Volgens die jongste verslag, wat nog nie uitgereik is nie, is daar nou 87 000 gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke.

Beskikbare akkommodasie vir gevangenes: 83 000, terwyl daar 87 000 gevangenes is.
Daar is 202 gevangenisse in die Republiek van Suid-Afrika

Volgens syfers verskaf deur die Nasionale Instituut vir Misdaadbekamping en die Rehabilitasie van Oortreders (Nimro) begeer die staat R25 per dag per gevangene.

# ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

## *Collage:* Goeie idee, halwe werk

Dít was darem 'n teleurstelling dié insetsel oor die reklamebedryf Sondag op *Collage*. Met beloofde besprekingspunte soos "Is TV-advertensies 'n kunsvorm?" en "Hoe vergelyk plaaslike advertensies met dié van oorsee?" het 'n mens uitgesien na 'n komplekse program met 'n lekker vurige debat oor die kuns-aspek en 'n paar goed gemotiveerde menings oor die stand van die plaaslike advertensiewese - verkieslik aan die hand van 'n geïllustreerde vergelyking tussen buitelandse en plaaslike TV-advertensies.

Wat ons egter gekry het, was 'n eensydige bespreking van al dié vraagstukke deur een man, 'n Brit Barry Fox, wat nou in Suid-Afrika woon en aan die advertensiemaatskappy Lintas verbonde is. Al die advertensies wat gebruik is, was buitelandse produksies. Volgens Theo Antoniou, die regisseur van die program, *Commercial Logic*, kon hy nie plaaslike advertensies gebruik nie weens die regulasies wat aan die uitsending daarvan op TV verbonde is. As Antoniou egter werklik probeer het om 'n gebalanseerde argument in sy program weer te gee, is ek seker daarvan iewers kon hy geholpe geraak het.

Dit is ook wat 'n mens die meeste omtrent dié program gepla het: die gevoel dat dit halwe werk was; dat die regisseur 'n vooropgestelde idee gehad het omtrent die plaaslike advertensie-wese en maar te bly was toe hy iemand gekry het wat al sy teorieë kon staaf.

Fox se mening dat skeppende mense by die maak van advertensies betrokke is, maar dat advertensies as sulks geen kunsvorm is nie - net 'n manier om 'n produk te verkoop, wek belangstelling. Maar daar is tog sekerlik mense wat 'n ander mening het, en 'n debat tussen die verskillende skole kon heerlike kykstof opgelewer het. Oor Fox se kritiek op plaaslike advertensies dat dit sogenaamd "macho" en "onsensitief" is, eerder op die ego as die kieliebeentjie gerig en boonop nie baie vermaaklik is nie, het 'n mens jou bedenkinge. Hy het seker rede om te sê wat hy gesê het en daar is beslis 'n hele paar advertensies waarvoor dié kritiek geld. Maar hoekom so 'n veralgemening laat verbygaan sonder om 'n enkele mening van iemand anders te vra? Waar was verteenwoordigers van die maatskappye Hunt Lascaris, Lindsay Smithers of Rightfords - om net 'n paar te noem. Dit is almal maatskappye wat in die verlede al uitstekend gevaar het op internasionale advertensiefeeste.

Hoekom is plaaslike advertensies wat internasionale pryse ontvang het nie gewys óf eens genoem nie? Net verlede jaar het die Mercedes-advertensie met die motor wat teen die berghang afval 'n Lion gewen op die Cannes-advertensiefees. Ander bekroonde advertensies wat seker elke Suid-Afrikaanse TV-kyker kan onthou, is die ISM-advertensie met die groot olifant en die kleintjie wat teen die sandduin uitbeur, of die jaagwedstryd tussen 'n Golf en 'n skiër in die sneeu. Fox sê onder meer Suid-Afrikaanse advertensies is nie subtiel in hulle "verleiding" van die potensiële kliënt nie; dat dit geen gevoel van empatie wek nie. Hoe sou hy die Toyota-advertensie met die seepkiskarretjies beskryf, 'n advertensie wat sowel hier as oorsee uitstekend gevaar het, of dié van die seuntjie en die Sasol-karretjie.

Dit is werklik jammer Allen Auld, die uitvoerende regisseur van *Collage*, het toegelaat dat so 'n eensydige, teleurstellende insetsel in sy program gebruik is. As hy vooraf vir Antoniou gewys het op die gebreke in die insetsel kon die eindproduk heel moontlik interessant en leersaam gewees het. Nou hang die argument net in die lug...

Noudat ons in elk geval met *Collage* besig is: miskien moet die samestellers soms versigtig wees om té hard te probeer "kunstig" wees sodat die eintlike doel van die program - om mense oor gebeure of mense in die kunste in te lig - in die slag bly. Dit was die geval met Bester Ward-Produksies se insetsel oor drie Suid-Afrikaanse portretskilders. Toegegee: 'n mens kon sien met die ongewone aanbieding van veral die deel oor Braam Krüger, is probeer om die atmosfeer van Braam se kuns en iets omtrent die persoonlikheid van die kunstenaar oor te dra. Maar die ongewone is só oordryf dat die kyker in die eerste plaas glad nie kon sien hoe lyk Braam se portrette nie. Daarvoor was die prentjies onmoontlik ver en klein en boonop kort-kort verberg deur 'n camp swartman in 'n wit gewaad wat voor op die skerm verby gesweef het. Ten tweede sou die eentonigheid van die aanbieding, die herhaling van dieselfde beelde en die knaende gesing-praat enige leek onmiddellik die TV laat afskakel het, terwyl aanhangers van *Collage* met moeite bly kyk het.

Dit beteken nie inisiatief moet nie aangemoedig word nie - kyk maar na *American Chronicles*. Maar dan moet die program die kyker nie só vervreem dat hy belangstelling verloor nie, en belangrik: dit moet steeds iets sê.

### GUNSTELINGE WEN EMMYS

Daar was sekerlik g'n enkele klagte ná die oorhandiging van vanjaar se Emmys nie. Want sowat van gunstelinge op 'n wenlys was daar lanklaas.

Insiggewend dat die pragtige Patricia Wettig as Nancy en Timothy Busfield as Elliot van *thirtysomething* die Emmy vir onderskeidelik die beste dramatiese aktrise en beste byspeler in 'n dramareeks gekry het, terwyl *LA Law* bekroon is met die Emmy vir die beste dramareeks - die vierde keer dat dié reeks in dié kategorie bekroon is.

*LA Law* se standaard is deurgaans op 'n baie hoë peil met storiekinkels - soos die aanstelling van David Meyers om oor die sake van MacKenzie Brackman toesig (wag) te hou - wat net as "besielend" beskryf kan word. Daardie binnekoms van Meyers met sy geamuseerde "People, people, people" was 'n hoogtepunt in oorspronklikheid!

*thirtysomething*, daarenteen, het net sulke goeie akteurs soos *LA Law*, maar die standaard van die episodes wissel van ongelooflik goed die een week tot redelik geforseerd die ander.

Lekker ook dat 'n amper vergete macho ster soos Burt Reynolds skielik weer die kollig haal met 'n Emmy vir die beste akteur in 'n komediereeks. En wel verdiend is dié bekroning, want *Evening Shade* (gemaak deur dieselfde mense wat verantwoordelik was vir die ewe vermaaklike *Designing Women*), is snaaks sonder om te moet staatmaak op idiotiese gehoorgrappies of slapstick.

'n Regstreekse opname van vanjaar se oorhandiging van die Emmy-pryse kan Sondagaand om 9:04nm. op TV4 gesien word. Die drie gashere is Jamie Lee Curtis, Dennis Miller en Jerry Seinfeld.

### NUWE OOPTYD-REEKSE EN DRAMAS OP 4

M-Net kom aanstaande week met 'n hele rits nuwe ooptyd-reekse, waaronder *Working Girl*, gegrond op die fliek met dieselfde titel; 'n nuwe aflewering van die gewilde *Dear John* met die hangoor - Judd Hirch in die rol van 'n alleenloper wat vriendskap maar ook probleme kry by 'n alleenloperklub; en 'n nuwe *The Wonder Years*, nou - baie slim - om 6nm op 'n Vrydagaand.

*Working Girl*, die TV-reeks, het maar 'n louerige ontvangs gehad in Amerika. Akteurs in die oorspronklike fliek (Melanie Griffith het boonop die Oscar ontvang vir haar vertolking van die sekretaresse Tess McGill) is glad nie in die reeks gebruik nie en dan nog vervang deur nuwelinge wat totaal onbekend is. Ene Sandra Bullock speel die rol van Tess, wat in die reeks die twee wêrelde waarin sy leef moet probeer versoen. Enersyds is sy in 'n uitvoerende pos in die bemarkingsafdeling van Trask Industries. Aan die ander kant is sy steeds deel van die werkersklasbuurt van Staten Island, waar sy grootgeword het. Tom O' Rourke speel die rol van AJ Trask en Judy Prescott dié van Lana Peters, Tess se eksentrieke vriendin. Of dié twee spelers die skoene sal vol staan van onderskeidelik Harrison Ford en Joan Cusack moet ons maar sien. (Joan se verleidelike "Coffee? Tea? Me...? is nog te vars in die geheue!)

Twee nuwe dramareekse begin op TV4, albei Woensdagaand.

*Taurus Rising* (10:30nm) klink te lekker. Dis 'n sage oor 'n vete tussen twee skatryk families soos gesien deur die private onderwyser wat deur een familie aangestel is om om te sien na die opvoeding van 'n rebelse kleinseun. Alles word bygehaal: afpersing, korrupsie, verbode liefde, ontvoering.... Die hoofrolle word gespeel deur Linda Newton as die onderwyseres Alice, Damon Herriman as die kind, Aalan Cassell, Annette Andre en Andrew Clarke. Dit is 'n Australiese reeks met Philip East as die regisseur.

*The Trials of Rosie O' Neill* (9:04nm) het - glo dit of nie - "Cagney" Sharon Gless in die komiese rol van 'n regsgeleerde wat haar praktyk verruil vir die aanklaerkantoor in "downtown" Los Angeles. Gless span hier saam met haar *Cagney and Lacey*-vervaardiger Barney Rosenzweig.

Vir haar rol as Christine Cagney is Gless al ses keer vir 'n Emmy benoem as die beste aktrise in 'n dramareeks, waarvan sy twee gewen het.

## HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**
- *Hold My Hand I'm Dying*, 'n nogal roerende verhaal teen die agtergrond van die politieke woelinge in die jare sestig in Rhodesië, met 'n simpel, eg Amerikaanse slotliedjie. 'n Jammerte. Om 10:30vm op M-Net.
- *The Elvis Files*, 'n dokumentêre program wat "bewyse" bevat dat Elvis sy eie dood vervals het... glo dit of nie. Om 7nm op M-Net.
- *Something Wild*, 'n swart komedie oor die val van 'n yuppie. Met Melanie Griffith, Jeff Daniels en "GoodFellas" Ray Liotta. Om 9:33nm op TV4.

**MÔRE:**
- *LA Law* wat nou groot sports is. Om 8:35nm op TV1.
- *Dominick and Eugene*, 'n tranetrekker oor twee broers. Met Ray Liotta en Tom Hulce. Om 8:30nm op M-Net.
- African Wave se bydrae oor Mike Makhalemele, let wel nou op Saterdagaand, om 10:30nm, M-Net.

**SONDAG:**
- Die *Emmy Awards* 1991 om 9:04nm op TV4.
- Die lekkerlag Mike Nichols-komedie *Working Girl* om 8:30nm op M-Net.

**MAANDAG:**
- *Op versoek* om 8:35nm op TV1 - net as jy nie allergies is vir sulke pruimmond-opmerkings soos "julle ouens" en "die dames" van die aanbieder Althea Oelofse nie.
- *Turning Points of World War II* en *Red Nine* om 7nm en 8nm op M-Net ter herdenking van Wapenstilstanddag. Die eersgenoemde bekyk drie beroemde veldslae van die Tweede Wêreldoorlog en die laasgenoemde vertel meer van die "Red Arrows"-lugwaaghalse van Brittanje.

**DINSDAG:**
- *World Entertainment News* om 11:26nm op TV4 bevat onder meer 'n onderhoud met *The Doors* se Val Kilmer.
- *Modern Romance* met Albert Brooks om 7nm op M-Net.


**WOENSDAG:**
- *Dear John*, 'n nuwe reeks om 6:30nm op M-Net.
- *The Trials of Rosie O'Neill* om 9:09nm en Taurus Rising om 10:31nm op TV4.

**DONDERDAG:**
- *The John Berks Show* om 8nm op M-Net.

# SPORTRUBRIEK

**T I N U S   H O R N**





Transvaal se afrigter, Harry Viljoen. Die span se sielkundige sit heel moontlik oortyd in om hom teen depressie te behandel

# Is Transvaal se gô uit?

Harry Viljoen, Transvaal se rugby-afrigter, moet teen dié tyd al baie moeg wees vir wysneuse wat die hele seisoen al voorspel het dat die Rooibontes maar soos altyd voor die eindstryd sou uitsak.

En noudat dit gebeur het, kry hulle lekker.

Om te sê die Rooibontes se nederlae teen die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal is maar net 'n herhaling van 'n ou patroon, sou egter 'n oor-vereenvoudiging wees.

Goed en wel, die Transvaalspan wat verlede Saterdag op Ellispark teen Noord-Transvaal verloor het, was nouliks herkenbaar as die stoomroller wat die eerste ronde van die seisoen onoorwonne afgesluit het.

Maar daar is darem 'n hele klomp geldige verskonings hiervoor.

*Garth Wright se besering was 'n groot slag. Soos Naas Botha, Gert Smal en Wahl Bartmann verander hy 'n span geheel en al met sy teenwoordigheid.

Hy doen alles beter as Jannie Roets en Heinie Rietman, die twee manne wat sedert sy besering vir hom ingestaan het.

En dis nie net 'n geval van minder foute maak nie; Wright wissel sy spel skitterend af. Dit hou die teenstanders op die agtervoet omdat hulle nooit weet of hy gaan breek, skop, of uitgee nie.

Boonop maak niemand in die land swak lynstaanbesit beter skoon as hy nie. Verlede Saterdag was swak besit die enigste soort wat Transvaal kon wen.

*Johan le Roux se besering het 'n sukkelende skrum heeltemal gekniak. Noord-Transvaal se tweederangse voorry het die 'Bontes verlede week kwaai laat sukkel. Onthou, Kapstok van Greunen was eintlik die span se derde keuse op vaskop, nadat Milo Milosinovitch hom ook weens 'n besering moes onttrek.

*Hendrik Truter se skopwerk pale toe het só verswak dat dit selfmoord sou wees om met hom te volhard.

'n Paar jaar gelede het 'n Amerikaanse gholf-kommentator ná Jack Nicklaus se rampspoedige rondte van 83 in die Amerikaanse Ope gesê: "Ek wou nog altyd soos Jack Nicklaus gholf speel. Nou speel ek soos hy."

Enigiemand wat soos Truter wou skop, het stellig verlede Saterdag op Ellispark dié mylpaal bereik.

Met Cameron Oliver terug op losskakel sal dit nou beter gaan, maar 'n mens wonder wat die keurders sou gedoen het as Martin Knoetze nie verlede naweek seergekry het nie.

Truter se algemene spel is steeds goed, maar 'n betroubare skopper is nie 'n luukse nie, dis 'n noodsaaklikheid. En dit sou bitter onregverdig gewees het om Knoetze vir Truter se vrot skopwerk te laat betaal.

*Die 'Bontes se selfvertroue het 'n knou weg wat hul sielkundige slapelose nagte moet besorg.

Die nederlaag teen Natal in die Lionbeker-halfeindstryd kon hulle nog verwerk, maar slae teen die WP en Noord-Transvaal in agtereenvolgende Curriebekerwedstryde is 'n ander storie.

Wat dit erger gemaak het, was die feit dat simpel foute verlede week in die laaste paar minute 'n nederlaag in 'n vieslike loesing omskep het.

Breedt self verdien 'n bietjie kritiek hiervoor. Transvaal kon nie eers drieë druk van talle skrums en strafskoppe naby die Noorde se doellyn nie. Wat het hom laat dink hulle sou beter vaar as hulle op hul eie doellyn bewegings op tou sit?

Wanneer sulke bewegings skipbreuk ly, is dit pasella punte vir jou teenstander.

Gelukkig kry Transvaal darem dié naweek so 'n halwe ruskans teen Wes-Transvaal.

Maar hoewel daar nie beker-punte op die spel is nie, durf hulle nie staan en verloor nie. As dit wel gebeur en hulle wen nietemin die Curriebeker, sal daardie sielkundige van hulle beslis vir die een of ander Nobelprys in aanmerking moet kom.

WP, die nuwe gunsteling om die beker te wen, moet darem ook nie nou al té selfvoldaan word nie.

Soos Natal verlede jaar bewys het, kan 'n span wat die eindstryd haal, die beker wen, al tel alles vooraf teen hom.

### Naas weet nog hoe

Naas Botha is op 33 beslis nie meer wat hy vyf, ses jaar gelede was nie, maar daardie lang skepskop teen Transvaal verlede naweek was die werk van 'n meester.

Die afgelope jaar of twee het 'n mens al meer stories gehoor van Robert du Preez wat Naas goed laat lyk, omdat sy lang aangeë Naas 'n ekstra breukdeel van 'n sekonde gee om te besluit wat hy wil doen.

Verlede naweek was Robert nie op Ellispark nie. Tog het dit nie gelyk asof Naas 'n gebrek aan tyd het nie.

Dit maak 'n mens sommer vies as die Nieu-Seelandse en Australiese kommentators van Grant Fox en Michael Lynagh as die beste skoppers ter wêreld praat.

Hulle moes Naas in daardie 1987-Curriebeker-eindstryd op Ellispark gesien het.

### Wat 'n lawwe grap!

Rugby se grootbase kan vandag nie anders as om te bloos oor hul keurlys vir die reeks om die wêreldbeker wat oor 'n raps meer as 'n maand begin nie.

In hul wysheid het hulle dié lys op grond van die uitslae van die eerste wêreldreeks opgestel.

Die spanne is dus gekeur op hul vorm van vier jaar gelede.

As dit vreemd klink, luister wat dit beteken: Wallis, wat vanjaar in twee wedstryde in Australië (een daarvan teen 'n provinsiale span) meer as 130 punte afgestaan het, is derde gekeur!

Australië, wat die toernooi saam met Nieu-Seeland as gunstelinge begin, is vierde.

Engeland, die Noordelike halfrond se groot hoop, het weliswaar ook sleg teen die Wallabies verloor, maar verdien beslis beter as sy sewende plek op die keurlys. (Terloops, die magtige Fidji is vyfde).

## DIE WEEK SE TV-SPORT

Die Amerikaanse Ope tennistoernooi, wat volgende Sondag op Flushing Meadow ten einde loop, is die hoogtepunt van 'n valerige sportweek op TV. M-NET saai daagliks hoogtepunte van die toernooi uit, en van volgende Donderdag af ook regstreekse aksie.

Daar is geen Curriebeker-rugby nie. Die betaalkanaal wys môremiddag die sokkerwedstryd tussen Everton en Liverpool regstreeks.

TV1 wys Saterdagmiddag die hoogtepunte van Mark McNolty se oorwinning in die Duitse Ope.

**Die week se volledige sportprogramme is:**

**SAUK:**

Vrydag, 30 Augustus: 18:30 - Gillette World Sports Special.
Saterdag, 31 Augustus: 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; Tennis: ATP-reeks; Rugby: Gholf: Volvo-toer: Duitse Ope.
Sondag, 1 September: TV1, 12:30 - Junior Sport (heruitsending).
Maandag, 2 September: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen: Die naweek se rugby in oënskou.

**M-NET**

Saterdag, 31 Augustus: 15:00 Sal insluit: Rugby: WP teen WP-Liga en sokker: Liverpool teen Everton.
Sondag, 1 September: 06:30: Tennis: Hoogtepunte van die Amerikaanse Ope.
Maandag, 2 September: 06:30: Tennis: Hoogtepunte van die Amerikaanse Ope.
Dinsdag, 3 September: 06:30: Tennis: Hoogtepunte van die Amerikaanse Ope. 21:00: Engelse sokker: Die naweek se hoogtepunte.
Woensdag, 5 September: 22:10: Tennis: Die Amerikaanse Ope (regstreeks).

Vandag is **"statements"** van die een of ander aard so alledaags, dat 'n mens nie eers meer daarop ag slaan as iemand bloed op 'n pelsdraer gooi, of besluit om tot 'n eetstaking tot die dood toe oor te gaan nie. In 1968, toe Tommie Smith en John Carlos by die Olimpiese Spele in Mexiko die **swartmag-saluut** op die wenners-podium gegee het, was dit anders, **skryf TERRY KIRK**

# 'n swart vuis vir *geregtigheid*

TOMMIE SMITH se goue medalje in die 200 meter by die Olimpiese Spele van 1968 is vandag net nog 'n stukkie statistiek. So ook die wêreldrekord van 19,83 sekondes wat hy in dieselfde wedloop opgestel het. Maar hy sal altyd onthou word as die man wat ná sy oorwinning, saam met die wenner van die bronsmedalje, John Carlos, op die podium 'n swart vuis vir geregtigheid omhoog laat skiet het.

Smith, wie se plan dit was, was allermins die militante vryheidsvegter wat die Amerikaanse koerante destyds van hom wou maak. Hy was 'n saggeaarde, hoogs talentvolle sportman wat eenvoudig gevoel het dis sy plig om die wêreld se aandag op die onderdrukking van swart Amerikaners te vestig.

Hy het na afloop van die Spele heeltemal uit die kalklig verdwyn.

Smith en Carlos se gebaar was gelaai met simboliek; hul swart sokkies (sonder hardloopskoene) het die armoede in swart woonbuurte verbeeld; Smith se swart serp die onsinnige "rassemoorde" wat in die dekade sestig byna alledaags was, en hul swart handskoene was die simbool van swart eenheid en mag.

In 'n onlangse artikel in die Amerikaanse tydskrif *Sports Illustrated*, skryf Kenny Moore só oor Smith se besluit: "Smith se lewe ná die 1968-Spele het bewys dat dit wat hy gedoen het, nie om eie gewin was nie. Hy het na sy gewete geluister."

Smith het self gesê die daad was nie uit haat gebore nie, maar uit frustrasie.

Van die dag toe hy as klein seuntjie die vernedering moes smaak van 'n wit kind wat 'n roomys uit sy hand klap met dié woorde: "Niggers don't eat ice cream", kon hy nie die ongelykheid van die Amerikaanse samelewing verwerk nie.

Hy wou 'n bydrae lewer om dit te verander, en geweet sy plek in wêreldatletiek het hom in 'n posisie geplaas om dit te doen.

Saam met 'n klompie ander swart atlete het hy dit selfs oorweeg om die Spele te boikot nadat Suid-Afrika se hertoelating in Februarie 1968 goedgekeur is.

Afrikalande, Kuba en die Sowjetunie het ook gedreig om hulle te onttrek as die verbod nie heringestel word nie. In April van daardie jaar is Suid-Afrika weer uitgeskop.

'n Ander voorval het swart-nasionalisme egter op 4 April laat opvlam: Die sluipmoord op die menseregte-leier, Martin Luther-King. Dit het Smith meer vasbeslote as ooit gemaak om iets te doen wat die wêreld sou laat kyk na die skynheiligheid wat die Amerikaanse samelewing gekenmerk het.

"Ek het na Amerika se grondwet gekyk, en besef dat die werklikheid niks daarmee uit te waai gehad het nie."


Daar was steeds steun vir 'n boikot, maar daar is besluit om dit net deur te voer as al die swart atlete ten gunste daarvan was. Die helfte van hulle het in Julie op 'n geheime vergadering daarteen besluit.

Smith het opgestaan en gesê: "Ek haat nie die van julle wat om die een of ander rede besluit het om nie 'n gebaar te maak nie, maar ek behou die reg voor om Tommie Smith se eer te verdedig. Ek moet iets doen. Ek weet nie wat dit sal wees nie."

Hy sê hy wou hê die wêreld moes hom hoor. Toe hy in Mexiko aankom, het hy simbole gesoek en 'n paar swart handskoene laat koop.

Carlos, die gunsteling om die goue medalje te wen, het niks hiervan geweet nie. Hy het egter sy eie klein protes-aksie beplan, nadat sy wêreldrekord van 19,7 sek. vir die 200m vroeër in die jaar afgekeur is omdat sy hardloopskoene meer spykertjies ingehad het as wat die reëls toelaat.

Hy het in Mexiko op die dag voor die eindronde van die 200 besluit hy sou Smith laat wen. "Na daardie 19,7 het ek besluit die goue medalje beteken niks."




Smith en Carlos maak die gebaar wat die sportwêreld sou skud... en verander

In die eindronde was Carlos eerste uit die blokke. In die pylvak was hy byna twee treë voor toe hy die pas verslap en tot die derde plek terugsak. Smith se wentyd was 'n wêreldrekord.

Voor hulle op die podium sou klim om hul medaljes te onvang, het Smith die regterhandskoen aangetrek en die linker-handskoen vir Carlos gegee.

Hy het geweet wat hy moes doen...

# die macho malaise van suid-amerika

**THE GENERAL IN HIS LABYRINTH**
**Gabriel García Marques**
**Random Century**
**R54,95**

**HANS PIENAAR**

TOE ek die weermag ná my diensplig verlaat, wou ek nooit weer skeer nie - 'n adolessente protes teen militêre dissipline. Toe ek agterkom dat my baard die teenoorgestelde uitwerking het - dat mense my met Paul Kruger vergelyk - was dit te laat. Ek het die plesier van skeer afgeleer.


Nou oorweeg ek dit om weer te skeer, nadat ek die skeertoneel in Gabriel Marcia Marquez se jongste boek, The General in his Labyrinth, gelees het. Lees die sensuele beskrywing gerus.

Die generaal is Simon Bolivar, skatryk erfgenaam van Venezuela, wat Napoleon Bonaparte se kroning tot Keiser in Parys bygewoon het, teruggekeer het na Suid-Amerika en begin het om in 'n reeks waaghalsige veldtogte die een Suid-Amerikaanse land na die ander van Spaanse oorheersing te bevry.

In een stadium het Bolivar se magte 'n gebied regeer wat toe die grootste enkele staat ter wêreld was. Hy het, soos sy Engelstalige tydgenote in die noordelike kontinent, gedroom van 'n konfederasie wat die kontinent se rykdomme sou ontsluit.

Kon Bolivar in sy projek slaag, het ons vandag straks met 'n Spaanse supermoondheid gesit. Maar oral waar hy en sy magte getrek het om 'n sentrale gesag te probeer vestig, het dit agter hom uitmekaargeval in 'n reeks kleinlike oorloë, staatsgrepe en etniese mededinging tussen mense wat kwalik kultureel verskil het. Vandag is Suid-Amerika die kontinent van banana-republieke en staatsgrepe is, wat kan spog met die meeste regerings in sy geskiedenis.

Marquez, 'n politieke joernalis wie se boeke eers laat in sy loopbaan gepubliseer is, is by uitstek die kritikus van die Suid-Amerikaanse militêre etos, die tragi-komiese chauvinisme wat geslagte lank die toekoms vir die Latyns-Amerikaners beduiwel het. Die tragi-komiese en die fantasie waarop politieke ambisie in Suid-Amerika teer, het ontwikkel in die



magies-realistiese styl wat hom verewig het as 'n groot meester van die twintigste eeu. Dis 'n styl wat tegelyk so apolities soos die surrealisme voorkom, maar uiteindelik die meeste politieke dividende gelewer het van alle skryfwerk in die eeu, met moontlike uitsondering van die Oos-Europeërs soos Havel, Kundera en Sinajefski.

Sy jongste werk wyk heeltemal af van die magiese styl, en lyk soos 'n taamlik nougesette biografie - Marquez hou hom streng by geskiedkundig korrekte beskrywings en feite. In 'n kort addendum skryf hy ook oor die groot bloedsweet wat dit hom gekos het.

Maar uiteindelik is dit 'n treffende demonstrasie van die politieke kweekbodem van die magiese styl, omdat Bolivar se lewe en dade so baie kenmerke van 'n Marquez-verhaal toon. Over geset synde, Marquez se prognose van die Suid-Amerikaanse macho malaise is klaarblyklik so raak dat hy dit met groot oortuigingskrag kon oorplant op die vader van al die macho's, Simon Bolivar.

Die verhaal begin in Bogota, Colombia, kort nadat Bolivar onder druk van afvallige soldate en politici die presidentskap ná net drie jaar opgesê het. Hy is 47 jaar oud en 'n lewende legende. 'n Rare siekte laat hom vroeg verouder, en tap sy kragte tot hy 'n paar maande later sterf - in Venezuela, waar hy gaan probeer red het wat nog te redde is van sy politieke en persoonlike fortuin.

Marquez se Bolivar is 'n ambivalente karakter. Mag is vir hom iets natuurliks weens sy aristokratiese afkoms en sy charismatiese persoonlikheid, en natuurlik 'n loopbaan as veggeneraal. Maar as ware bevryder het hy ook die bynaam El Liberator gekry - ook vir sy liberale oortuigings, wat hom sy slawe laat vrylaat het, sy fortuin laat weggee het aan almal wat maar gevra het, en selfs sy bitterste teenstanders se doodsvonnissie ná mislukte staatsgrepe laat versag het.

'n Rambo-figuur was hy beslis, wat ná 'n uitdaging met een hand vasgebind oor 'n vol rivier geswem het. Selfs 'n kaartspel onder die bome was iets waarin hy sy manlike vermoëns moes verdedig. Vroue was daar om oorwin te word, woorde was eintlik rapiere en gesprekke geleenthede om jou vernuf te toon.

Marquez vertel min van Bolivar se lewe en prestasies, behalwe in terugflitse besiel deur gesigte wat hy op sy lang reis teëkom, ou liefdes wat hy ontmoet, en veral plaaslike geregte wat hy weer kan geniet.

Bolivar se lewe is een van rituele, militêre parades, siviele plegtighede, politieke cliché's, situasies wat hulself oor en oor herhaal, kortom, 'n labirint.

Op sy laaste reis word dié rituele aangevul deur die rituele van 'n sterwende man. Daar is die daaglikse pogings van sy priesterlike lyfkneg om met alle moontlike middele die generaal se kragte te probeer herwin, sy gedurige worstelinge met die wetlike kompleksiteite van sy geldsake, worstelinge met politieke ontnugtering terwyl die regerende elite hom stadig maar seker begin uitskuif, ambivalente boodskappe van draadsitters, 'n gewik en geweeg of hy aan die rituele versoeke van al sy ondersteuners om weer die mag oor te neem, gehoor moet gee.

Aan die een kant is dit deel van die politieke proses waarvan hy sy lewe lank al probeer wegkom het, 'n proses waaroor hy van die begin af sinies was. Aan die ander kant is die onverbiddelike gang van die lewe, die uiteindelike verval en vernietiging waarop alle menslike lewens uitloop. Dis sy menslike swakhede, sy siekte, die gebreke van sy persoonlikheid, sy karakterfoute wat hom stadig laat verstrik in die laaste moeras, dié van die dood.

Die labirint is natuurlik die metafoor wat Marquez gebruik. Hy skryf in Bolivar se curriculum vitae agter in die boek: "December 10 ['n week voor sy dood]: he dictates his last will and testament. When the physician insists that he confess and receive the sacraments, Bolivar says: 'What does this mean? ...Can I be so ill that you talk to me of wills and confession? ...How will I ever get out of this labyrinth!'"

In Chronicle of a Death Foretold het Marquez geskryf hoe 'n paar broers te werk gaan om 'n man te vermoor wat hul suster sê haar verkrag het. Die moord kom eers op die laaste bladsy, maar deur te vertel hoe elke betrokkene, eintlik die hele dorp, hulle op rituele wyse voorberei op wat hulle wéét gaan gebeur, demonstreer Marquez die boosheid van verslawende begrippe soos eer, plig, respek, waardigheid wat mense dwing om gruwels te pleeg wat hulle nie wil nie.

Dieselfde soort ding gebeur in Labyrinth. Van die begin is die dood besig om in te tree. Almal berei hulle voor daarop, maar klou terselfdertyd vas aan al die illusies om die generaal en sy legende. Hulle smee saam met hom laaste, wilde komplotte; sy handjievol oorblywende soldate volg hom steeds blindelings tot hulle, verslaan deur sifilis, in dronkenskap en onmin uitmekaar val.

Die boek is uitsonderlik danksy die simpatie waarmee Marquez almal beskryf wat in die labirint dwaal. Die generaal se grootsheid is vir hom nie 'n kwessie van vernuftige oëverblindery nie, te midde van die verval behou hy sy elegansie en sy skerp insigte. En deurgaans is daar sy nimmer verflouende waardering vir die plesiere van die lewe in die sensuele en vitale omgewings waarin hy hom bevind.

In 'n boeiende essay agterin skryf Marquez hoe hy gesukkel het met die boek, en hoe sy eie reise as werkende student langs Bolivar se laaste roete hom besiel het. Hy vertel hoe almal gehelp het, van sy akademiese vriende wat hom gewaarsku het dat Bolivar nie mango's kon geëet het nie omdat die vrugte toe nog nie in Suid-Amerika gegroei het nie; tot die ambassadeurs, oud-presidente en kabinetsministers wat soms spesiaal na hom gevlieg het met boeke oor Bolivar se tyd.

Hulle moet geweet het dat Bolivar, almal se held, nie goed daarvan gaan afkom nie. Dat hulle Marquez so bygestaan het in sy eintlik eksentrieke taak, wys dalk dat Suid-Amerika, soos die res van die wêreld, ook onherroeplik aan die verander is.


WEEKLY MAIL
BOOK WEEK
'READING THE CHANGES'
1-6 September 1991
Wits Theatre, Jorissen Street, Braamfontein
Besprekings by Computicket

"TOWARDS A ZANIER SOUTH AFRICA: THE ROLE OF HUMOUR".
Sondag 1de : 8.00nm
Genooide spreker:
Tom Sharpe (U.K.)
Deelnemers: Robert Kirby, Soli Philander and Arthur Goldstuck (Voorsitter).

"VISIONS OF EDUCATION: THE ROAD TO EMPOWERMENT".
Woensdag 4de : 8.00nm
Deelnemers:
Prof Njabula Ndebele, Dr Pam Christie, Lindelwe Mabandla, Neil McGurk, Peter Randall (Voorsitter).

"POETS AND STORYTELLERS".
Maandag 2de : 8.00nm
Genooide spreker:
Breyten Breytenbach
Lees uit hulle werk voor:
Stephen Watson, Gcina Mhlope, Chris Mann, Nomavenda Mathiane, Lesego Rampolokeng, Douglas Reid Skinner, Robert Greig, Stephen Gray (Voorsitter).

"EROTICA AND PORNOGRAPHY: THE BARE FACTS".
Donderdag 5de : 8.00nm
Deelnemers:
Tom Sharpe, Matthew Krouse, Cecily Locket, Ralph Boffard and Jacklyn Cock (Voorsitter).

"WRITERS MEET THE PUBLISHERS"
Dinsdag 3rde : 8.00nm
8NM - BESPREKING
John Allen, Barry Ronge, Mathew Krouse, Al Venter, Rob Gilfillan, Barney Cohen, Glen Moss and Vicki Unwin.
GEEN TOEGANGS GELDE.

"RACE AND CULTURAL IDENTITY".
Vrydag 6de : 8.00nm
Genooide spreker:
Prof Ali Mazrui (U.S.A)
Deelnemers: Aggrey Klaaste, Albert Koopman, Dr Saths Cooper, Prof André du Toit and Prof Charles van Onselen (Voorsitter).

Vir tiener lesers.
"LET'S TURN OFF THE TELEVISION"
Aan jou gebied deur Upbeat Magazine
Vrydag 6de : 3.30nm
An afternoon with drama and rap music, including:
- A play : "Uiters Bra Spinks" directed by Peter Ngwenya.
- Chris van Wyk : "In search of a good idea".
- Teboho Maitse : A working mother's struggle to produce literate children.
- A teenage reader reports : "What teenagers really like to read".
- Orenna Krut : "Books for tomorrow's classrooms".
GEEN TOEGANGS GELDE

# GELOOFSPRAATJIES

## Godsdiensvryheid: Méér as lippetaal is nodig



Gerrie Lubbe

"GAAN die regering ook aan ons 'n miljoen rand skenk om die verspreiding van ons heilige boeke te bevorder soos die R1 miljoen wat hulle geskenk het vir die projek Bibliaton?" En: "Gaan die SAUK ons verras deur ook vir ons kwaliteit-tyd beskikbaar te stel om op TV ons geloofsoortuigings te propageer?"

Dié is maar twee van die vrae wat ek die laaste tyd te hore gekom het uit die mond van mede-Suid-Afrikaners van ander gelowe.

Daar is ander voorbeelde: die Hindoes wat vrae stel oor die jongste posstempel van die Bybel wat op posstukke aangebring word; Moslems wat sê die regering subsidieer die opleiding van Christelike teoloë en predikante aan universiteite, maar nie dié van ander godsdienste se predikers nie.

En dan is daar die algemene onsensitiwiteit by Christene teenoor ander godsdienste. Soos die Christelike leier wat ná die vergadering van 22 Junie - die een waarop verskillende politieke partye byeengebring is en wat as voorloper vir die vredesberaad gedien het - oor die televisie gesê het: "Dit het so goed gegaan met die beraad want Christene bid daarvoor."

Maar ander gelowe was ook hier verteenwoordig - tel die gebede van ander gelowiges dan nie?

Dié tersaaklike vrae moet gesien word teen die agtergrond van die Grondwet van die Republiek waarin onder meer onderneem word om die "vryheid van aanbidding te erken en te beskerm".

Wat nou ter sprake kom, is die vraag of godsdiensbevoordeling nie indruis teen die beginsel van godsdiensvryheid nie, en dit bring mens weer by die beswaar wat aanhangers van minderheidsgodsdienste in Suid-Afrika al die jare geopper het: dat hulle nie vry is om hulle godsdiens te beoefen nie, maar dat hulle bloot verdra word.

Dit wil voorkom asof die beginsel van godsdiensvryheid met al sy implikasies, soos in die Grondwet uiteengesit, nog nooit werklik deur die regering van die dag deurdink is nie. Die rede hiervoor is stellig te vinde in die teenstrydigheid wat daar in die Grondwet gevind word. As die nasionale doelwit waarna hierbo verwys word, volledig aangehaal word, lui dit: "om Christelike waardes en beskaafde normes te handhaaf en vryheid van aanbidding te erken en te beskerm".

Volgens dié stelling word Christelike waardes en beskaafde norme aan mekaar gelyk gestel. Dit noop 'n mens om te vra of dit net die waardes van die Christelike geloof is wat die toets van beskaafde norme kan deurstaan, en of dit ook die waardes van ander godsdienste geld.

Dit wil dan lyk asof die regering van die dag heel gemaklik die idee van godsdiensvryheid onderskryf, maar terselfdertyd weens sy verbintenis om "Christelike waardes en beskaafde norme" te handhaaf, iets soos Bibliathon ten volle kan ondersteun. Minderheidsgodsdienste sou met reg kan vra dat die regering neutraal bly wanneer dit kom by die ondersteuning van bepaalde godsdienste en hul projekte.

Alle burgers van Suid-Afrika, ongeag hulle geloofsoortuigings, is immers belastingpligtig en die regering is dit minstens aan elke belastingbetaler verskuldig om verantwoordelik en onbevooroordeeld met daardie belasting om te gaan. 'n Regering is nie net die regering van Christen Suid-Afrikaners nie. Dit is 'n regering wat beskerming en ondersteuning aan al sy burgers verskuldig is.

Maar is Suid-Afrika nie 'n Christen-land nie? Is ons nie daarop geregtig om die Christelike godsdiens te beskerm en uit te dra nie? Watter beswaar kan daar ingebring word teen 'n fondsinsameling vir Bybelverspreiding?

Natuurlik is daar geen beswaar teen die uitbreiding van die Christelike godsdiens in Suid-Afrika nie. Die vraag is net of dit die taak van die regering van die dag is? Is dit die taak van 'n staatsinstelling soos die SAUK? Die antwoord is tog duidelik: nee.

Godsdiensvryheid beteken dat aan alle godsdienste gelyke geleenthede gebied sal word en dat die owerheid nie die kant van 'n bepaalde tradisie sal kies nie.

Om godsdienstige pluraliteit te erken beteken nie om 'n voorstander te word van een universele godsdiens nie. Dit beteken ook nie dat godsdienste nou aan bande gelê moet word om sendingwerk te doen nie. Dit bly immers 'n beginsel van godsdiensvryheid wêreldwyd dat alle mense die reg het om te glo soos hulle wil glo, om van godsdiens te verander indien hulle dit sou verkies en om hul eie godsdienste te propageer.

Die verdwyning van apartheid gaan veral wit Suid-Afrikaners met die realiteit van ander godsdienste konfronteer. Om Hindoes en Moslems, maar ook Jode, as bure, vriende en mede-burgers te aanvaar, gaan eise aan ons stel. Maar dit gaan ons tegelykertyd die verskeidenheid van ons land nog meer leer waardeer.

**(Dr Gerrie Lubbe is dosent in Godsdienswetenskap aan Unisa en president van die Suid-Afrikaanse tak van die World Conference on Religion and Peace, 'n organisasie wat gesprekke en samewerking tussen godsdienste probeer bevorder.)**

# GREENTALK

## So that others may simply live



mike kantey

RECENTLY I attended a regional workshop hosted by the Environmental Monitoring Group - a think-tank of academics in the Western Cape - where a discussion paper on sustainable development was presented. Those in attendance were mostly life scientists and environmental activists, so it was understandable that the discussion fell heavily in favour of sustainable development as opposed to unlimited growth.

Sustainable development was defined along with the 1987 United Nations World Commission on Environment and Development as "development which meets the needs of the present, without compromising the ability of future generations to meet their own needs. It contains within it two key concepts:

- The concept of 'needs', in particular the essential needs of the world's poor, to which overriding priority should be given; and
- The idea of limitations imposed by the state of technology and social organisation on the environment's ability to meet present and future needs."

In a previous discussion of the Environmental Monitoring Group where economists had been more populous and which was reproduced in a separate document, it was evident that the two concepts of sustainable development and unlimited growth were mutually antagonistic. The argument in favour of growth runs along the following lines:

"Any argument perceived to be ambivalent on the need for economic growth is likely to be treated as a non-starter by the major negotiating parties." Given the massive discrepancies in wealth and resource distribution currently evident in South Africa, where land, housing, sanitation, jobs, and education are all in great demand; given the artificially created desire for consumption of manufactured goods (for which we have to thank years of successful advertising), it will be unrealistic to expect any political leader to attempt to persuade their followers to scale down their demands for essential services and consumer goods.

More devastatingly it is argued that rapid growth is the one mechanism which will guarantee the satisfaction of basic needs and allow a more equitable distribution of wealth. It will then be technological and sociological innovation which will overcome any environmental limitations.

Yet, even before this wildly hoped-for growth takes off, we have already witnessed massive degradation of the land, high degrees of air and water pollution, and the generation of an unbelievable volume of waste, some of it lethally toxic. Many of our sources of wealth - notably minerals and fish - have been systematically exhausted over the last few decades and are in danger of drying up altogether. As evidence of the insatiable demand for water on the Reef, we have a multi-million rand project to lead off water from another sovereign country, while in the Western Cape there is talk of damming one of the last unspoilt catchment areas - the Palmiet - to satisfy the growing demand here, and even this might be inadequate. Meanwhile megalitres of water are flushed into the sea every day in lieu of recycling.

It seems inevitable, however, that some sort of compromise will have to be reached in this decade between growth and sustainable development - some are talking of sustainable growth, not recognising that development can take place in a qualitative fashion without being consumptive. The obvious answer is for development to shift away from non-renewable resources and large-scale centralised projects towards a host of small-scale regional projects based on renewable resources. More reliance needs to be placed, for example, on conservation and efficiency when it comes to usage of water and energy and much more can be done in terms of recycling. This may imply a complete rethink of urban development projects and even a retrofitting of older projects.

At the same time someone has to make a start at scaling down the degree of consumption among the well-to-do, which implies a restructuring of human consiousness. We need to shift deliberately away from extravagant demands on the earth and in the words of Gandhi, "We need to live simply so that others may simply live."

# 'n spel tussen lig en donker

## Soos Truk se *Die Zauberflöte*, stel Kruik se opvoering van **Don Giovanni** ware feesstandaarde vir die Mozartjaar,

skryf **HENNING VILJOEN**

DIE Suid-Afrikaanse Lugdiens se geborgde operareeks *Die Wêreld van Opera* het met Kruik se uitstekende aanbieding van *Don Giovanni* so kort op die hakke van Truk se uiters suksesvolle *Die Zauberflöte* twee meesterproduksies die lig laat sien wat in alle opsigte ware feesstandaarde vir die Mozartjaar gestel het.

As jare lange assistent van Jean-Pierre Ponelle het daar iets van sy swart-wit benadering oorgebly in Sonja Frisell se konseptualisering van dié moeilik prakties opvoerbare Mozart-opera. Die kleur wat die ontwerper Peter Cazalet nog ingebring het, is ten dele deur Frisell en Malcolm Hurrell se beligting geneutraliseer om sodoende die opera se emosionele inhoud as 'n spel tussen lig en donker te versinnebeeld. (Ek weet nie hoe die lewende televisie-uitsending van die opera op Sondag 8 September gaan werk sonder om baie van dié lig-donker wisseling in die slag te laat bly nie, want die produksie is baie donker.)

Frisell se persoonsregie slaag skitterend daarin om die dramatiese handeling sinryk te laat ontknoop en om die dramatiese spanning deur die onderskeie arias te dra. Frisell se oplossing vir die omstrede moralistiese epiloog oortuig my egter nie. Die besluit om die sangers deel van hul kostuums te laat uittrek om die idee te skep dat alles net 'n spel was, het my laat voel asof ek nog besig was om 'n goed gebreide trui te bewonder - en ewe skielik is alles uitgerafel en lê daar net 'n bol wol. Miskien is daar tog baie te sê vir diegene wat die opera by Giovanni se ondergang laat eindig.

Musikaal is die aanbieding se sukses te danke aan die uitmuntende musikale grondslag wat in die orkes gelê is deur Reinhard Schwarz as dirigent. Met sy klassieke, ongeromantiseerde benadering het hy die sprankel van Mozart se musiek behou sonder om die dramatiese intensiteit in te boet.

Die sterre onder die soliste was ongetwyfeld Sebastian Holecek as 'n baie viriele jong Don Giovanni en Andrea Catzel as 'n treursieke, dog wraaksugtige Donna Anna. Holecek, die seun van die beroemde Weense sanger Heinz Holecek, beskik nie net oor 'n uitsonderlike mooi stem nie, maar projekteer ook 'n sterk teenwoordigheid wat hom ideaal geskik maak as 'n baie verlydelike Giovanni.

Met haar donker gekleurde stem het Catzel veral in die rol se meer dramatiese dimensies geslaag en met 'n briljante "Or sai chi l'onore" na vore gekom. Soos vele Donna Annas kon sy egter nie "Non mi dir" met vokale gemak bemeester nie.

As Leporello het Eduard Lehman se spel oortuig, maar ek vind sy stem ietwat blas en kleurloos - 'n kleurloosheid wat ongelukkig ook Ben Ilemann se sang as Mazetto gekenmerk het.

Hoewel die jong Marisa Vitali, wat sedert haar oorsese studies van mezzo na sopraan verander het, vokaaltegnies die rol van Don Elvira uiters goed beheer, gaan haar vertolking egter nog mank aan emosionele diepte. Haar Elvira het nog nie werklik emosioneel seergekry nie en sy dra ook nog nie haar Giovanni-obsessie met die nodige passie in haar sang oor nie.

Soos in Roodepoort vroeër vanjaar, het Gerhard le Roux gewys dat hy oor die ideale vokaliteit vir Ottavio beskik, as hy tog net meer genuanseer wil sing. Aviva Pelham is in sang en spel 'n sjarmante Zerlina en sy beïndruk veral met die teenstelling wat sy vir die twee Donnas vorm. ●

- *Met twee suksesvolle operas - Die Zauberflöte (Truk) en Don Giovanni (Kruik) in SAL se borgskapreeks Die Wêreld van Opera wil dit lyk asof opera se heil in in Suid-Afrika die toekoms in borgskappe geleë is - soos dit wêreldwyd al hoe meer die geval is. Daarom is SAL se aankondiging dat die operaborgskap vir 1992 verleng word, te verwelkom. Daar is tot 'n Verdi-jaar besluit en aanstaande jaar word dié operas deur die streekrade in medewerking met die SAL se borgskap aangebied: Un ballo in Maschera (Kruik), Falstaff (Naruk), Aida (Sukovs) en Atilla (Truk).*


*die week by die*

**MARK-TEATER**

**MARK-TEATER**
**THE BAXTER THEATRE**
*bied aan*
John Godber se Komedie van die Jaar
UP 'N UNDER
Starring Ron Smerczak, Rick Rogers, Alan Swerdlow, David Butler, Martin le Maitre en Trish McKenna
Regie deur Fred Abrahamse
'Skreeusnaaks' - Rapport
Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

**UPSTAIRS BY DIE MARK**
The Market Theatre Company bied aan
IMPROVISASIE-TEATER
PANIC STATIONS
die gehoor neem deel
Regie deur Shalom Kenon
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm

**DIE LAAGER**
Die Mark-Teater-geselskap bied aan
RAINSHARK
deur Neil McCarthy
Regie en ontwerp deur Neil McCarthy
Met Jamie Bartlett, Kate Edwards, Ramolao Makhene, Judy Broderick en James Whyle
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm

**KIPPIES BY DIE MARK**
TIMBIRA - laaste drie vertonings
TONE COLOURS van 3 Sep
*Di tot So*
*Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12*

VLOOIMARK
*Van 9vm tot 4nm*

**MARK-GALERYE**
DAVID GOLDBLATT en DUMISANI KHUMALO

TELEFOON (011) 832-1641
*Bespreek by Computicket*
*H/v Bree- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg*


## Pryswenners in Kaapse Triënnale 1991 bekend gemaak




Een van Sandra Kriel se borduurstukke

Die name van die kunstenaars wat pryse in die Kaapstadse Triënnale 1991 sal ontvang, is pas bekend gemaak. Watter een die hoofprys - die Rembrandt Goue Medalje en R25 000- kry, bly nog vertroulik tot die openingsaand.

Vanjaar is dit weer vier kunstenaars wat met die louere en 'n totale prysgeld van R55 000 wegloop. Hulle is Willie Bester van Kaapstad, Sandra Kriel van Stellenbosch, William Kentridge en Russell Scott, albei van Johannesburg. Bester en Kriel sal pryse ontvang vir hul werke in gemengde media en borduurwerk onderskeidelik, Kentridge vir sy geanimeerde tekeninge op videoband en Scott vir sy beeldhouwerk.

Die vier kunstenaars is genooi na die opening van die Triënnale tentoonstelling in die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad op Dinsdag 8 Oktober 1991. Die ontvanger van die hoofprys sal dan bekend gemaak word en die ander drie sal merietepryse van R10 000 elk ontvang. Die geleentheid val saam met die opening deur die Staatspresident van die museum se opgeknapte hoofgebou.

Die Kaapse Triënnale, geborg deur die Kunsstigting Rembrandt van Rijn, vind vanjaar vir die vierde keer plaas en dit sal stellig voldoen aan die verwagting dat die Triënnale die voorste forum vir eietydse Suid-Afrikaanse kunsskepping is. Die Triënnale het vanjaar 'n rekordgetal van 1654 inskrywings landwyd getrek. Hieruit is 147 werke van 137 kunstenaars gekeur vir die tentoonstelling wat vir meer as 'n jaar deur die land sal reis. Die beoordelaars vir die finale keuring was: Rayda Becker, Robert Brooks, Lionel Davis, Estelle Marais, Thomas Matthews, Bongi Dhlomo Mautloa, Vukile Ntuli, Gunther van der Reis en Lize van Robbroeck. ●

# die mense wat alles misloop

**ROLPRENT: THE GRIFTERS**
Met John Cusack, Anjelica Huston, Anette Bening.
Regie: Stephen Frears

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

DIÉ uitstekende rolprent oor tragiese mense is goeie, maar ontstellende vermaak, bied stof tot nadenke en sal lank onthou word. Dit gaan oor drie "grifters" - "small time"-swendelaars in Los Angeles. Spel, regie, draaiboek, fotografie, als is uit die boonste rakke.

Stephen Frears voer met dié rolprent sy verwondering met mense se uitgelewerdheid aan mekaar verder. Sy vorige prent was *Dangerous Liaisons*, en die produksiemaatskappy is onder leiding van Martin Scorsese van *Last Temptation of Christ*-faam... die wese van die Kwaad. Sien die padwysers.

Roy Dillon is so 25 jaar oud en verneuk mense om hom bv kleingeld vir 'n 20 dollar-noot te gee terwyl hy net 10 dollar betaal. Hy bêre al 'n aansienlike bedrag agter 'n prentraam teen 'n muur. "Framed" soos sy lewe en dié van enige grifter is. Die prent is ryk aan soortgelyke sinspelings.

Lilly Dillon is sy geheimsinnige ma, net 14 jaar ouer, 'n ou gesoute grifter, wat ná 'n lang tyd - toevallig net toe hy haar nodig het - haar opwagting maak in sy lewe en met 'n skok agterkom hy is ook 'n grifter.

Daar is ondertone van 'n ou bloedskendige verhouding, miskien net op emosionele vlak, tussen die twee. Lilly deurkruis die land en plaas weddenskappe op sekere perde sodat haar skarminkel-"booky"-baas nie soveel hoef uit te betaal nie.

Myra is sy meisie, ook die swendelaartipe - die noodlot het 'n manier om sulke mense saam te gooi - maar hulle kom eers later agter albei is grifters. Lilly weet om te "grift" is 'n harde lewe en is uiteraard gekant teen haar seun se betrokkenheid by Myra, vir wie ma 'n neus het.

Die verhoudings tussen die karakters en wat hulle van mekaar dink, word nooit uitgespel nie, slegs gesuggereer. Dit pas by die getemperde, onderdrukte toon van die prent. Maar hul misverstande oor mekaar loop nie uit op misverstande deur die kyker nie. Goeie regie.

Die karakters is tragies - hulle word telkens gefnuik deur 'n tydsberekening waaraan hulle niks kan verander nie, of deur misverstand, en loop só begrip en liefde vir mekaar mis.

Nie een van die twee prente wat ek hier bespreek, het die oordrewe, fetisjistiese maniërismes wat Hollywood-prente soos *Zandalee* kenmerk nie. (*Zandalee*, waaraan Nicolas Cage 'n swiepende laagtepunt besorg, is nou op die kringloop. Dis 'n fasiele, windpomp-manier om krag en charisma aan 'n karakter te verleen wat eintlik uit 'n storie of karakter moet voortkom omdat dit skakel met resonerende werklikhede.)

*The Grifters* wys die kyker dat die "baddies" soms eienskappe van goeie mense besit, en dat die laasgenoemde dalk nie altyd so goed is nie.

Daar is wel foute in die draaiboek. Lilly probeer byvoorbeeld later haar gewetenlose baas afskud deur "weg te raak". Mens sou dink dis 'n goeie plan om die ou motortjie eers te verkoop.

Die rugsteunende tema - bloedskande - word nie voldoende gesuggereer nie. Daar is wel spanning en aggressie tussen ma en seun, wat leidrade is, maar dié kan 'n legio ander oorspronge hê. Totdat Myra Roy openlik daarvan beskuldig, is die leidrade duister (nie dieselfde as dubbelsinnig nie).

In *The Grifters* sien jy hoe baie deugde van die "straight" wêreld ook in die onderwêreld geld: dissipline, vertroue, liefde, ens. Waarom is dié wêreld dan immoreel? As jy vertroue verbreek, word jy gelikwideer of gemartel, dieselfde in die "straight" wêreld nè? 'n Mens dink aan die doodstraf vir iets soos hoogverraad. Die rolprent dekonstrueer die digotomie "straight/unstraight" wêreld, asook ander skeidings soos toelaatbare/ontoelaatbare seks.

Die "seksuele" verhouding tussen ma en seun vind plaas sonder die gewone padtekens wat dit maklik maak om 'n bloedskendige verhouding te veroordeel. Die ouderdomsverskil is klein en hulle het soos vriende grootgeword.

As moord en korrupsie voorkom in die unstraight wêreld, sien jy dié dinge in hul naakte hoedanigheid; sonder 'n doel wat die middel regverdig, of openbare en wetlike sanksie, of die goeie seën van die een of ander geboë-nek-gesagsfiguur.

Binne 'n gesanksioneerde raamwerk kom dieselfde "oortredings" egter op verbloemde wyse voor. Die kyker se vraag is: kan die konteks die optrede regverdig? Indien nie, wie is die moreelste, Pik Botha of die Mafia? (Hipotese, hipotese). Elkeen moet maar self kies. Persoonlik kies ek die Mafia. Sy Italian charm is darem eg.

Die rolprent wys hoe eg die liefde tussen dié mense is; hulle kan net nie by mekaar uitkom nie weens die bedrieglikheid van hul omstandighede. Op die vraag: is die deugde in die unstraight wêreld minder werd as dié in die "goeie" wêreld, is die antwoord dus nee. Dikwels die teendeel.

Twee skokkende, hartroerende moorde word gepleeg: 'n mens het simpatie met albei moordenaars.

Anjelica Huston lewer 'n Oscarvertoning wat haar rolprent-aristokrasiestatus waardig is. 'n Meer onthutsende, "weird presence" het jy selde gesien: in dieselfde klas as Malcolm McDowell se *Clockwork Orange*-karakter.

Iets baie outentieks oor die ware Amerika vind in hierdie rolprent uitdrukking: dis onsêbaar, soos alle waarlik poëtiese inhoude, maar jy sal dit in jou nagmerries terugvind. ●



die ewige kringloop tussen fiksie en

# werklikheid

**ROLPRENT: AUNT JULIA AND THE SCRIPTWRITER**
Met Barbara Hershey, Keanu Reaves, Peter Falk
Regie: Jon Amiel

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

JON AMIEL se vorige rolprent was die bekoorlike *Queen of Hearts*. Nou kry ons méér, danksy die sterker teks - gegrond op die boek deur Mario Vargas Llosa. Die milieu het van Peru na New Orleans verander en die mense het Engelssprekend geword.

Die vernuftige verplasing van milieu sonder om die gees van die oorspronklike te wysig, wys hoe goed die regisseur sy stof verstaan. Die geestigheid van Llosa word behou. Die stof word met 'n bestendige hand van die boek-pannetjie na die rolprent-potjie oorgeplaas.

Hier is 'n pragtige prent wat nie misgeloop moet word nie, 'n fees vir die gees, verbeeldingryk en end-uit boeiend. Amiel se regie-stempel is deurgaans merkbaar; hy gebruik baie dieselfde verhaal-truuks as in *Queen of Hearts*, maar dit bly nuut. As hy so voortgaan, is sy volgende prent straks 'n tweede *Fanny and Alexander*.

Amiel maak opsetlik "minor" rolprente: die stemming is beperk, swaarwigtige kwessies soos lewe en dood word wel aangeraak en vernuftig "ontlont", maar sonder die behoud van 'n soort dubbelvisie: om die swaarwigtigheid te onthou terwyl jy tegelyk opgehef voel. Of diskrimineer ek teen komedies?

Die verhaal: 'n Legendariese skrywer van radiosepies, die middeljarige Pedro Carmichael, daag in New Orleans op, vroeë jare vyftig, bloeijare van die radiosepie. Martin, in sy twintigerjare, word sy leerlingskrywer. Dié is verlief op sy 35-jarige geskeide tante, Julia. Die taboe van "bloedskande" in die konserwatiewe gemeenskap kom ter sprake en op 'n kol moet Martin en Julia omtrent vlug.

Hier het ons 'n ander, minder ernstige beskouing van bloedskande as in *The Grifters*: dié taboe se grootste belang is omdat dit dramatiese waarde het, en die mens is 'n dramatiese wese, wil die rolprent sê. *Aunt Julia and the Scriptwriter* stuur die melodrama wat bloedskande omgeef in soortgelyke melodramatiese terme op - 'n soort koggel.

Die tema is hoe fiksie en werklikheid op mekaar teer en mekaar afbeeld. Die inhoud van fiksie en werklikheid verskil nie, die rolle wel. In dié prent vind dié post-moderne tema behendig beslag. Dus: voorgeskrewe materiaal vir alle post-moderne poetasters en romankasters: wys, moenie sê nie.

Die prent het twee dele: Pedro se "grootse" radiosepie word voorgestel presies soos die luisteraars hulle dit voorstel. Pedro haal die gebeure regstreeks uit die gemeenskap se lewe, maar die mense herken dit nie. Totdat Pedro sy hand oorspeel... Die ander deel is die "werklike" gebeure.

Peter Falk (Pedro) lewer 'n vuurwerkvertoning van veelsydige spel - mimiek, klanknabootsing en so meer. Vir die grand finale van sy sepie vertolk hy self die uiteenlopende karakters. 'n Oscar-vertoning! (Hy is die rol aangebied na aanleiding van sy spel in *Wings of Desire*.)

Pedro is een van die beminlikste rolprentkarakters tot dusver. Hy tref geen onderskeid tussen sy lewe en sy rolle nie, tog het jy selde 'n minder pretensieuse karakter gesien. Maar hy is 'n bliksem. Hy doen dinge soos om Martin en Julia vir ete te nooi om aan huis in 'n "aangename" stemming hul liefdesprobleme op te los. (Julia moet eers 'n kokkorot doodslaan.) Dan gee hy voor hy moet vinnig wegwals op 'n afspraak, die ete is klaar, hulle moet hulle net geniet, en neem met 'n meeluisterapparaat stelling in agter 'n muur. Só skryf hy sy volgende episode...

Een van Pedro se sêgoed is: "Art is two cannibals. Eat or be eaten." Hy glo die mens het haat so nodig soos liefde, jy moet net jou haat-voorwerp goed kies as jy wil bly lewe...

Rassehaat, godslastering, Oedipus, hond se gedagte, die works is hier teenwoordig. En as jy uitstap, is jy lief vir die lewe.

Dié sentrale toneel is waar Martin en Julia glo hulle gaan trou in 'n skelm seremonie wat Pedro gereël het. Maar dit kom aan die lig die "priester" is een van Pedro se radio-akteurs. Martin is woedend en ruïneer die geleentheid. Julia storm met 'n gebroke hart van haar "groot oomblik" weg.

Martin glo Julia is kwaad omdat Pedro hulle so mislei het. Maar sy is eintlik vir Martin kwaad: omdat hy nie die geleentheid kon aanvaar soos dit was nie. Martin kon nie "act" nie en die spel word aanvaar as waarheid.

Die rolprent wys hoe melodramaties die lewe self is - net meer subtiel. "Tragedie" op "tragedie" word telkens op sy kop gedraai, maar eers ná jy die spanning daarvan ervaar. Dié stelling is nie teenstrydig met my vorige een oor "minor" rolprente nie: spanning word wel op sulke momente ervaar, maar sonder enige komplekser emosie. Nietemin my gunsteling-rolprent dié jaar. ●

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

**PERSOONLIK**

GGG does your teapot have an address? - the EGL

**VERBLYF**

Emosioneel gevorderde persoon gesoek om huis in Westdene met bitter besige professionele persoon te deel. R450, skakel 726-5559 (na 8 saans), of 714-3218 (werkure)

Jong professionele persoon met worshond (kruis rot en vlermuis) soek dringend verblyf, verkieslik in kothuis naby Pretoria - om te huur of te deel. Skakel Ian (02211) 627104 (laat-aand)

A young Jhb journalist who is locating to Mmabatho is desperately looking for accomodation. Call Cathy (011) 836-2151 (o/h) or Ferdinand (0140) 897214 (o/h) or (0140) 841129 (a/h)

**DIENSTE**

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000. Established by the Church of Scientology in 1969.

ACCESS COLLEGE RANDBURG
Training people with disabilities. Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting
Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991. Tel: (011) 787-0275

CITY COLLEGE
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given
ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

DRESSMAKING & DESIGN
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

**GEBEURE**

LAW AND ENVIRONMENT CONFERENCE
12-13 September - Sunnyside Park Hotel
Speakers include Sachs, Glavonic & Cowen. 7 contentious topics followed by panel discussions. Bookings: Rosali Pretorius 716-5543 (O) 678-9016 (H) or Clinton Shahim 716-5542 (O) 648-3214 (H)

**MARK**

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

GRASSNYERS OP SPESIALE AANBOD!
Wasp Elektries 1800w net R869,00
Wasp Petrol 2.5 net R1015,00
Nevada Elektries 1800w net R908,00
Nevada Petrol 2.6 net R1045,00
Een jaar waarborg. Geen KBA. AVB uitgesluit. Uitstekende na-verkope diens.
Blue Moon Verspreiders. Bus 5, Glen, 9360


**STET STET STET**

Waar's PW?
Stet (6:4) het 'n (hele) rukkie gelede verskyn.
Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

**Kashgar**

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68, The Firs, Rosebank.
Tel: (011) 880-3566

**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN



Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:
**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam..........................................................................

Adres..........................................................................

..........................................................................Poskode..............

**Vrye Weekblad**

# LANSE & DRAKE

### 'n gebreek en 'n gesteek, deur Tim en Matt Sandham

## 'twice the man I used to be'

DAAR'S 'n grappie wat mense maak oor Stevie Wonder. Vraag: Hoekom glimlag hy altyd so wanneer hy sing? Antwoord: Hulle't hom nog nie vertel dat hy swart is nie.

Dis egter nie so snaaks as dit met jou gebeur nie. Ek is 'n vet ou. Die probleem is ek was nog altyd onder die indruk dat ek 'n maer ou is. Niemand het my vertel hoe vet ek is nie. Soos 'n ou wat deur sy vrou verneuk word, is ek die laaste een om uit te vind.

Iemand het 'n video by die maatskappy-piekniek geneem en toe ek dié aanskou, het die waarheid my getref. As vetwees 'n misdaad was - en dank die Vader dit is nog nie - sou die video verdoemende getuienis teen my gewees het.

Daar's ek as anker vir die toutrekspan, die enigste deelnemer aan die sakresies met twee sakke, die enigste een wat gevang word as daar vrot eier gespeel word, ens. Ek besef nou die tekens was al die jare daar. Ek het gedag hulle't my stut laat speel in die rugbyspan omdat ek so sterk was. Ek het gereeld die giggels en die woord "vettie" gehoor, maar ek het nooit besef dat dit ék was waarvan hulle praat nie. In die jaarblad het my portuur altyd veroorsaak dat die klasfoto ongebalanseerd lyk. 'n Groot, ronde, glimlaggende gesig - hulle't hom nog nooit vertel dat hy vet is nie.

Ouens soos Barry Ronge, Braam Kruger en Eddie Eckstein het nog altyd geweet hulle's vet en het geen poging aangewend om 'n geheim daarvan te maak nie. Inteendeel, hulle het hul lywigheid as hulpbron aangewend om sukses te behaal. Daarteenoor het ek nog altyd soos 'n maer ou opgetree. Ek skaam my dood oor hoe dit vir ander mense moet gelyk het. Ek dink aan Amanzimtoti; die inkopiesentrum; Speedo en plakkies.

Ek weet my verskoning klink so hol en vals soos die verskonings wat die inwoners van die gebiede om Belsen, Dachau en Auschwitz gemaak het. As ek maar net geweet het, sou ek anders opgetree het.

Ek weet nou hoe Adam en Eva moet gevoel het. Die een oomblik gaan jy nog so lekker aan met jou lewe en die volgende oomblik word jou hele lewe op sy kop gedraai.

Die nuwe kennis (is dit nou van goed of kwaad?) hou allerhande implikasies vir my in. Ek is nou onthef van baie van daardie macho pligte wat ek nog altyd aanvaar het ek moet doen. Ek hoef nie meer vir meisies te fluit as ek verby ry nie, dames sal nie meer verwag dat ek vir hulle sal opstaan as die bus vol is nie en niemand sal my kwalik neem as ek die laaste worsrolletjie eet op 'n skemerparty nie.

Ongelukkig het ek ook bewus geword van die oorweldigende aantal mense en instansies wat bekommerd is en my wil help met my gewigsprobleem. Vroeer het ek nie eers geweet van al die verslankingsmiddele en -hulpmiddele wat bestaan nie. Nou kan ek nie 'n tydskrif optel sonder om oorval te word met raad en planne nie. As ek by 'n tweedehandse boekwinkel instap, sien ek eksemplare van *The Scarsdale diet, Weigh-less diet, Two trips to the lav per meal diet, Hard-boiled egg and white wine diet* en nog vele meer. (Is hulle tweedehands omdat die mense reeds verslank het of omdat van hulle ontslae geraak is uit frustrasie?) Ná jare van sorgelose eetgewoontes voel ek nie net skuldig elke keer wanneer ek eet nie, maar ek betrap myself dat ek in die middel van die nag na die yskas sluip om verbode versnaperings in die geheim te maak. Ek het 'n man geword wat in sy eie huis rondsluip soos 'n stoute kind. Weet jy hoe lyk dit as 'n vet ou op sy tone op 'n krakerige plankvloer rondsluip? Die grootste implikasies het egter betrekking op my wesenlike bestaan.


As ek dertig jaar lank gelewe het voordat ek daarvan bewus geword het dat ek eintlik 'n vet ou is, hoeveel ander dinge is daar omtrent my liggaam en persoonlikheid - want mens kan dié twee nie eintlik skei nie - waarvan ek nog salig onbewus is?

Is dit moontlik dat ek nie die minnaar is wat ek al die jare dink ek is nie? Dis te naar vir woorde om te dink dat ek nie 'n tier in die slaapkamer is nie.


Miskien is ek nie so slim en skerp as wat ek nog altyd gedink het ek is nie. Kan dit waar wees dat almal my simpel aanmerkings en flou grappies nog altyd met stilswye en verstandige geduld verdra het? Hoeveel standerds is ek dalk deurgesit omdat die onderwyser nie kans gesien het vir nog 'n jaar saam met my nie?

Gaan ek ook soos Stevie Wonder een of ander tyd moet aanhoor dat ek eintlik swart is? Of dalk geel? Of dalk rooi?

Soos ek dié rubriek sit en skryf, val die verskriklike gedagte my by dat dit dalk nie ek is wat hier sit en skryf nie. Die gedagte vul my met hoop. Ek draai om en vra my vrou: "Kan dit wees dat ek dalk nie vet is nie omdat ek eintlik iemand anders is?" Sy druk haar kop in die gang af en roep: "Skat! Wie's hierdie vet, dom, swart ou wat by jou lessenaar sit?"




# LOSPRAATJIES



Fanie Olivier

## Kom ons lewe eerder...

TERWYL daar selfs by die FAK en die Rapportryers ernstig gepraat word oor die uiteindelike afstand doen van "Die Stem van Suid-Afrika" as volkslied, brand die vlamme wat daardeur in mense se harte aangesteek word op ander plekke nog hoog.

In 'n *Ope Brief* aan FW de Klerk laat hoor 'n dorpse boervrou onlangs hieroor. Dalk lees FW nie al die ope briewe wat aan hom geskryf word nie - daarvoor het hy verskeie ekstra ure in die dag nodig. Of dalk gaan dié uit die verafgeleë provinsies hom verby soos destyds met die Caesars. En miskien kan ons almal maar luister hoe broei dit daar buite...

"As 'n jong meisietjie het ek dikwels Vrydagoggend styf op aandag gestaan as daar 'n vlaghysing is, en uit volle bors Die Stem gesing. Ek het altyd die diepe erns gevoel van *ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika*!

"Dit was asof ek toe al 'n gewyde belofte afgelê het, want altyd het daar hoendervleis op my arms uitgeslaan, 'n knop in my keel kom sit en trane onwillekeurig in my oë opgewel. Toe al het ek gedink - nee, meer as gedink - iewers in my het die absolute sekerheid gelê: daar kom 'n tyd en 'n dag, 'n uur, waar my land dié gelofte gaan eis en ek dit gaan betaal.

"Vandag, Meneer, is ek groot. Ek het 'n professionele beroep, ek het twee klein kindertjies, 'n huis, 'n werk, alles wat my land my kon bied - maar my land is besig om te sterf.

"Op TV sien ek tonele afspeel van blankes wat opstaan en bereid is om te sterf; ook dié wat bereid is om hulle belofte na te kom.

"Iewers in my binneste roer iets wat nog altyd gesluimer het, maar altyd daar was. Klink die woorde weer in kinderstem maar met grootmens se erns: *Ons sal lewe, ons sal sterwe...*

"Met 'n sekere wete, soos die swaeltjies die winter voel, weet ek dié dag kom.

"Meneer, om te onderhandel met 'n Kommunis is vir ons nie 'n oplossing nie. Om te sterf is beter. Soos vroue wat bereid was om, selfs kaalvoet, die vreemde in te trek. Hulle wat op 'n wakatel geboorte moes skenk en dikwels nie geweet het of hulle en hul babas dit sou maak nie.

"Hulle wat in konsentrasiekampe hul kinders sien ly en sterf het, eerder as om die knie te buig.

"Hulle bloed, Meneer, vloei dik in ons are. Met ons beskaafde dop en al bly ons nog hulle nageslag. Ons sal die knie nie buig nie!

"U sg beroep op ons Christenskap is laakbaar. U verwar Christenskap met humanisme wat van die duiwel is, want daar is die mens 'n god op sy eie.

"Nee Meneer, vir my geld die belofte: *Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika.* En vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

"Hou moed my land, ons kom jou help, met God se krag."

So het die geslagte kindertjies grootgeword wat bewend op aandag gestaan het in hul aparte wit skole. Onkundig, oningelig, voortvarend en vol vrese vir die goggas waarmee babas banggemaak word.

Wat sou dié skryfster maak as sy gekonfronteer word met 'n swart Suid-Afrikaanse vrou wat ook sê dat sy sal lewe en dat sy sal sterwe vir Suid-Afrika?

Iemand wat sonder enige keuse kaalvoet vreemde plekke moes intrek omdat sy daarheen gestuur is deur die Christelike Owerheid Oor Ons Gestel?

Iemand wat op 'n kartondoos- en koerantbed geboorte moet gee en nie weet of sy en haar baba dit sal maak nie?

Om so vir Suid-Afrika te sterwe soos die briefskryfster dit uitspel, is 'n nuttelose gebaar. Wat bereik jy deur jou sterfte? Martelaarskap, miskien? En dit geld al die sg dapper helde uit al die faksies wat besig is om sinloos hul lewens "op te offer".

Ons moet ophou om vir Suid-Afrika te sterf en om daardie sterfte te romantiseer. Dié land het al te veel dooies opgelewer en elke sterfte maak hom nog kleiner en nog armer.

Kan ons nie liewer probeer om eerder vir Suid-Afrika te lewe nie, 'n Suid-Afrika waarin geregtigheid en liefde oor die velde aangesweef sal kom nie?

# 'n blêrrie brandende braambos

## Theatre director **Lucille Gillwald died** on Sunday at the age of 56 of stomach cancer. **ANDREA VINASSA** tries to make sense of it

"For some years now there has been proof that the devastating effects of the traumatization of children take their inevitable toll on society. This knowledge concerns every single



one of us - if disseminated widely enough it should lead to fundamental changes in society, above all to a halt in the blind escalation of violence.

"For their development children need the respect and protection of adults who take them seriously, love them, and honestly help them to become oriented in the world.

"When these vital needs are frustrated and children are instead abused for the sake of adults' needs by being exploited, beaten, punished, taken advantage of, manipulated, neglected, or deceived without the intervention of any witness, then their integrity will be lastingly impaired.

"The normal reactions to such injury should be anger and pain; since children in this hurtful kind of environment, however, are forbidden to express their anger and since it would be unbearable to experience their pain all alone, they are compelled to suppress their feelings, repress all memory of the trauma, and idealize those guilty of the abuse. Later they will have no memory of what was done to them.

"If mistreated children are not to become criminals or mentally ill, it is essential that at least once in their life they come in contact with a person who knows without any doubt that the environment, not the helpless, battered child, is at fault. In this regard, knowledge or ignorance on the part of society can be instrumental in either saving or destroying life."

*(The Drama of Being a Child, Alice Miller.)*

LUCILLE and I found each other here, in Alice Miller territory. Most of it unspoken. We were trying to save ourselves.

We connected after I had been the victim of domestic violence and had run for comfort to the Arena Theatre in Rosebank. (I shared a house with her stage manager.) She was directing a play about domestic violence in the American Midwest. She held my hand too tightly and took an unnatural interest in the incident... as if she wanted to prize the experience from me; as if she couldn't experience enough in her own life. She had to appropriate the experiences of others too.

She once said that she envied how much I had achieved by the age of 30; by the age of 30 she had only eight children to show for her efforts. I envied her her eight children.

If her strength was intimidating, her fragility was overwhelming. I always felt as if I was disappointing her. She was looking for something I was not ready to give. She demanded that I confront my fear of flying. I resisted all the way.

I acted as her assistant director on Sam Shepard's *True West* and I remember vividly the line about the old father forgetting his false teeth on a bar counter near the Mojave desert. We shared growing up in a small town. Sam Shepard country. *Buried Child.* Searching for the child buried. Anglicised Afrikaner and Afrikanerised Anglo. The harshness and banality of it. Some of her actors got away with murder; others she drove to the edge. She was merciless.

It was early days in the life of *Curl Up 'n Dye.* The writer Susan Pam asked me to direct. After reading the raw script I convinced a fearful Susan that Lucille was right: "If it wasn't for Lucille, *Curl Up 'n Dye* might never have come to fruition. It was her enthusiasm,

# Lucille Gillwald



her courage to take on something untried and untested, her total commitment and dynamic vision that enabled *Curl Up'n Dye* to be transformed from the written word to a piece of living theatre. She nurtured the play from infancy and uncertainty to its present maturity and success.

"A ball of fire, charged with a zest for life and full of passion, she never accepted mediocrity and complacency, but relentlessly sought to uncover the bare truth in whatever she did. For me, what was most inspiring about Lucille, was her delightfully wicked and black sense of humour, that made her the pillar of strength and fighter that she was.

"Her last message to the cast of *Curl Up 'n Dye* was that if we don't crack it at the André Huguenet she would come back and haunt us. It was the greatest privilege to have known and to have worked with Lucille. A wonderful friend and confidant, I will deeply and sorely miss her. She will always be a great inspiration in my life."

**Debra Watson,** who plays the junkie in *Curl Up'n Dye*: "Lu - other people are bright, Lu was brilliant, I bet she's dancing on a star or giving God hell - probably both, while giving some archangel the latest update on SA and then raising funds for Hospice from the Celestial Choir on the side.

"But that's Lu, she expects a lot from herself, more from us, and then gave more, more consistently than anybody expected or deserved. So OK, I'm not sure whether I've lost a mother, a friend or a sister. Either way I hope she's flying as high up there as she did down here. And boy! could she fly."

**Pieter de Vos,** director of a *Collage* documentary on the life of Lucille Gillwald: "...sy het ontsaglik swaargekry, maar sy het nooit lewenservarings verwerp nie. Sy het vir my baie dinge vertroulik gesê - 'n deel daarvan was geweldige armoede... wat sy deel gemaak het van haarself. Dit was nie 'n kwessie van rising above her circumstances nie. Dit is as gevolg van haar circumstances dat sy gerise het.

"Nou vir die eerste keer in my lewe voel ek dat 'n lewe voortgaan ná die dood. Ek voel asof sy nog hier is.

"Sy het baie intuïtief gewerk. Sy het ook 'n baie skerp intellek gehad en daarom het haar intuïtiewe insigte nie gebly by vague vibes nie.

"En op 'n banale, alledaagse vlak, is dit 'n moerse verlies."

**Ryk Hattingh,** writer of *Sing Jy van Bomme*: "Op die openingsaand van *Sing Jy van Bomme* in die Windybrow het Lucille vir my 'n poskaart gegee met 'n afbeelding van 'n ets van Manfred Zylla, getitel *General Pullback*, daarop. Dit beeld 'n gesiglose, amorfe generaal in 'n groen uniform uit wat wydsbeen oor 'n kanon sit. Dis moeilik om te sien waar begin die generaal en waar hou die kanon op. Die generaal se kanonloop ejakuleer bloed. Haar boodskap aan my: 'Ons huil nie, ons lag.'

"Ons het mekaar 'n jaar vroeër ontmoet. Aan die begin van 1987 in die einste ou Suid-Afrika, almal was net 'n bietjie maller. CNN was nie hier om die burgeroorlog bloedloos en kykersvriendelik aan ons op te dis nie. Ons het nie die bomme in die Wimpy's op ons kassies gesien nie; daar is ook nie onderhoude gevoer met die vlieëniers van die helikopters wat na ons buurtstate toe is om mense te gaan doodmaak nie. PW Botha was amptelik nog die tiran.

"Dit was nie die beste tyd vir 'n wit paranoïese stedeling om met 'n eerste toneelstuk op die mark te smous nie. 'n Two-hander, ja, maar agt karakters! Niemand het rêrig belang gestel nie.

"'n Vriend het my aan haar voorgestel. 'Ek het gisteraand jou play gelees. Ek hou daarvan en ek gaan dit doen,' was dié brandende vrou se eerste woorde aan my. 'n Ontmoeting wat my lewe verander het.

"En brandend was sy. Sy het die teks van *Sing Jy van Bomme* huis toe geneem en die volgende paar maande het ons mekaar dikwels gesien. In dié tyd het ons meestal by 'n tafel in Honeydew of by die Windybrow gesit en koffie drink en Camels rook en het ons haar kantaantekeninge deurgewerk. Jung, Campbell, Eliade ook êrens. Sy soos altyd: vooroor gebuk met 'n sigaret in die mond en haar bril laag op haar neus. Haar hare agter in 'n poniestert vasgemaak. Daai donker oë. Intens in die oomblik.

"Ek het dikwels tydens repetisie na haar gekyk en gewonder of sy nie in 'n vorige lewe 'n sjamaan was nie. Die donker vrou agter die staatsdienstafeltjie vol Casablanca Road House-kardoesies. Die sigaretstompies. Die leë blikke. Maar vanuit daardie oënskynlike chaos was haar konsentrasie en fokus dodelik. Sy het die vermoë gehad om die ruimtes so te skik dat die rituele spontaan kan plaasvind. Sy het haar nie deur vorm en voorkoms laat mislei nie. Sy het veel dieper getuur. Sy het belang gestel in die vesels waaruit vorm bestaan, selfs dit waaruit die vesels saamgestel is. Die tekstuur van tyd. Wat lê agter die lippe? Is daar nie miskien 'n ander taal wat die gesonde verstand soos 'n virus kan verteer nie?

"Voor die opening van *Bomme* sê sy in 'n onderhoud met Peter Goldsmid dat sy graag die onderbewuste van die mense wil bereik, dat sy hulle ongemaklik wil laat voel.

"Na drie weke in Johannesburg is *Bomme* Staatsteater toe en ons ken almal die belaglike storie van Ampie, die sensuurraad en die onderbroek. Hoe minder 'n mens daaroor sê hoe beter.

"Haar dood laat 'n groot leemte."

**Dawid Minnaar,** who worked with her on two of Reza de Wet's plays, *Diepe Grond* and *Nag Generaal*: "Sy was amper obsessief oor haar werk wat party mense uitgefreak het, veral tegnici, want as 'n deur moet stewig vassit, moet hy stewig vassit en fok die res.

"Sy is beslis 'n akteur se regisseur. Sy het jou altyd genoeg tyd gegee om van binne te operate; sy het altyd die oomblik ontgin tot sy laaste grieseltjie. Die belangrikste was die lewe van die play en ons kry dit nie meer nie. Dit is wat haar werk belangrik gemaak het, dat sy die menslike psyche in absolute detail deurgewerk het. As jy dink aan hoe sy geloop het... [hy demonstreer] soos 'n orkaan. Wat is die Afrikaanse woord vir commitment? [Daar is nie eintlik een nie.] Toegewydheid klink soos 'n predikant wat huisbesoek doen.

"Sy was ook soos 'n kind. Sy was constantly surprised oor 'n ding. As jy vir haar iets gee op 'n verhoog was dit soos 'n kind wat 'n present oop maak.

"Ek het net op twee plays saam met haar gewerk, *Diepe Grond* en *Nag Generaal*, maar ons het 'n fokken amazing werkverhouding gehad. Dink net aan hoeveel goed sy nog in haar lewe kon doen.

"Ek het opgevlieg om 'n oudisie vir *Diepe Grond* te doen en onmiddellik geweet 'This is my cup of tea'. Daardie ongelooflike skerp, probing intellek wat getroud was met haar instink oor menslike situasies en haar inventiveness. Sy't jou partykeer klaargemaak met haar energie. 'Sy's soos 'n blêrrie brandende braambos."

**Marcel van Heerden,** who tried unsuccessfully several times to work with her: "Ek probeer die naam van die show onthou waaraan ek saam met Barney Simon gewerk het toe ek Lucille vir die eerste keer ontmoet het. Sy het ingesit by al die repetisies. Ek dink dit was 'n workshop wat op die ou end nie opgevoer is nie.

"Daarna wou ons altyd iets doen, maar dit het toe nooit gebeur nie. Ek dink sy het gedink ek is ouer as wat ek is.

"Sy het my oorweeg vir *Diepe Grond*, maar toe op Dawid Minnaar besluit en my die kleiner mansrol aangebied. Daar was toe al klaar 'n film of iets... Sy wou my hê vir *Sing Jy van Bomme*. Toe ek nie beskikbaar was nie, het sy vir Johan Malherbe, wat 'n baie beter keuse was, gebruik. Hy is amper oud genoeg om my pa te wees (sorry Johnny, dis waar).

"Toe sy *Nag Generaal* doen, het sy weer met my gepraat. Dit was obvious dat Gys de Villiers (hoewel hy baie jonger is as ek) 'n beter keuse was.

"Terwyl sy al siek was, het Pieter de Vos my geskakel om 'n voice-over te doen vir 'n program wat hy oor haar gemaak het vir TV. In sy regie moes hy my kort-kort keer dat ek nie te sentimenteel of hard-sell word nie.

"Ek het op pad huis toe in die kar getjank. Die dag na dit op *Collage* uitgesaai is, het ek 'n boodskap van Lucille uit Durban op die antwoordmasjien gekry. Sy't gesê dis presies hoe sy wou gehad het dit moet wees. Toe sny die masjien haar af."

**Susan Coetzer,** worked with her on *Diepe Grond* and the Afrikaans translation of Sam Shepard's *Fool for Love*: "Lucille het vir my my break gegee. Sy't ook vir my donkergroen avokadopere uit haar tuin gegee en dikskilsuurlemoene waarmee ek vir ons lemon meringues gebak het. En flesse rooibruin heuning en hoedereiers, van die plot se hoenders, met hier en daar nog 'n misspatsel op. Sy kon dinge vasvat met haar hande en met haar kop. Haar werk was uit die grond, uit haar agtergrond. En myne. Ons het stories uitgeruil. Ek het haar vertel van my Ouma Susan op die plaas.

"Lucille se vreesloosheid was aansteeklik. Sy't my gechallenge. Ek het gewaag om 'n drol 'n drol te noem.

"Hierdie selfde vreesloosheid was in haar werk. Daar was nie kussings in haar repetisielokaal nie. Daar was net 'n harde vloer, vier harde mure en 'n harde, moordende pad om by die karakter se guts uit te kom. (En by myne.) Ek het gesuffer - ek was 'n introvert, 'n Virgo, een van die dunvelliges. Sy was 'n ekstrovert, 'n Gemini, 'n drywer.

"Soms moes ek my wonde vir 'n minuut in die toilet gaan lek. Ons het soos twee gewonde buffels met mekaar gestoei, mekaar gefrustreer en mekaar gerespekteer. Sy wou my vrymaak. Sy wou my vlerke opdwing. Sy wou hê ek moes vlieg. En uiteindelik het ek.

"Na ons laaste produksie saam, *Dol vir Liefde*, moes ons 'n ruk van mekaar rus. Ons was albei moeg en gekwes. Vies vir mekaar oor dié groot struggle. Hoekom tog as ons mal was oor mekaar en mal was oor die werk - dalk net mal, sou die dominee sê.

"Ek het net een maal by haar in Honeydew gaan kuier nadat sy siek geword het. Bang, effens ongemaklik, met my tupperwarehouer oatskoekies onder my arm. Sy was maerder, maar haar geelgroen oë was soos altyd reguit, vreesloos, op soek na die waarheid. En sy kon nog steeds lag, daai gha, gha, gha-Lucille-lag. Ons het gepraat tot die pers boom (ek dink 'n jakaranda) begin grys word het, soos die skemer buite. Toe ek wegry, het ek geweet ek gaan haar mis. Die challenge in die repetisie-lokaal. En in die lewe, om te kan sê 'n drol is 'n drol.

"En toe's sy dood op 25 Augustus, op my verjaardag. Ek lê en luister vroeg die Maandagoggend na die boodskap op die antwoordmasjien. Ek kan dit weer en weer speel - dit baie kere hoor. 'Lucille is dood,' 'Lucille is dood,' 'Lucille is dood.' Dit word 'n liedjie in my kop, met 'n vreemde wysie. Ek moet Gys en Dawid en Ryk laat weet..."

# Peiling oor verkragting en seksuele aggressie

AL hoe meer "afspraak-verkragtings" (date rapes) kom op Suid-Afrikaanse kampusse voor - van Turfloop tot Stellenbosch, van Pretoria tot Kaapstad. 'n Spesiale komitee is onlangs aan die Universiteit van Kaapstad aangestel om deeglike navorsing oor dié verskynsel te doen - onder meer deur die verspreiding van die vraelys wat hiernaas gepubliseer word.

Dié vraelys is egter nie net op studente en ongewenste seksuele ervarings gerig nie. Die navorsers wil die volle omvang van verkragting in Suid-Afrika bepaal en daarom word 'n beroep op alle vroulike lesers (nie net studente nie) gedoen om die vraelys in te vul en aan ons terug te pos. Die tydskrifte **Cosmopolitan, Tribute** en die Kaapse koerant **South** publiseer soortgelyke vraelyste.

**VWB** sal dit waardeer indien lesers hul vraelyste teen 23 September sal terugstuur na dié adres: Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113, Johannesburg. Moet asseblief geen naam op die vraelys aanbring nie. Fotokopieer die lys en gee dit aan jou vriende. Alle inligting sal streng vertroulik hanteer word.

Die bevindinge word vroeg in 1992 gepubliseer.

**Baie vroue swyg maar**

Vroue word vier keer meer dikwels gedwing om seks te hê deur mense wat hulle ken as deur vreemdelinge. Maar selfs wanneer 'n volslae vreemdeling 'n vrou gedwing het om seks te hê, ontken hy gewoonlik dat hy fisieke dwang gebruik het, of beweer hy dat sy dit geniet het.

Wanneer 'n man 'n vrou dwing om seks met hom te hê, noem hy dit meestal nie verkragting nie: "Dit was verleiding; dit was wilde seks; die manier waarop sy my gekrap het - wat 'n tier!; of dit is my reg - ons is mos getroud" is van die standaard kommentaar wat mans lewer op optrede wat eintlik maar neerkom op verkragting.

'n Vrou wat teen haar sin seks gehad het met 'n man wat sy ken, meen dikwels sy het die man onwetend aanleiding daartoe gegee, of dat sy 'n swak oordeel oor sy karakter gevel het. Omdat sy meen sy het iets verkeerds gedoen, begin sy twyfel oor haarself en wantrou alle mans. Sy staan gewoonlik alleen: sy kan nie reken op die simpatie wat sy sou gekry het indien 'n vreemdeling haar met 'n mes teen die keel die bosse ingesleep en verkrag het nie.

Universiteitsowerhede neig om aanmeldings van geforseerde seks stil-stil te laat verbygaan uit vrees vir negatiewe publisiteit. 'n Slagoffer se medestudente is gewoonlik ook nie baie simpatiek jeens haar nie omdat hulle ook met die betrokke man bevriend is. Is die man boonop nog 'n groot sportman, politieke aktivis of studente-leier, word die slagoffer maklik sleggesê: dit ontbreek haar aan universiteitsgees, sy probeer aandag trek of sy probeer die comrades 'n slegte naam gee.

Die gevolg is dat baie vroulike studente swyg wanneer hulle gedwing word om seks te hê tydens 'n afspraak. Heelparty verlaat die universiteit ná so 'n ondervinding omdat hulle nie die druk kan hanteer nie. Sy loop die man gedurig op kampus raak, sy vriende kyk betekenisvol na haar - en ander studente wil eenvoudig net nie glo dat sy onskuldig was nie.

Verskeie universiteitsowerhede probeer die probleem van "afspraak-verkragtings" nou vermy deur helder ligte op kampusse aan te bring. Die Randse Afrikaanse Universiteit het al daaraan gedink om 'n hoë muur, wat miljoene rande sou kos, rondom die universiteitsgronde op te rig - maar intussen vind die meeste verkragtings binne koshuiskamers plaas.

**Vraelys oor verkragting en seksuele agressie in Suid-Afrika**

**DEMOGRAFIESE INLIGTING**

*1. Hoe oud is jy:*

☐ 14 of jonger
☐ 15-18
☐ 19-24
☐ 25-34
☐ 35-44
☐ 45-54
☐ 55 en ouer

*2. Is jy tans (merk net een):*

☐ alleen
☐ in 'n vaste verhouding met iemand saam met wie jy woon
☐ getroud
☐ geskei of vervreemd
☐ weduwee

*3. Wat is jou hoogste kwalifikasie:*

☐ laer as standerd 8
☐ hoër as standerd 8
☐ matriek voltooi
☐ tegniese opleiding voltooi
☐ verpleegster of onderwysdiploma
☐ gedeeltelike universiteitsopleiding
☐ universiteitsgraad
☐ nagraadse studie

ander naskoolse kwalifikasies (spesifiseer): ..........................................

*4. Wat is jou huidige werkstatus:*

☐ heeltyds in diens
☐ deeltyds in diens
☐ student of skolier
☐ huisvrou
☐ werkloos

ander (spesifiseer):..........................................

..........................................

*5. Wat is jou huidige beroep (of mees onlangse beroep indien jy tans werkloos is)*

..........................................

..........................................

*6. Wat is die poskode van jou huidige adres?*

..........................................

*7. Wat is jou huistaal?*

..........................................

**VRAE OOR SEKSUELE AGGRESSIE**

*8. Het jy al seks met 'n man gehad wanneer jy nie wou nie?*

☐ nooit
☐ een maal
☐ meer as een maal
☐ baie maal

*9. Het dit gebeur met:*
*(merk soveel as van toepassing)*

| | een maal | meer as een maal | baie maal |
|---|---|---|---|
| 'n volslae vreemdeling | ☐ | ☐ | ☐ |
| iemand wat ek pas ontmoet het | ☐ | ☐ | ☐ |
| 'n vriend (iemand wat ek al lank ken) | ☐ | ☐ | ☐ |
| my kêrel/ minnaar | ☐ | ☐ | ☐ |
| my eggenoot | ☐ | ☐ | ☐ |
| 'n huisvriend of familielid: | | | |
| - familielid se eggenoot of minnaar | ☐ | ☐ | ☐ |
| - loseerder | ☐ | ☐ | ☐ |
| - neef | ☐ | ☐ | ☐ |
| - oom | ☐ | ☐ | ☐ |
| - broer | ☐ | ☐ | ☐ |
| - pa | ☐ | ☐ | ☐ |

*10. Het iemand al seks met jou probeer hê en dinge met jou gedoen wat jy nie wou hê nie (bv jou gegryp, jou seksueel aangeraak of jou klere probeer uittrek) sonder dat julle uiteindelik seks gehad het?*

☐ nog nooit
☐ een maal
☐ meer as een maal
☐ baie maal

*11. Het dit gebeur met:*
*(merk soveel as van toepassing)*

| | een maal | meer as een maal | baie maal |
|---|---|---|---|
| 'n volslae vreemdeling | ☐ | ☐ | ☐ |
| iemand wat ek pas ontmoet het | ☐ | ☐ | ☐ |
| 'n vriend (iemand wat ek al lankal ken) | ☐ | ☐ | ☐ |
| my kêrel/minnaar | ☐ | ☐ | ☐ |
| my eggenoot | ☐ | ☐ | ☐ |
| 'n huisvriend of familielid: | | | |
| - familielid se eggenoot of minnaar | ☐ | ☐ | ☐ |
| - loseerder | ☐ | ☐ | ☐ |
| - neef | ☐ | ☐ | ☐ |
| - oom | ☐ | ☐ | ☐ |
| - broer | ☐ | ☐ | ☐ |
| - pa | ☐ | ☐ | ☐ |

*12. Watter van die volgende het 'n man (of mans) al gedoen om jou te dwing om seks met hom te hê?*
*(merk soveel as van toepassing en vul die kaart in)*

A. Het mondelinge argumente en druk gebruik (bv: hy glo nie dat ek vir hom omgee as ek weier nie, hy weier om my huis toe te bring, hy sal my los).

B. Het gesê ek moet hom gehoorsaam (bv: omdat hy my baas is, my leermeester, 'n ouer familielid).

C. Het my fisiek probeer oorrompel (bv: bo-op my gelê, wou my nie los nie), maar my nie probeer seermaak nie.

D. Het matige pyn veroorsaak (bv: my arm gedraai, my hare getrek, ens) sodat ek moet toegee.

E. Het kwaai pyn veroorsaak (bv: my geslaan, geskop, ens) sodat ek moet toegee.

F. Het gedreig om my seer of dood te maak.

G. Het my na 'n afgeleë of verlate plek gebring.

H. Het my 'n groot hoeveelheid

alkohol of dwelms gegee.
I. Ander (spesifiseer): ............................................
.......................................................................................

*Kies die stelling of kombinasie van stellings (A,B,C ens) van die vorige vraag wat van toepassing is in enige voorval wat met jou gebeur het en skryf die letter(s) neer langs die soort voorval en langs die soort mens wat betrokke was. (Die antwoorde sal meer inligting bied oor jou antwoorde op Vraag 9.)*

| Persoon | dwing my om seks te hê | probeer seks met my hê |
|---|---|---|
| vreemdeling | ............. | ............. |
| kennis | ............. | ............. |
| familielid | ............. | ............. |
| kêrel/minnaar | ............. | ............. |
| eggenoot | ............. | ............. |

13. Indien jy uiteindelik wél teen jou wil seks gehad het, watter van die volgende was van toepassing? (Merk almal wat van toepassing is en vul die kaart in)
A. Ek het toegegee aan mondelinge argumente en druk (Ek wou nie sy gevoelens seermaak nie, 'n groot argument hê nie, die risiko loop om hom te verloor nie)
B. Ek het gemeen ek het geen keuse nie weens sy gesag oor my.
C. Ek was bang om te ontdek wat hy sou doen as ek my sou teësit en weier
D. Hy was te sterk en ek kon hom nie keer nie.
E. Hy het my seergemaak en ek het ingegee om die pyn agter die rug te kry.
F. Hy het gedreig om my seer of dood te maak.
G. Ek was te verleë om om hulp te roep.
H. Ons was op 'n afgeleë of verlate plek.
I. Ek was dronk of bedwelm en kon myself nie teësit nie (of was nie seker wat met my gebeur het nie).
J. Ander (spesifiseer) ............................................
.......................................................................................

*Kies die stelling of kombinasie van stellings (A,B,C ens) bo wat van toepassing is in jou geval en skryf die letter(s) langsaan die soort mens wat betrokke was.*

| | |
|---|---|
| vreemdeling | ............... |
| kennis | ............... |
| familielid | ............... |
| kêrel/minnaar | ............... |
| eggenoot | ............... |

*14. Watter van dié stellings beskryf jou gevoelens na die ervaring van gedwonge seks? (Vul antwoorde onder in.)*
A. Dit het nie saak gemaak nie. Ek het niks oorgekom nie.
B. Ek was verlig dat ek nie erger seergekry het nie.
C. Ek was gevoelloos.
D. Ek was kwaad.
E. Ek was seergemaak.
F. Ek was deurmekaar en verward.
G. Ek was skaam.
H. Ek het skuldig gevoel.
I. Ander (spesifiseer)............................................
.......................................................................................

*Kies die stelling of kombinasies van stellings (A,B,C ens) bo wat van toepassing is in enige van die voorvalle wat al met jou gebeur het en skryf die letter(s) onder die soort voorval en lang die betrokke mens neer.*

| Persoon | dwing my om seks te hê | probeer seks met my hê |
|---|---|---|
| vreemdeling | ............. | ............. |
| kennis | ............. | ............. |
| familielid | ............. | ............. |
| kêrel/minnaar | ............. | ............. |
| eggenoot | ............. | ............. |

*15. Hoe oud was jy toe jy (vir die eerste keer) 'n ongewenste seksuele ervaring gehad het?*
☐ nooit
☐ 14 en jonger
☐ 15-18
☐ 19-24
☐ 25-34
☐ 35-54
☐ 55 en ouer

*16. Indien jy 'n ongewenste seksuele ervaring gehad het, het jy dit aan iemand vertel?*
A. niemand nie
B. vriende
C. familie
D. professionele mense (dokter, raadgewer, dominee)
E. die polisie
F. ander (spesifiseer) ............................................
.......................................................................................

*Kies die stelling of kombinasie van stellings (A,B,C ens) wat van toepassing is in die voorval wat met jou gebeur het en skryf die letter(s) onder die soort voorval neer en langs die soort persoon wat betrokke was.*

| Persoon | dwing my om seks te hê | probeer seks met my hê |
|---|---|---|
| vreemdeling | ............. | ............. |
| kennis | ............. | ............. |
| familielid | ............. | ............. |
| kêrel/minnaar | ............. | ............. |
| eggenoot | ............. | ............. |

*17. Indien jy verkies om dié ervaring met niemand te deel nie, watter van die volgende stellings verduidelik waarom? (Merk almal wat van toepassing is.)*
☐ Ek het die ervaring nie verstaan nie (bv: ek was te jonk).
☐ Ek het nie geweet wie om te vertel nie.
☐ Ek het gedink dit is my eie skuld.
☐ Ek was te skaam en verleë.
☐ Ek het gedink niemand sou my glo nie.
☐ Ek het gedink ander mense sou my blameer.
☐ Ek was bang die man sou weer na my toe kom.
☐ Ek het hom vergewe.
☐ Ek wou net daarvan vergeet.
Ander (verduidelik) ............................................
.......................................................................................

*18. Indien jy iemand vertel het, watter van die volgende stellings beskryf hul reaksie(s)?*
A. simpatiek, ondersteunend
B. geskok
C. het my nie geglo nie
D. sê dit was my skuld
E. sê dit was nie so ernstig nie
F. sê ek moet vergeet dat dit gebeur het
G. sê ek moet 'n klag indien
H. ander (verduidelik) ............................................
.......................................................................................

*Kies soveel moontlike reaksies (A,B,C, ens) in die vorige vraag as wat van toepassing is en skryf die letter(s) langsaan die soort persoon neer.*

| | |
|---|---|
| vriende | .................. |
| familie | .................. |
| professionele mense | .................. |
| die polisie | .................. |
| ander | .................. |

19. Indien jy dié tipe ervaring gehad het, het jy op daardie tydstip daaraan gedink as verkragting of 'n poging tot verkragting?
☐ ja
☐ nee
☐ het nie so 'n ervaring gehad nie

*20. Indien jy dié ervaring nie as verkragting beskou het nie, waarom nie?*
☐ Ek was te jonk om te verstaan wat gebeur het.
☐ Ek moes van beter geweet het as om in so 'n situasie te beland.
☐ Hy was my eggenoot.
☐ Hy was my kêrel/minnaar.
☐ Ek het voorheen al seks met hom gehad.
☐ Ek het hom toegelaat om my te soen en aan my te vat.
☐ Ek het hom toegelaat om vir die ete en/of vermaak te betaal.
☐ Ek het vrywillig na sy huis gegaan of hom genooi na my huis.
☐ Albei of een van ons het gedrink of dwelms gebruik.
☐ Ek het 'n geleentheid in sy motor aanvaar.
☐ Hy het nie sy penis in my vagina geplaas nie.

*21. Volgens jou, watter van die volgende stellings moet waar wees voordat 'n daad as verkragting beskryf kan word?*
☐ Die vrou moet nie instem tot seks met dié man tydens dié geleentheid nie.
☐ Sy moet nog nooit in die verlede ingestem het tot seks met die man nie.
☐ Sy moet baie duidelik en ferm "nee" gesê het.
☐ Sy moet haar fisiek en mondeling teëgesit het.
☐ Sy moet gestoei, geskree en baklei het om dit te keer.
☐ Sy moet hom nie toegelaat het om haar te soen of haar intiem aan te raak nie.
☐ Sy moet nie by hom aangelê het nie.
☐ Sy moet nie ingestem het om alleen saam met hom na enige plek te gaan nie.
☐ Hy moet 'n vreemdeling gewees het.
☐ Hy moet 'n wapen gebruik het om haar te dwing om toestemming te gee.
Ander (verduidelik) ............................................
.......................................................................................

*22. Indien jy 'n ongewenste seksuele ervaring of ervarings gehad het, hoe het dit jou lewe en verhoudings met mans beïnvloed?*
☐ Ek het geen blywende gevolge ervaar nie.
☐ Ek is steeds baie ontsteld oor die ervaring.
☐ Ek oorweeg selfmoord.
☐ Ek oorweeg dit om wraak te neem.
☐ Ek is bekommerd dat dit weer sal gebeur.
☐ Ek dink dat dit was 'n uitsonderlike gebeurtenis; die meeste mans is nie so nie.
☐ Ek het aanvaar dat baie mans so is en ek probeer myself beskerm.
☐ Ek dink baie mans is so en dit maak my kwaad.
☐ Ek het my verhouding met 'n man beëindig omdat hy my dwing of probeer dwing het om teen my sin seks met hom te hê.
☐ Ek het my lewensomstandighede verander (bv: van werk verander, na 'n ander dorp verhuis, die skool verlaat) om kontak te vermy met die man wat dit aan my gedoen het.
☐ Ek het steeds 'n verhouding met die man wat dit aan my gedoen het en ek is kwaad.
☐ Ek het steeds 'n verhouding met die man wat dit aan my gedoen het en ek is bang.
☐ Ek het steeds in 'n verhouding met die man wat dit aan my gedoen het en ek probeer om nie daaraan te dink nie.
☐ Ek verkeer steeds in omstandighede waarin ek in aanraaking kom met die man wat dit aan my gedoen het en dit maak my kwaad.
☐ Ek verkeerd steeds in omstandighede waarin ek in aanraking kom met die man wat dit aan my gedoen het en dit maak my bang.
☐ Ek verkeerd steeds in omstandighede waarin ek in aanraking kom met die man wat dit aan my gedoen het en ek probeer om nie daaraan te dink nie.

Ander (verduidelik) ............................................
.......................................................................................


*23. Sou jy verkies dat die volgende in wetgewing en beleide opgeneem moet word ten opsigte van verkragting? (Merk almal wat van toepassing is.)*
☐ 'n Vrou behoort 'n klag van verkragting teen haar man te kan indien.
☐ Die doodstraf behoort vir besonder gewelddadige en veelvoudige verkragtings opgelê te word.
☐ Die slagoffer se naam behoort in verkragtingsake geheim gehou te word.
☐ Die aangeklaagde se naam behoort in 'n verkragtingsaak geheim gehou te word.
☐ Verkragtings behoort net deur spesiaal-opgeleide eenhede ondersoek te word.
☐ Verkragtingsake behoort net deur vroulike polisie-offisiere ondersoek te word.
☐ Die slagoffer se vorige seksuele ondervindings behoort nie as getuienis in verkragtingsake toegelaat te word nie.
☐ Die aangeklaagde se seksuele geskiedenis behoort nie as getuienis in verkragtingsake toegelaat te word nie.
Ander (verduidelik):............................................

*24. Vul in die letter (A, B, C, D, E) langs die volgende stellings in om te wys wat jy dink:*
A. stem heelhartig saam
B. stem min of meer saam
C. geen mening nie
D. verskil effens
E. verskil hewig
1. Mans het sterker seksdrange as vroue. ..........
2. Mans verloor beheer oor hulself wanneer hulle deur passie meegevoer word. .............
3. Wanneer 'n man 'n vrou uitneem en vir die ete of vermaak betaal, mag hy verwag om seks met die vrou te hê. ..........
4. Indien 'n vrou al voorheen seks gehad het, is dit nie so traumaties vir haar as wanneer sy nog 'n maagd is nie. ..........
5. Wanneer vroue "nee" sê as mans seksueel toenadering soek, bedoel hulle gewoonlik eintlik "ja". ..........
6. Vroue beskuldig mans dikwels vals van verkragting wanneer hulle kwaad is of wanneer hulle die man om die een of ander rede wil terugkry. ...........
7. Vroue beskuldig mans dikwels vals van verkragting wanneer hulle nie wil erken dat hulle die seks geniet het nie. ..........

*25. Lewer kommentaar, doen voorstelle en vertel van ervarings wat jy graag wil deel.*

.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................
.......................................................................................

# vrye keuse



Willem Dafoe in Robert M Young se Triumph of the Spirit. Die prent is gegrond is op die lewe van Salamo Arouch, 'n bokser wat deur die Nazi's gedwing is om hulle met sy boksgevegte te vermaak.

# FILMS

******* VOORTREFLIK**
****** STERK AANBEVEEL**
***** SIEN GERUS**
**** SO-SO**
*** VERMY AS JY NUGTER IS**

******* AUNT JULIA AND THE SCRIPTWRITER**
Charl-Pierre Naudé sê dié is sy gunstelingprent van die jaar. Lees sy resensie op bladsy 29.

***** TRIUMPH OF THE SPIRIT**
Daar's altyd nog 'n Holocaust-storie om te vertel en die Hollywood-masjien verorber hulle. Willem Dafoe speel die Griekse werker en bokser, Salamo Arouch, wie se boksgevegte SS-offisiere in die ghetto's vermaak het. Die verhaal handel oor 'n groep Joodse gevangenes in Auschwitz wat daarin slaag om 'n krematorium op te blaas. AV

***** POINT BREAK**
Ou Patrick Swayze is onlangs aangewys as die sexy-ste man ter wêreld. (Gee liewer vir my sy co-star, Keanu Reeves. Johnny Utah is die naam van die agent wat hy speel.) As Swayze goed genoeg is vir jou, gaan check gerus dié prent waarvan Kathryn Bigelow die regie behartig het. Sy is een van die min vroue wat dit in die macho-movie-wêreld gemaak het. Dis 'n aksie-prent waarin Swayze die "gees" verteenwoordig. Hoe sensitief. AV

***** ALICE**
Woody Allen is (dankie tog) terug op die komedie-wa. Ná verlede jaar se *Crimes and Misdemeanors*, wou 'n mens hom afskryf. Allen se *Alice* (môre 8nm te sien by die *Weekly Mail* se rolprentfees in die Wits-Teater) is 'n byna ligsinnige kykie na 'n vrou (Mia Farrow) wat in haar middeljare besef dat haar lewe betekenisloos is. Haar ryk man, yuppie-huishouding en selfs 'n amper-affair kan haar nie troos nie. Die Amerikaners se materialisme is nie 'n nuwe onderwerp vir die ernstige Woody nie. Hier pak hy dit net nuut aan. AV

******* THE ROAD TO MECCA**
Woorde is ontoereikend om die rolprentweergawe van *The Road to Mecca* te beskryf. Dis 'n intense prent. 'n Spel van menslike emosies, 'n blye bevestiging van die lewe en kreatiwiteit. Yvonne Bryceland ís Miss Helen. 'n Verstote enkeling. 'n Vrou wat die durf het om haar eie realiteit te skep te midde van 'n bekrompe gemeenskappie wat geen verwysingsraamwerk het waarbinne hulle haar kan verstaan nie. Dis 'n magiese en begeesterende prent met talle fasette. LAETITIA POPLE

******* HAMLET**
To see or not to see. Yes. Hamlet is dié man van die twintigste eeu. Franco Zeffirelli se keuse van Mad Max as Hamlet is 'n daad van inspirasie. Die bepaalde weergawe van die vigilante-held wat Gibson in die repertorium gebring het, het 'n goeie streep van Hamlet weg. Die eerste Mad Max-rolprent slaag so goed omdat Max so 'n twyfelaar is. Het Hamlet vandag geleef, was hy waarskynlik 'n politieke joernalis. Gibson, wat sy stem so goed en so laf kan laat breek, en die tikkie ironiese selfbewustheid wat hy in al sy rolle bring, is uitstekend. Veral in die laaste swaardgeveg kombineer hy sy vaardighede as man-van-aksie meesterlik met sy gekskeerdery om Hamlet die Man van Spel te maak. HANS PIENAAR

******* LA STORY**
Steve Martin op sy heel beste as draaiboekskrywer en ster in 'n briljante komedie oor die lewe in Los Angeles. Richard E Grant speel ook in dié skouspel van die banale. AV

******* THE GRIFTERS**
Dis duidelik waarom prente soos dié en Martin Scorsese se *GoodFellas* nie die paal haal in die Oscar-wedren nie: hulle is eenvoudig te sinies. Iets soos Kevin Costner se *Dances with Wolves* bied 'n idilliese, "positiewe" en volslae oneerlike beeld van die mensdom... daarom word sulke prente deur die Amerikaanse rolprentbedryf aangeprys. *The Grifters* - Scorsese is toevallig die vervaardiger daarvan - bied 'n beeld van 'n amorele mensdom wat enigiets sal doen om te oorleef. Die terrein is aan die Britse regisseur Stephen Frears bekend: hy het *Dangerous Liaisons* en *My Beautiful Laundrette* gemaak. AV

****** BACKDRAFT**
Robert de Niro, Donald Sutherland, William Baldwin, Rebecca de Mornay, Scott Glenn en Kurt Russell is die spelers in dié extravaganza vir brandstigters. Hulle speel almal brandweermanne in Ron Howard (*Cocoon*) se jongste prent wat in Chicago speel. Dis vol menslike drama, heldhaftigheid en emosionele intrige. AV

***** FX II**
FX is die rolprentbedryf se jargon vir spesiale effekte. Bryan Brown keer terug as die spesiale effekte genie wat moeilikheid kry, al soek hy dit nie. AV

******* MILOU EN MAI**
As 'n mens hier in die Derde Wêreld sit, begin die begrafnisse in Europese prente vir jou amper soos die dood van die Eerste Wêreld lyk. Nietemin, Louis Malle bly een van die gevoelvolste Franse regisseurs wat sy xenofobie laat staan het en na ander kulture kon kyk. Maar *Milou en Mai* is 'n grootse komedie na die Franse tradisie, vol subtiele humor oor menslike swakheid. Malle steek die draak met die bourgeoisie se vrese tydens die 1968-opstande in Parys. Dié slim klug speel op die Franse platteland en is vol skitterende vertolkings. AV

***** TOY SOLDIERS**
Daniel Petrie, die skrywer van onder meer *Beverly Hills Cop*, *The Big Easy* en *Turner & Hooch*, maak sy debuut as regisseur met dié militaristiese spanningsprent oor 'n seunskool wat aangeval word deur 'n klomp "terroriste". Amerikaanse paranoia ken geen perke nie. Die leuse is: Wanneer daar nie vyande is nie, máák hulle. AV

*** ZANDALEE**
Die naam is nie 'n belowende begin nie. Passie en verbode liefde in New Orleans saam met Nicholas Cage en Erika Anderson. AV

***** MISTER JOHNSON**
*Out of Africa* for Boys. Die lokprent vir *Mister Johnson* het my tot trane gedryf! Dis nie 'n goeie teken nie. Die Australiese regisseur Bruce Beresford het nou al in Amerika en Israel gaan kuier. Nou kuier hy in Wes-Afrika, maar soos ons met *Driving Miss Daisy* gesien het, kan Beresford nogal neerbuigend wees as hy hoogdrawende statements oor boosaardige witmense maak. Die persmededeling sê: "Out of the dark continent comes a powerful yet poignant comedy-drama of two men at the crossroads of civilization." Dis 'n emosionele uitbeelding van die verwoestende uitwerking van kolonialisme op Afrika. AV

***** LA DESENCHANTEE**
Die Franse spesialiseer in prente oor tienermeisies wat hul seksualiteit ontdek. Daar is geen groter geheim as vroulikheid nie. En as die dialoog vervelig is, is die aktrises altyd beeldskoon. Dié prent is 'n subtiele melodrama oor drie dae in die lewe van Beth. Haar pa is dood en haar ma ly aan 'n psigosomatiese siekte. Dis 'n universele verhaal waarby die meeste van ons aanklank sal vind. Rimbaud is haar alter ego, vandaar die tema van ontnugtering. AV

***** NAG VAN DIE 19E**
PG du Plessis en Koos Roets se prent vir M-Net bevestig dat die Afrikaanse rolprentbedryf sedert die jare sestig nie juis vooruitgegaan het nie. Dis 'n melodramatiese verhaal met 'n ongewenste vreemdeling, 'n mal bruid, 'n dorpsdwaas, 'n nuuskierige agie en 'n gawe oom polisieman. Die draaiboek is vol liederlike gate en die regie is so verbeeldingryk soos 'n advertensie vir Weense worsies. AV

****** FLIRTING**
Die prent se titel wek 'n verkeerde indruk. Dit is nie nóg 'n skreeusnaakse komedie uit Hollywood se worsmasjien nie. Dit is 'n indrukwekkend eenvoudige verhaal oor die verhouding tussen 'n wit kosskoolseun en 'n swart kosskoolmeisie in Australië in 1965. Die tieners vind mekaar omdat hulle elkeen in 'n mate uitgeworpenes is. Veral gevoelvol is die uitbeelding van die "human condition", wat besonder akuut is in die tienerjare. Tienertraumas word volwasse en sonder Amerikaanse sensasionalisme uitgebeeld. Hierdie is die prent wat *Dead Poet's Society* kon gewees het. AV

***** SCENES FROM A MALL**
'n Amerikaanse kritikus het Paul Mazurksy se jongste prent só beskryf: "It's like a comedy with the jokes taken out." Bette Midler en Woody Allen is getroud. Dit is egter nie so snaaks soos dit klink nie. Dit is moeilik om Mazursky se bedoelinge te snap. Die huwelik verbrokkel tydens 'n dag in 'n winkelsentrum. Dié prent is 'n volmaakte oproeping van die Kaliforniese verbruiker-samelewing. En die Beverly Center in Los Angeles lyk net soos Sandton City, behalwe dat dit effens glitzier is. Woody Allen het vyftien jaar laas as akteur vir 'n ander regisseur gewerk. Hy kon nie skuil agter die Woody-persona, die neurotiese New Yorkse nerd, nie: hy dra 'n ponytail en nuwe (!) klere en speel 'n Kaliforniese prokureur. AV

****** WHITE FANG**
Jack London se klassieke verhaal oor die verhouding tussen wolf en mens bly boeiend. Wanneer diereverhale met goeie dierelewe-fotografie gepaard gaan, is hulle gewoonlik tranetrekkers. Ons weet almal wat om te verwag - en tog tjank ons. Die prent het ook 'n classy cast: Klaus Maria Brandauer en Ethan Hawke. AV

***** CITY SLICKERS**
*When Harry Met Sally* se Billy Crystal in 'n Hemingway-avontuur in Spanje. Dié komedie handel oor die manlike mid-life crisis. Lowell Ganz en Babaloo Mandel, die skrywers van *Splash* en *Parenthood*, het die draaiboek geskryf. Dit sal van macho-vleisvreters vegetariërs maak. AV

***** THE HARD WAY**
Dis 'n kruising tussen 'n hardgebakte polisie-storie en 'n avontuur-verhaal à la *Indiana Jones and the Temple of Doom.* Was dit nie vir James Woods (my gunsteling-akteur) en Michael J Fox nie, sou dit 'n middelmatige komedie gewees het. Maar dié twee akteurs steek lekker die draak met hul silwerdoek-personasies. 'n Essay oor die belaglikheid van macho-wees. Hollywood het 'n stortvloed komedies vervaardig en dié een is die beste. AV

****** METROPOLITAN**
Soos *Mr and Mrs Bridge* wys *Metropolitan* vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie. AV

****** MR AND MRS BRIDGE**
Seksuele verdrukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtiele ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou. AV

****** HIDDEN AGENDA**
Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseer is. *Hidden Agenda* het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen. AV

# VIDEOS



**PELLE THE CONQUEROR**

"As jy wil, kan jy die wêreld oorwin," sê 'n arm Sweedse immigrant aan sy seun, Pelle. In die begin van die eeu het baie Swede na Denemarke getrek met die hoop op werk en 'n nuwe lewe. Pelle se pa, reeds bejaard, word vir minder as 'n appel en 'n ei gehuur as 'n plaashulp vir 'n stinkryk grondbaron. Die wrede vooroordele teen Swede, die trotsering van die natuur, ouderdom en die versugting na liefde word aangrypend weergegee. Dis egter geensins 'n tranetrekker nie.

**BETHUNE - THE MAKING OF A HERO**


Die lewe van Norman Bethune, die geliefde dokter wat meer as vyftig jaar onder die Chinese gewoon en gewerk het. Bethune word uitgebeeld as 'n man wat wreed en onsensitief was jeens die mense na aan hom, 'n harde drinker en 'n rokjagter. Dié charismatiese publieke figuur het met sy vreemde benadering omstrede geraak in die mediese wêreld. Donald Sutherland en Helen Mirren vertolk die hoofrolle.

**HOW TO GET AHEAD IN ADVERTISING**

Dennis Bagley is só goed hy kan sjampoe aan 'n pankop verkoop en 'n vegetariër laat glo 'n hamburger is net so gesond soos sprouts. Wanneer hy 'n kuur vir puisies moet bemark, begin sake egter skeefloop. 'n Pitsweer begin in sy nek groei - 'n pitsweer wat net soos Bagley lyk en soos hy praat. Richard E Grant speel Bagley en Rachel Ward sy vrou.

*Dié video's is nou in videowinkels beskikbaar.*

# TEATER



**JOHANNESBURG**
**UP 'N UNDER**

Dié wat al ooit om een of ander sinlose rede moes swoeg in 'n gym of in die toilet gesit en rook het in die PT-periode sal van die stuk hou. Die helde is gewone ouens wat ná werk veel eerder oor 'n kroegtoonbank hang as om hulle fisiek in te span. 'n Weddenskap verander egter hul luilekker bestaan. Arthur Hoyle (Ron Smerczak), 'n grootbek, "afgetrede" rugbyspeler daag 'n rugbybaas uit dat die vrotste span in Engeland - Wheatsheaf - die wrede wenspan Cobbler's Arms kan klop. Vyf weke lank word hulle straf geboelie deur die gymbaas en dié se apparate. Dit gaan nie net oor rugby nie, hier en daar kry jy 'n glimps van die 'n werkersklasbestaan se bloedsweet en die wisselvallige verhouding tussen man en vrou. Die karakters is daarom nie oppervlakkig nie - hulle ontwikkel as herkenbare, alledaagse mense. Dis 'n vermaaklike stuk met 'n klein bietjie gewig - gaan kyk gerus.

Met Ron Smerczak, Rick Rogers, Alan Swerdlow, David Butler, Martin le Maitre en Trish McKenna. In die Markteater tot 28 September. LAETITIA POPLE

**PRETORIA**
**A MOON FOR THE MISBEGOTTEN**
**MOMENTUM, STAATSTEATER**

Eugene O' Neill se toneelstuk oor onbeantwoorde liefde speel hom teen die afgeslotenheid van 'n plaasgemeenskap af. Met Sandra Duncan, Danny Keogh, Michael McCabe en Peter Terry. Tot 7 September.

Raai wie kom vir ete ?
Arena, Staatsteater

'n Afrikaanse weergawe van William Rose se rolprent Guess Who's Coming to Dinner? waarin Spencer Tracy, Katherine Hepburn en Sidney Poitier destyds groot opspraak gewek het, word van 4 tot 28 September op die planke gebring. Twee hegte gesinne moet skielik 'n liefdesverhouding oor die "kleurgrense" heen hanteer. Die verhouding gaan die families óf vernietig óf verryk. 4 September tot 28 September.

# MUSIEKFEES

Musiekvideo's uit die laat sestiger- en sewentigerjare soos Bob Dylan se *Don't look back*, The Doors se *Dance on Fire* en Led Zeppelin se *The Song Remains the Same* word dié naweek by Mini Cine in Hillbrow vertoon. Dennis Hopper se kultusfilm *Easy Rider* oor hippie-bikers met Jimi Hendrix se musiek en *Monty Python & The Holy Grail* - 'n rip-off komedie oor koning Arthur - word ook vertoon. Toegang R9, studente R7.

**VRYDAG 30 AUGUSTUS**

**5nm:** Monty Python & The Holy Grail **7nm:** Pink Floyd at Pompeii **8.30nm:** Dance on Fire - The Doors **10nm:** Easy Rider **12nm:** The Blues Brothers

**SATERDAG 31 AUGUSTUS**

**12nm:** The Song Remains the Same - Led Zeppelin **2.30nm:** The Concert for Bangladesh **4.30nm:** Dance on Fire - The Doors **6nm:** Yellow Submarine - The Beatles **8nm:** Don't Look Back - Bob Dylan & Joan Baez **10nm:** Monty Python & The Holy Grail **12nm:** Quadrophenia - The Who

**SONDAG 1 SEPTEMBER**

**12nm:** Tommy - The Who **2nm:** Monthy Python & The Holy Grail **4nm:** Monterey Pop - Hippie **5.30nm:** Easy Rider **7.30nm:** Stop Making Sense - The Talking Heads **9.30nm:** The Song Remains the Same - Led Zeppelin **12nm:** Dance on Fire - The Doors

# fynproe

NETTIE PIKEUR

## Piekniek in die reën want dis September

OP 'n lieflike lentedag laasweek, nog in Augustus, beplan ons die lente se eerste piekniek. Die son skyn helder, die jasmyn blom, ons verlang na sigeuner-ham en koue gerookte hoender met tuisgemaakte mayonnaise, en begin rondsoek na die rypste tamaties.

Jou optimis, soos Richard Cutler altyd droogweg gesê het.

Helaas is ons piekniekdag deurgebring voor die kaggelvuur terwyl die noordwester om die hoeke van huis huil en Tafelbaai se seeperdjies hop-hop-hop. Die reën giet neer en mense kom suur terug van die Weskus waar daar nie 'n blom die hele naweek oop was nie.

Ons kon darem vir mekaar voorlees oor wonderlike pieknieks wat al gehou is, en mymer oor die ideale piekniek, wat begin met 'n groot blikvol malossol-kaviaar aus Rusland aus.

Ons leesstof was uit die lieflike *A Food Lover's Companion*, 'n versameling kos-essays uit alle hoeke van die wêreld, en deur verskeie dekades heen. Daarin skryf onder andere James Beard oor sy eerste Engelse piekniek by die Epsom races, met 'n regte Fortum and Mason-piekniekmandjie gevul met lekkernye soos pastei, koue veerwild, kaas, vrugte en wyn, alles voorgesit op porseleinborde en geëet met silwer eetgerei.

Daar is darem iets oor 'n piekniekmandjie, seg een romantikus. Veral daardie fitted nommers wat binnekant streps en vakkies het vir bottels en vurke en borde, 'n regte outydse groot mandjie. Vandag kos hulle 'n fortuin, want niemand gebruik meer wicker om mandjies te maak nie.

Die vermaarde Indiese kookskrywer Madhur Jaffrey (sy van die onvergelykbare Invitation to Indian Cooking) vertel met groot smaak en nostalgie hoe hulle in die Himalajas piekniek gehou het toe sy 'n kind was. Eers is mandjies mango's bestel, drie verskillende soorte uit Lücknow en Varanasi. Dan is die potte, panne, stofies, koppies, borde en katoendekens bymekaar gemaak. Vroegoggend is die pakperde gelaai en vooruit gestuur met portiere en 'n klomp bediendes...

By hul piekniekplek, hoog in die berge, was dít hul maaltyd, en klink dit nie heerlik nie: Frikadelle gevul met rosyne en kruisementblare, aartappels gekook met heel fenugriek en komynsaad, bokvleis gekook met ertjies, keker-ertjies in 'n slaai met rou uie, gemmer en groenrissie, groenboontjies gegeur met komynsaad, knoffel en suurlemoen, hoender met amandels en joghurt, spesery-brode, suur wortelpiekels, mango-piekels...

Dan gaan swem die kinders in die yskoue water terwyl die grootmense rus, en dan is dit tyd vir tee, vars gemaak, met mutthris-beskuitjies en soet tamatieblatjang. Ai, Indiese kos, salig.

Die Franse kok Simone Beck beskryf weer haar wonderlike pieknieks op lang wandelinge in die woude rondom Parys. Sy maak toebroodjies met Strasburg-wors, gegarneer met mosterdbotter, sardiens op roosterbrood met suurlemoen, cheddarkaas met gekapte neute op brood, snye biefstuk met nog mosterdbotter.

Ook sy onthou baie ou pieknieks. In 1922 was hulle ook in Engeland, waar die chauffeur-butler langs die motor vir hulle koue hoender en gelée voorgesit het, en Franse kaas en sjokoladekoek, en hulle slegs sjampanje gedrink het. Ma en pa het op spesiale lae voustoeltjies gesit, onthou Simone.

'n Wonderlike essay kom uit 'n biografie van die fabelagtig ryk en eksentriese WC Fields. Sy voorbereidings vir 'n piekniek vir vier het ingesluit 'n kis Lanson '28-sjampanje, jenewer, Boergondiese wyn en 'n paar bottels goeie Sauterne.

Die kos was (onder meer!) een honderd dollar se kaviaar, pâté de foie gras, gerookte oesters, klein garnaaltjies, krapvleis, kreef, potted hoender en kalkoen, verskeie kase, olywe en glansvrugte.

Boonop het sy eie kok vier soorte toebroodjies gemaak, en twee soorte koek. "Wat ons misgekyk het, sal ons langs die pad oplaai," was Fields se kommentaar toe hulle almal in die silwerversierde Lincoln inklim. Dis nou styl, hoor.

Een baie lekker en ongewone ding om saam te neem op 'n piekniek, vind ons, is 'n soort koue sop, maar dis gestol, en slosh dus nie rond of moet in termos-flesse gehou word nie. Die resep is baie eenvoudig:

**SOMERSOP VIR PIEKNIEK**

Meng 250g sagte, egte roomkaas (Amerikaanse Philadelphia, peperduur, is die beste), met 'n halwe blikkie Campbell's consommé.

Gooi in die Magimix, en geur met 'n knypie kruie en peper. Giet in 'n dieperige bak (miskien een van daardie vriesbakke met 'n deksel) en laat stol. Gooi dan die res van die consommé oor, en laat oornag in die yskas stol.

Skep lepelsvol uit in bakkies, en eet met digestive beskuitjies.

Die konkoksie smaak eintlik heeltemal goed voor die kaggelvuur, as julle daar moet piekniek hou.



# Let all know peace